LOVE GOD GREATLY AFRIKAANS STUDIEGIDS

# GELOOF *bo* VOLMAAKTHEID

Lesse uit Abraham en
Isak se Lewens

*GELOOF BO VOLMAAKTHEID*

Kopiereg © 2021 deur Love God Greatly Bediening

Toestemming word verleen om hierdie dokument te druk en te herproduseer vir die doel om die *Geloof bo Volmaaktheid* aanlyn Bybelstudie te voltooi. Moet asseblief nie hierdie dokument op enige manier verander nie. Alle regte voorbehou.

Gepubliseer in Dallas deur Love God Greatly.

Bibliografie:

Hamilton, Victor P. *Handbook on the Pentateuch, Second Edition*. Grand Rapids, Michigan: Baker Academic, 2005.

Ross, Allen P. *Creation and Blessing: A Guide to the Study and Exposition of the Book of Genesis*. Grand Rapids, Michigan: Baker Book House, 1998.

**BY LOVE GOD GREATLY VIND JY WARE, LEWENSEGTE VROUENS. VROUENS WAT ONVOLMAAK, MAAR TOG VERGEWE IS.**

Vrouens wat minder van hulself, en baie meer van Jesus begeer. Vrouens wat graag vir God deur Sy Woord wil leer ken, want ons weet dat die Waarheid ons verander en vry maak. Vrouens wat beter is wanneer hulle saam is, deurdrenk in God se Woord en in ‘n gemeenskap met mekaar.

Welkom vriendin. Ons is so bly dat jy hier is…

# INHOUDSOPGAWE


001 WELKOM
002 HULPBRONNE
003 LOVE GOD GREATLY
004 SOAP STUDIE
007 GETUIENIS
009 INLEIDING
010 LEESPLAN
013 JOU DOELWITTE
014 WEEK 1
040 WEEK 2
066 WEEK 3
093 WEEK 4
119 WEEK 5
144 WEEK 6
170 KEN HIERDIE WAARHEDE

# WELKOM

*Maak gebruik van die volgende hulpbronne terwyl jy die studie volg:*

- Weeklikse Blogs
- Weeklikse Memoriseerverse
- Weeklikse Uitdagings
- Facebook, Twitter, Instagram
- LoveGodGreatly.com
- LoveGodGreatly.com/afrikaans
- Hashtags: #LoveGodGreatly #LoveGodGreatlyAfrikaans

Ons is verheug dat jy by ons aangesluit het vir hierdie Bybelstudie! Eerstens, weet dat daar vir jou gebid is! Dit is geen toeval dat jy aan hierdie studie deelneem nie.

Ons gebed vir jou is eenvoudig: dat jy nader aan God sal groei soos wat jy elke dag in Sy Woord delf! Soos jy die dissipline ontwikkel om daagliks in God se Woord te wees, bid ons dat jy Hom meer sal liefkry soos jy tyd spandeer om die Bybel te lees.

Elke dag, voordat jy begin om die aangewese Bybelverse te lees, bid en vra God om jou te help om dit te verstaan. Vra Hom om met jou te praat deur Sy Woord. Luister dan. Dit is Sy werk om tot jou te spreek, en jou werk om te luister en te gehoorsaam.

Neem tyd om die verse oor en oor te lees. Ons word in Spreuke geleer om te soek en ons sal vind: “Soek vir dit soos jy silwer sou soek, spoor dit op soos ‘n verborge skat. Dan sal jy weet hoe om die Here te dien, sal jy ontdek wat dit is om God te ken.” (Spreuke 2:4)

Almal van ons hier by *Love God Greatly* kan nie wag vir jou om te begin nie, en ons hoop om jou by die wenstreep te sien. Volhard, druk deur—en moenie opgee nie! Eindig sterk met dít waarmee jy vandag begin. Ons sal elke tree van die pad hier wees om jou aan te moedig! Ons is saam in hierdie proses. Streef daarna om vroeg op te staan, om die spanning van die dag opsy te skuif, om alleen te sit en tyd in God se Woord te spandeer! Kom ons sien wat God vir jou wil leer in hierdie studie! Reis saam met ons soos ons leer om God heelhartig met ons lewens lief te hê!

# HULPBRONNE

*Sluit By Ons Aan*

### AANLYN

lovegodgreatly.com

lovegodgreatly.com/afrikaans

### WINKEL

lovegodgreatly.com/store

### FACEBOOK

facebook.com/LoveGodGreatly

facebook.com/Love-God-Greatly-Afrikaans-717623225000335

### INSTAGRAM

instagram.com/lovegodgreatlyofficial

instagram.com/liefgodgrootliks

instagram.com/lovegodgreatlyafrikaans

### TWITTER

@_LoveGodGreatly

### LAAI DIE APP AF

### KONTAK ONS

info@lovegodgreatly.com

lovegodgreatlyafrikaans@gmail.com

### SKAKEL BY ONS IN

#LoveGodGreatly

#LoveGodGreatlyAfrikaans

# LOVE GOD GREATLY

*Love God Greatly* (LGG) is 'n pragtige gemeenskap van vrouens wat 'n verskeidenheid soorte van tegnologie gebruik om mekaar verantwoordbaar te hou in God se Woord. Ons begin met 'n eenvoudige Bybel leesplan, maar dit eindig nie daar nie.

Sommige vrouens kom bymekaar in hulle plaaslike huise en kerke, terwyl ander aanlyn met vrouens van reg oor die wêreld inskakel. Watter metode ons ookal gebruik, ons neem liefdevol mekaar se hande en verenig vir hierdie doel: om God heelhartig met ons lewens lief te hê.

*Sal jy dit oorweeg om uit te reik en hierdie studie saam met iemand anders te doen?*

In vandag se vinnig-veranderende, tegnologie-gedrewe wêreld, is dit maklik om God se Woord te bestudeer in 'n geïsoleerde omgewing wat nie aanmoedig en ondersteuning bied nie, maar dit is nie die doel hier by *Love God Greatly* nie. God het ons geskape om in gemeenskap met Hom en die mense rondom ons te leef.

Ons het mekaar nodig, en ons leef die lewe beter saam. Sal jy dit oorweeg om uit te reik en hierdie studie saam met iemand anders te doen?

Wees verseker dat ons saam met jou hierdie studie gaan doen—ons gaan saam met jou leer, jou aanmoedig, soete samesyn geniet en van oor tot oor glimlag soos ons sien hoe God vrouens saamsnoer—doelgerig harte en gedagtes saambind tot Sy eer.

So hier is die uitdaging: betrek jou moeder, jou suster, jou ouma, die vrou oorkant die straat, of die universiteitsvriendin aan die ander kant van die land. Betrek 'n groep vrouens van jou kerk of jou werk, of ontmoet in 'n koffiewinkel met vriende wat jy nog altyd beter wou leer ken.

Arm om arm en hand in hand. Kom ons doen dit…saam.

# DIE SOAP BYBELSTUDIE METODE

## HOE EN HOEKOM

*Die mees belangrike bestanddele van die SOAP metode is jou interaksie met God se Woord en jou toepassing daarvan in jou lewe.*

By *Love God Greatly* glo ons dat die Woord van God lewendig en aktief is. Ons glo dat die woorde van die Bybel kragtig en effektief is en toepaslik is vir die lewe in alle tye en alle kulture. Ons weet ook dat die Bybel geskryf is vir spesifieke gehore in spesifieke kulture op spesifieke tye. Ons glo dat, om die Bybel korrek te kan interpreteer, ons 'n begrip moet hê van die konteks van die oorspronklike geskrifte.

Ons gebruik die SOAP Bybelstudie metode om die Bybel te bestudeer. Hierdie Engelse akroniem staan vir die woorde Scripture, Observation, Application, en Prayer (Skrifgedeelte, Observasie, Interpretasie en Gebed). Dit is een ding om net die Bybel te lees. Wanneer jy interaksie het met die Woord, doelbewus jou tyd neem om werklik daaroor te bepeins, dan begin waarhede vir jou uitstaan. Die SOAP metode maak dit vir jou moontlik om dieper te delf in die Bybel en meer te sien as wanneer jy net die verse lees. Dit help ons om nie net te hoor wat die Woord sê nie, maar om te doen wat die Woord sê (Jakobus 1:22).

In hierdie joernaal sal jy daagliks verse hê om te lees en 'n paar verse om te SOAP. Ons lees 'n gedeelte van die Bybel en pas dan die SOAP metode toe op 'n paar verse. Ons glo dat hierdie metode ons help om 'n beter begrip van die Bybel te kry, wat ons dan toelaat om dit effektief in ons lewens toe te pas.

Die mees belangrike bestanddele van die SOAP metode is jou interaksie met God se Woord en jou toepassing daarvan in jou lewe. Jy sal nooit tyd mors in God se Woord nie. Dit is kragtig en effektief. Neem jou tyd om dit nougeset te bestudeer, en om die waarheid van God se karakter en sy hart vir die wêreld te ontdek.

Ons moedig jou aan om die SOAP metode toe te pas wanneer jy die daaglikse verse lees. Neem asseblief die tyd om te SOAP deur ons Bybelstudies en sien vir jouself hoeveel meer jy uit jou daaglikse stiltetyd kry.

Jy sal verbaas wees.

# SOAP STUDIE *(VOORTGESIT)*

### MAANDAG

LEES
*1 Timoteus 1:1-7*

SOAP
*1 Timoteus 1:5-7*

*Scripture*

SKRYF DIE BYBELVERSE VIR VANDAG NEER.

Hierdie geloof en liefde is gegrond op die hoop wat vir Julle in die hemel bewaar word en waarvan Julle reeds gehoor het toe die waarheid, die evangelie, aan Julle verkondig is. Die evangelie het Julle bereik, en net soos dit in die hele wêreld vrug voortbring en verder versprei, gebeur dit ook by Julle van die dag af dat Julle van God se genade gehoor het en dit leer ken het soos dit werklik is. Julle is daarin onderrig deur Epafras, ons geliefde medewerker en 'n getroue dienaar van Christus in Julle belang. Dit is ook hy wat ons vertel het van die liefde wat deur die Gees in Julle gewek is.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2 OPMERKINGS UIT DIE VERSE NEER.

Wanneer Jy geloof en liefde kombineer, kry Jy hoop.
Ons moet onthou dat ons hoop in die hemel is......dit wag op ons. Die evangelie is die Woord van Waarheid. Die evangelie dra vrugte en groei van die eerste dag tot die laaste. Dit neem net een persoon om 'n hele gemeenskap te verander...Epafras.

**S** STAAN VIR **SCRIPTURE (SKRIFGEDEELTE)**

*Skryf die verse ten minste een keer neer.*

*Neem jou tyd, skryf die verse uit die Bybel neer en fokus op wat jy skryf.*

*Dit is altyd goed om dit meer as een keer neer te skryf.*

**O** STAAN VIR **OBSERVATION (OBSERVASIE)**

*Neem jou tyd om die Skrifgedeelte nougeset waar te neem.*


*Wat sien jy in die verse wat jy lees? Wie is die gehoor vir wie dit geskryf is? Met wie praat die skrywer? Watter kulturele faktore speel 'n rol? Word enige woorde of temas herhaal? Watter literêre middels (bv. beeldsprake, vergelykings) word gebruik?*

**A** STAAN VIR **APPLICATION (TOEPASSING)**

*Nadat jy nougeset waargeneem het wat in die Skrifgedeelte gebeur, bepaal wat die hoofboodskap of waarheid van hierdie gedeelte is.*

*Hoe kan jy hierdie waarheid in jou lewe toepas?*

*Wat moet jy vandag doen, in die lig van hierdie waarheid?*



Applications

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

God het een man, Epafras, gebruik om 'n hele dorp te verander! Ek was daaraan herinner dat ons net geroep is om ander van Christus te vertel....... God sal die evangelie laat versprei..... om dit te laat groei en vrugte te dra. Ek voel dat vandag se verse direk spreek to EGG..."en net soos dit in die hele wereld vrug voortbring en verder versprei, gebeur dit ook by Julle van die dag af dat Julle van God se genade gehoor het en dit leer ken het soos wat dit werklik is."

Pray

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

Liewe Here, help my asseblief om 'n "Epafras" te wees - om ander mense van U te vertel, en die resultate dan in U liefdevolle hande te los. Help my asseblief om dit wat ek gelees het, te verstaan en toe te pas in my persoonlike lewe, sodat ek elke dag meer en meer soos U kan word. Help my om 'n lewe te lei wat vrugte dra van geloof en liefde. Anker my hoop in die hemel, nie hier op die aarde nie. Help my om te onthou dat die BESTE nog voorlê!

**P** STAAN VIR **PRAYER (GEBED)**

*Bid God se Woord terug na Hom.*

*As Hy iets in hierdie tyd aan jou geopenbaar het, bid daaroor.*

*Bely enige sonde wat God geopenbaar het.*

*Bid oor die waarheid wat jy uit hierdie Skrifgedeelte geleer het.*



# GETUIENIS

## BOITUMELO, LGG SETSWANA TAK

*Hoe kan jy vir hierdie tak bid?*

Bid dat herlewing deur die bevolking van Botswana sal trek.

Bid vir iemand wat ons kan help met sosiale media.

Bid dat ons kan voortgaan om 'n LGG-gemeenskap in Botswana te bou.

Egskeiding het my verander. Ek was 'n jong vrou, aan die brand vir God en oorgehaal om reuse vir die koninkryk te verslaan. Toe verander my lewe en ek het die skaamte daarvan soos 'n kledingstuk gedra. Ek is 'n kind van Afrika. Ons word geleer om sterk en veerkragtig te wees. Jy verdra alles en as dinge nie uitwerk nie, is daar altyd iets wat jy kan doen.

Ek het die stil kyke van mislukking en veroordeling aangevoel. Ek het God, my familie, 'n wolk van getuies en myself gefaal. Ek het beslis nie meer 'n plek in die koninkryk gehad nie. Hoe kon ek weer 'n vaste voet vind na so 'n lewensveranderende ervaring? Ek kon nie verdra om weer op te kyk nie, daarom het ek my in skaamte teruggetrek.

Toe lees ek Abraham en Sara se verhaal. God het hulle 'n seun belowe. In plaas daarvan om God, die Een wat hulle die belofte gegee het, te vertrou, het hulle hul eie plan gemaak. Ten spyte van hulle mislukking het God steeds gekies om sy belofte aan Abraham na te kom. Sy sonde en mislukking het hom nie gedefinieer nie. Inteendeel, as gevolg van sy geloof het God hom as regverdig gereken.

As ek myself nie die eerste keer gered het nie, hoe kon ek ooit dink dat ek myself deur hierdie reis sou kon help? Ek is weer na die kruis teruggelei en herinner dat hulle 'n Man gehang het wat my identiteit herdefinieer het. Ek het my skaamte na die kruis gebring en dit daar gelos. Stadigaan het ek teruggekruip na die voete van die Een wat my in die eerste plek nooit uit sy teenwoordigheid verban het nie.

'n Paar jaar later is dit steeds 'n groot voorreg om God lief te hê en deur Hom liefgehê te word. Ek probeer om daardie liefde na baie ander te versprei en ek hoop dat my klein bydrae tot die LGG-familie sal voortgaan om sy liefde ver en wyd te versprei. Ek probeer elke dag om te wees wie God my geroep het om te wees: Boitumelo, 'n Suid-Afrikaanse vrou wat leef om God en mense lief te hê.

*Boitumelo*

***Kontak om met hierdie tak te skakel:***

- lggsetswana@gmail.com

Ken jy iemand wat ons Love God Greatly Bybelstudies in Setswana kan benut? Indien wel, vertel hulle gerus van al die wonderlike Bybelstudiebronne wat ons verskaf om hulle met God se Woord te help toerus!

# GELOOF BO VOLMAAKTHEID

*Kom ons begin*

# INLEIDING

## GELOOF BO VOLMAAKTHEID

Na die beskrywing van die skeppingsgebeure en die begin van die mensdom op aarde, gaan die Boek Genesis oor na ‘n verhaal oor ‘n man met die naam Abram. Hierdie man, wie se naam later verander is na Abraham, is deur God gekies om die aartsvader te word van ‘n gesin deur wie God die hele wêreld sou seën. God het Abraham gekies om die voorvader te wees van die Messias, Jesus Christus, wat God na die wêreld sou stuur om die wêreld van sonde en die dood te red.

Abraham is vanweë sy geloof as regverdig voor God gereken. God het aan Abraham ‘n groot belofte gegee, en Abraham het geglo dat God sou doen wat Hy gesê het. God het belowe om aan Abraham ‘n groot nageslag te gee. Hy het belowe om aan Abraham en sy nageslag hulle eie land te gee en Hy het belowe om Abraham tot ‘n seën te maak vir al die families van die aarde. Na Abraham se dood het sy seun Isak die erfgenaam van die belofte geword. God het dieselfde verbond met Isak gesluit en sy belofte deur die volgende geslag voortgesit.

Die meeste geleerdes stem saam dat Genesis deur Moses geskryf is gedurende die tyd wat die Israeliete in die woestyn Sin rondgedwaal het rondom 1440 v.C. Hoofstukke 12 tot 28 van Genesis beskryf die oorsprong van die Israelitiese volk, hulle voorvaders, Abraham, Isak en Jakob. Die verslag van hulle lewens is deur Moses neergeskryf aan die geslag Israeliete wat voorberei het om in die land te woon wat God belowe het om aan hulle te gee. Toe hulle voorberei het om die Beloofde Land Kanaän binne te gaan, het die woorde van Genesis hulle herinner aan wie hulle God was en hoe dit lyk om in geloof met Hom te wandel.

Te midde van voorbeelde van Abraham en sy gesin se geloof en ongeloof, het God sy verbond en belofte aan hom voortdurend bevestig. Abraham was nie volmaak nie. Hy het baie oomblikke gehad waar sy optrede nie ooreengestem het met sy geloof in God se belofte nie. Nogtans het God Abraham as regverdig beskou, lank voordat God iets anders as geloof van hom geëis het. Ons kan leer om God met alles lief te hê deur sy beloftehoudende karakter te bestudeer. Ons sal sien wat dit beteken om in geloof te wandel, selfs wanneer ons misluk. En ons sal die medelye en goedhartigheid van God sien, omdat Hy barmhartigheid, geregtigheid en trou aan sy verbondsvolk bied.

# SOAP LEESPLAN

## WEEK 1

Maandag
Lees: Genesis 11:27–12:9
SOAP: Genesis 12:1–3

Dinsdag
Lees: Genesis 12:10–20; Filippense 4:19
SOAP: Filippense 4:19

Woensdag
Lees: Genesis 13
SOAP: Genesis 13:15–16

Donderdag
Lees: Genesis 14; Hebreërs 7
SOAP: Hebreërs 7:25

Vrydag
Lees: Genesis 15; Romeine 4:1–5, 20–25
SOAP: Genesis 15:6

## WEEK 2

Maandag
Lees: Genesis 16:1–6; Spreuke 3:5, 16:9
SOAP: Spreuke 3:5

Dinsdag
Lees: Genesis 16:7–15
SOAP: Genesis 16:13

Woensdag
Lees: Genesis 17; Romeine 4:9–12; Galasiërs 6:12–16
SOAP: Galasiërs 6:14–15

Donderdag
Lees: Genesis 18:1–15
SOAP: Genesis 18:14

Vrydag
Lees: Genesis 18:16–33; Psalm 1
SOAP: Psalm 1:5–6

## WEEK 3

Maandag
Lees: Genesis 19:1–14; Rigters 19:11–30; Romeine 1:16–32
SOAP: Romeine 1:16–17

Dinsdag
Lees: Genesis 19:15–38; Lukas 17:22–35
SOAP: Lukas 17:32–33

Woensdag
Lees: Genesis 20; Spreuke 14:1
SOAP: Spreuke 14:1

Donderdag
Lees: Genesis 21:1–7; Job 8:20–21
SOAP: Genesis 21:1

Vrydag
Lees: Genesis 21:8–21; Galasiërs 3:23–29, 4:21–31
SOAP: Galasiërs 3:23–24

## WEEK 4

Maandag
Lees: Genesis 21:22–34; Romeine 12:9–21
SOAP: Romeine 12:18

Dinsdag
Lees: Genesis 22:1–19; Hebreërs 11:17–19
SOAP: Genesis 22:14

Woensdag
Lees: Genesis 22:20–24; Hebreërs 11:8–12
SOAP: Hebreërs 11:8–10

Donderdag
Lees: Genesis 23; Hebreërs 11:13–16
SOAP: Hebreërs 11:13

Vrydag
Lees: Genesis 24:1–60
SOAP: Genesis 24:7–8

## WEEK 5

Maandag
Lees: Genesis 24:61–67; Hebreërs 11:1, 6
SOAP: Hebreërs 11:1, 6

Dinsdag
Lees: Genesis 25:1–11; Hebreërs 6:13–20
SOAP: Hebreërs 6:17–18

Woensdag
Lees: Genesis 25:12–18; Josua 21:45
SOAP: Josua 21:45

Donderdag
Lees: Genesis 25:19–26; Psalm 113
SOAP: Genesis 25:21

Vrydag
Lees: Genesis 25:27–34; 1 Johannes 2:15–17
SOAP: 1 Johannes 2:15–17

## WEEK 6

Maandag
Lees: Genesis 26:1–11
SOAP: Genesis 26:3–4

Dinsdag
Lees: Genesis 26:12–33
SOAP: Genesis 26:24

Woensdag
Lees: Genesis 26:34–27:29; Romeine 9:6–18
SOAP: Romeine 9:14–15

Donderdag
Lees: Genesis 27:30–46; Hebreërs 11:20
SOAP: Hebreërs 11:20

Vrydag
Lees: Genesis 28:1–9
SOAP: Genesis 28:3–4

# JOU DOELWITTE

Ons glo dat dit belangrik is om doelwitte neer te skryf vir hierdie studie. Neem nou tyd en skryf drie doelwitte neer waarop jy wil fokus soos jy elke dag opstaan en in God se Woord delf. Maak seker dat jy terugverwys na hierdie doelwitte tydens die volgende paar weke, om jou te help om gefokus te bly. Jy kan dit doen!

1.

2.

3.

Handtekening:

Datum:

# WEEK 1

*Abram het toe in die Here geglo,
en die Here het dit goedgevind
dat Abram so volgens die wil
van die Here gehandel het.*

**GENESIS 15:6**

# GEBED

## SKRYF JOU GEBEDSVERSOEKE EN LOFPRYSINGS VIR ELKE DAG NEER.

Gebedsfokus vir hierdie week:
Spandeer tyd om vir jou familie te bid.

MAANDAG

DINSDAG

WOENSDAG

DONDERDAG

VRYDAG

# UITDAGING

Skryf soveel beloftes van God as wat jy kan, neer. Let op die konteks van die belofte. Maak 'n lys van die beloftes van God, aan wie dit gemaak is en of God die beloftes nagekom het of nie.

# MAANDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 1*

## *Genesis 11:27-12:9*

Hier volg die familiegeskiedenis van Tera. Tera het die vader geword van Abram,
Nahor en Haran, en Haran het die vader geword van Lot. 28 Haran het in Ur van
die Galdeërs, sy geboorteland, gesterf toe sy vader Tera nog geleef het. 29 Abram
het getrou en Nahor ook: Abram se vrou se naam was Sarai en dié van Nahor se
vrou was Milka, 'n dogter van Haran wat nie net die vader van Milka was nie,
maar ook van Jiska. 30 Sarai was onvrugbaar; sy het nie kinders gehad nie.

31 Tera het sy seun Abram geneem en ook sy kleinseun Lot seun van Haran, en sy
skoondogter Sarai die vrou van sy seun Abram, en saam met hulle uit Ur van die
Galdeërs weggetrek om na Kanaän toe te gaan. Maar hulle het net tot by Haran
getrek en in dié stad gaan woon. 32 Tera was twee honderd en vyf jaar oud toe hy
in Haran gesterf het.

1 Die Here het vir Abram gesê: "Trek uit jou land uit, weg van jou mense en jou
familie af na die land toe wat Ek vir jou sal aanwys. 2 Ek sal jou 'n groot nasie
maak, Ek sal jou seën en jou 'n man van groot betekenis maak, en jy moet tot 'n
seën wees. 3 Ek sal seën wie jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek. In jou sal
al die volke van die aarde geseën wees."

4 Abram het toe weggetrek, gehoorsaam aan die woord van die Here, en Lot het
saam met hom getrek. Abram was vyf en sewentig toe hy uit Haran weggetrek
het. 5 Hy het sy vrou Sarai en sy broerskind Lot en al die besittings wat hulle
bymekaargemaak het en al die slawe wat hulle in Haran aangeskaf het, saamgevat
en hulle het weggetrek na Kanaän toe.

Nadat hulle in Kanaän aangekom het, 6 het Abram deur die land getrek tot by
Sigem se aanbiddingsplek by die groot waarsêersboom. In daardie tyd het die
Kanaäniete die land bewoon. 7 Toe het die Here aan Abram verskyn en vir hom
gesê: "Aan jou nageslag gee Ek hierdie land." Abram het daar 'n altaar gebou vir
die Here wat aan hom verskyn het.

8 Van daar af het Abram verder getrek na die bergwêreld toe, oos van Bet-El, waar
hy tent opgeslaan het met Bet-El aan die westekant en Ai aan die oostekant. Daar
het hy 'n altaar vir die Here gebou en die Naam van die Here aangeroep. 9 Toe het
Abram kamp opgebreek en al gaande na die Suidland toe versit.

# MAANDAG

LEES:
*Genesis 11:27–12:9*

SOAP:
*Genesis 12:1–3*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# MAANDAG

*Dagstukkies vir Week 1*

**SOAP**

*Genesis 12:1–3*

*Die Here het vir Abram gesê: "Trek uit jou land uit, weg van jou mense en jou familie af na die land toe wat Ek vir jou sal aanwys. Ek sal jou 'n groot nasie maak, Ek sal jou seën en jou 'n man van groot betekenis maak, en jy moet tot 'n seën wees. Ek sal seën wie jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek. In jou sal al die volke van die aarde geseën wees."*

**OORDENKING**

Die Boek Genesis bied ons 'n verslag van die skepping van die aarde en God se verlossingsplan. Die eerste elf hoofstukke van Genesis beskryf die skepping, die val van die mensdom in sonde en die begin van die beskawing. Toe sonde die wêreld binnegedring het (Genesis 3), het dit baie gevolge meegebring: skeiding van God, verbanning uit die tuin, verskillende vloeke, verbrokkelde verhoudings en die dood.

In dieselfde asem wat God vir die man en vrou die gevolge van sonde in die tuin verklaar, beloof Hy om vir hulle verlossing te bied. God beloof om die wêreld van sonde te verlos deur 'n Verlosser te stuur, een wat die vyand en die vloek van die sonde eens en vir altyd sou vernietig. Die boek Genesis begin daardie verhaal van ons verlossing.

Verlossing het gekom deur een man, Jesus Christus. Hy is die beloofde Messias, die Een wat God gesê het die wêreld van sonde sou verlos. God het 'n gesin gebruik om sy Seun, Jesus, die wêreld in te bring om verlossing te bied. Daardie gesin het begin met 'n man met die naam Abram. 'n Man wat God geroep het om sy huis, sy familie en ander gode te verlaat om die Een ware God te volg. Abram was nie 'n belangrike man nie. Hy het niks gedoen wat waardig is om deur God gekies te word nie. Tog het God Abram gekies om die een te wees deur wie Hy sy uitverkore Verlosser sou bewerkstellig.

In ons studie oor die lewe van die aartsvaders, sal ons die voorsiening van God en die belofte van God aan Abram, sy gesin en sy nageslag sien, asook God se beskerming van Abram, sy gesin en sy nageslag. Ons sal Abram se sterk geloof en vertroue in God sien, asook die maniere waarop hy langs die weg probeer het om sy eie planne te maak. Ten spyte van Abram se mislukkings, het God hom gekies om al die gesinne van die aarde te seën. Hoewel Abram nie die besonderhede geken het oor wat God sou doen of hoe Hy dit sou doen nie, het hy deurentyd in geloof vorentoe beweeg.

**GEBED**

Here God, dankie dat U my verlossing bied deur Jesus Christus, die beloofde afstammeling van Abram. U alleen kan my lewe neem en my tot seën vir ander maak. Help my om te sien hoe U my vandag en gedurende my studie oor Abram vra om in geloof uit te tree. Amen.

# DINSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 1*

## *Genesis 12:10-20*

Daar was hongersnood in die land, 'n baie swaar hongersnood, en Abram het
na Egipte toe getrek om daar 'n heenkome te vind. 11 Toe hy op die punt staan
om Egipte binne te gaan, sê hy vir sy vrou Sarai: "Ek weet jy is 'n mooi vrou.
12 Wanneer die Egiptenaars jou sien, sal hulle sê: 'Dis sy vrou,' en hulle sal my
doodmaak, maar vir jou sal hulle laat bly lewe. 13 Sê tog maar jy is my suster dat
dit met my goed kan gaan oor jou, en my lewe deur jou toedoen gespaar word."

14 Toe Abram in Egipte aankom, het die Egiptenaars gesien hoe mooi sy vrou is.
15 En toe die farao se amptenare haar sien, het hulle haar by hom aanbeveel, en sy
is na die farao se paleis toe gevat. 16 Hulle het aan Abram goed gedoen oor haar
en vir hom kleinvee en beeste gegee; ook donkies, slawe en slavinne, donkiemerries
en kamele.

17 Maar die Here het die farao en sy huis met swaar plae getref oor Sarai die
vrou van Abram. 18 Toe roep die farao vir Abram en vra hom: "Wat het jy my
aangedoen? Waarom het jy my nie gesê sy is jou vrou nie? 19 Waarom het jy gesê
sy is jou suster, sodat ek haar as my vrou gevat het? Hier is jou vrou dan. Vat haar
en maak dat jy wegkom!" 20 Toe het die farao aan sy amptenare bevele oor Abram
uitgereik, en hulle het hom en sy vrou met al sy besittings uit die land uit gestuur.

## *Filippense 4:19*

En my God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien volgens sy wonderbaarlike rykdom in Christus Jesus.

# DINSDAG

LEES:
*Genesis 12:10–20; Filippense 4:19*

SOAP:
*Filippense 4:19*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DINSDAG

*Dagstukkies vir Week 1*

**SOAP**

*Filippense 4:19*

*En my God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien volgens sy wonderbaarlike rykdom in Christus Jesus.*

**OORDENKING**

God het Abram ‘n belofte gegee. God het beloof om Abram tot ‘n groot nasie te maak, om sy naam groot te maak, om hom te seën en deur hom al die geslagte van die aarde te seën. God het Abram ‘n opdrag gegee wat verband hou met die belofte: Abram moes na die land gaan wat God hom sou wys. God het Abram na die land Kanaän gelei en hom die land gewys wat Hy eendag aan sy nageslag sou gee. Abram het God geglo en gehoorsaam.

Maar toe kom daar hongersnood. Die land wat God belowe het om aan Abram en sy nageslag te gee het opgehou om voedsel te produseer. Abram het sy vrou, Sarai, geneem en na Egipte gegaan, omdat die hongersnood so erg was. Abram het die land wat God hom gegee het verlaat en na ‘n vreemde land, wat vir hom voorsiening kon bied, gegaan. In plaas daarvan om op God te vertrou om te voorsien, vertrou Abram op sy eie instinkte en reis na ‘n plek waar daar voedsel is.

Abram se vrou was pragtig. Abram was bang dat Farao Sarai as sy eie vrou sou neem en hom sou doodmaak. In plaas daarvan om op God te vertrou, bedink Abram ‘n plan wat Sarai in gevaar stel. Abram het baie geskenke van Farao ontvang, maar hy het die belofte van ‘n erfgenaam deur Sarai in gevaar gestel.

Baie vroeg in die verhaal van Abram se lewe leer ons dat Abram nie die held van sy eie verhaal is nie - God is. God is die een wat Abram gekies het om die verlossing van die wêreld tot stand te bring. God het die land gekies waarin Abram en sy nageslag sou woon. En selfs in Abram se ongeloof en foute is God die een wat sy belofte beskerm het. God alleen is die held wat die belofte wat Hy aan Abram en Sarai gemaak het, beskerm. Toe hulle pogings om hulleself te red en te beskerm misluk het, het God ingegryp om sy uitverkore volk te beskerm.

Ongeag die hongersnood of die gevaar waarin ons verkeer, ons God is altyd die Een wat red. Hy is die held van elke verhaal, ook ons eie. Hy voorsien, beskerm en herstel. Ons kan Hom vertrou in onsekerheid en in mislukking. Hy alleen sal alles voorsien wat ons nodig het.

**GEBED**

Vader, U alleen is die held. Vergewe my asseblief vir my ongeloof, vir die kere wat ek probeer om sake in my eie hande te neem. Gee my geduld terwyl ek op U vertrou. Gee my geloof om U te vertrou, selfs al lyk dit of dinge uitmekaar val. Ek weet U sal vir my sorg en my beskerm. Amen.

# WOENSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 1*

*Genesis 13*

Abram het uit Egipte na die Suidland toe getrek, hy en sy vrou met al sy
besittings, en Lot saam met hom. 2 Abram was baie ryk aan vee en silwer en goud.

3 Hy het van plek tot plek uit die Suidland getrek na Bet-El toe, na die plek waar
sy tente aan die begin gestaan het, tussen Bet-El en Ai, 4 die plek waar hy vroeër
'n altaar gebou het. Daar het Abram die Naam van die Here aangeroep.

5 Lot, wat saam met Abram getrek het, het self ook baie kleinvee en beeste en
tente vir sy mense gehad. 6 Die land kon nie in Abram en Lot saam se behoeftes
voorsien sodat hulle bymekaar kon bly nie. Hulle besittings was te veel; hulle kon
nie bymekaar bly nie. 7 Die Kanaäniete en die Feresiete het ook nog in die gebied
gewoon. Daar het toe 'n getwis ontstaan tussen Abram se veewagters en Lot s'n.

8 Toe sê Abram vir Lot: "Daar behoort nie 'n getwis te wees tussen my en jou en
tussen my veewagters en joune nie, want ons is familie. 9 Die hele land lê oop
voor jou. Gaan jy liewer weg van my af. As jy links gaan, gaan ek regs; en as jy regs
gaan, gaan ek links."

10 Lot het toe rondgekyk en gesien die hele Jordaanstreek tot by Soar het so volop
water soos 'n tuin van die Here, soos Egipte. Dit was naamlik nog voordat die
Here Sodom en Gomorra verwoes het. 11 Lot het die hele Jordaanstreek vir hom
gekies en hy het ooswaarts versit.

So het die twee van mekaar geskei: 12 Abram het in Kanaän bly woon, en Lot het
in die stede van die Jordaanstreek gewoon; tot by Sodom het hy gaan tent opslaan.
13 Die inwoners van Sodom was sleg: hulle het baie gesondig teen die Here.

14 Nadat Lot van Abram af weg is, het die Here vir Abram gesê: "Kyk tog rond,
kyk van hier af waar jy is, na die noorde en die suide, na die ooste en die weste. 15
Die hele land wat jy sien, gee Ek vir altyd aan jou en jou nageslag. 16 Ek sal jou
nageslag so baie maak soos die stof van die aarde. As iemand die stof van die aarde
kan tel, sal jou nageslag ook getel kan word. 17 Trek nou deur die land, deur sy
lengte en sy breedte, want Ek gee dit vir jou."

18 Abram het sy tente versit en gaan woon by die groot bome van Mamre by
Hebron. Daar het hy 'n altaar vir die Here gebou.

# WOENSDAG

LEES:
*Genesis 13*

SOAP:
*Genesis 13:15–16*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# WOENSDAG

*Dagstukkies vir Week 1*

**SOAP**

*Genesis 13:15–16*

*Die hele land wat jy sien, gee Ek vir altyd aan jou en jou nageslag. Ek sal jou nageslag so baie maak soos die stof van die aarde. As iemand die stof van die aarde kan tel, sal jou nageslag ook getel kan word.*

**OORDENKING**

Na Abram se reis na Egipte, keer hy met baie besittings terug na die land Kanaän, die land wat God belowe het om aan hom te gee. Abram het skape, beeste, donkies, kamele en diensknegte bekom terwyl hy in Egipte was, en sy kuddes en beeste het baie vermeerder. In werklikheid so baie dat die gebied besig was om te klein te word om die kuddes en kleinvee van beide Abram en dié van sy broerskind Lot te voed. Genesis 13 bied die eerste vermelding van Abram se neef wat saam met hom gereis het. Alhoewel God belowe het om aan Abram hierdie land te gee, het die Kanaäniete en Feresiete nog in die land gewoon. Daar was eenvoudig nog nie genoeg ruimte om Abram en Lot se huishoudings te onderhou nie.

In plaas daarvan om te eis dat Lot nuwe grond vir homself en sy kuddes en beeste moet vind, het Abram toegelaat dat Lot die land kies wat hy wil hê. Abram het in die geloof gewandel en geglo dat al het dit gelyk of daar nie genoeg grond was om hom te onderhou nie, God 'n belofte gemaak het. Abram vertrou God se belofte eerder as om sy vertroue te stel in wat hy kan sien. Hoewel dit gelyk het of die belofte weer in die gedrang kom, dat die oorvloedige land wat God belowe het om aan hom te gee nie oorvloedig genoeg was nie, het Abram hierdie keer in geloof opgetree.

Die belofte was nooit in gedrang nie. Abram het vertrou dat God die land aan hom sou gee. Hy het in geloof gewandel, terwyl Lot daarenteen vertrou het op dit wat hy kon sien, hy het die land gekies wat meer vrugbaar en welvarend voorgekom het.

Hoewel Abram nie volmaak was nie, bied sy lewe steeds voorbeelde van sterk geloof. God het aan Abram 'n ongelooflike belofte gegee - land, afstammelinge en universele seën - en hoewel hy miskien oomblikke van twyfel ervaar het, het Abram steeds sterk geloof getoon. Die verhaal van Abram se lewe is gevul met oomblikke van sterk geloof en oomblikke waar hy poog om God se belofte deur sy eie optrede te vervul. Abram het God se belofte vertrou. Hy het geglo dat God die land aan hom sou gee, en hy het in geloof vorentoe gestap en geglo dat God was wie Hy gesê het Hy is en sou doen wat Hy gesê het Hy sou doen.

**GEBED**

Here, U is die Beloftehouer. U het belowe om die land aan Abram te gee, en U het u belofte gestand gedoen. U hou ook u beloftes aan my. Help my om in sterk geloof vorentoe te stap, goedgunstig op te tree en te glo dat U altyd presies sal voorsien wat ek nodig het. Amen.

# DONDERDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 1*

## *Genesis 14*

Dit was in dié tyd dat koning Amrafel van Sinar, koning van Arjok van Ellasar, koning
Kedorlaomer van Elam en koning Tidal van Gojim 2 oorlog gemaak het teen koning
Bera van Sodom, koning Birsa van Gomorra, koning Sinab van Adma, koning Semeber
van Sebojim, en teen die koning van Bela, dit is Soar, 3 en as bondgenote opgetrek
het na die Siddimvlakte toe, dit is vandag die Soutsee. 4 Twaalf jaar was die gebied
onderhorig aan Kedorlaomer, maar in die dertiende jaar het dit gerebelleer. 5 In die
veertiende jaar het Kedorlaomer en die konings wat saam met hom was, gekom en
die Refaïete verslaan in Asterot-Kernajim, die Sussiete in Ham, die Emiete in die
Kirjatajimvlakte 6 en die Goriete in die Seïrberge tot by El-Paran in die woestyn. 7
Kedorlaomer-hulle het toe omgedraai en by En-Mispat gekom, dit is Kades, en daar het
hulle die hele gebied van die Amalekiete verower en ook nog die gebied van die Amoriete
wat toe in Gaseson-Tamar gewoon het.

8 Die konings van Sodom, Gomorra, Adma, Sebojim en Bela, dit is Soar, het toe
opgetrek en in die Siddimvlakte teenoor die ander konings stelling ingeneem om te veg,
9 teenoor koning Kedorlaomer van Elam, koning Tidal van Gojim, koning Amrafel van
Sinar, koning Arjok van Ellasar, vyf konings teen vier. 10 In die Siddimvlakte was daar
oral asfaltgate, en toe die konings van Sodom en Gomorra gevlug het, het hulle daarin
geval. Wie van hulle oorgebly het, het na die berge toe gevlug. 11 Die vier konings het
al die besittings van Sodom en Gomorra en ook al hulle kos buitgemaak en vertrek. 12
Hulle het ook vir Lot, Abram se broerskind, en al sy besittings gevat en vertrek. Hy het
daardie tyd in Sodom gewoon.

13 Daar het egter iemand ontsnap en dié het alles gaan vertel vir Abram die Hebreër
wat gewoon het by die groot bome van die Amoriet Mamre, 'n broer van Eskol en
Aner. Hulle drie het 'n verdrag met Abram gesluit. 14 Toe Abram hoor dat sy familielid
weggevoer is, het hy sy volgelinge, drie honderd en agtien slawe wat by hom gebore is,
hulle wapens laat vat en die konings agtervolg tot by Dan. 15 Die nag het Abram en sy
manne hulle van verskillende kante af aangeval en verslaan. Hy het hulle agtervolg tot by
Goba, noord van Damaskus. 16 Abram het al die besittings teruggekry. Hy het ook vir
Lot, sy familielid, met al sy besittings teruggekry, ook die vrouens en al die ander mense.

17 Toe Abram terugkom van sy oorwinning oor Kedorlaomer en die konings by hom,
het die koning van Sodom vir Abram tegemoet gegaan in die Sawevlakte, dit is die
Koningsvlakte. 18 Melgisedek, koning van Salem en priester van God die Allerhoogste,
het vir Abram kos en wyn gebring 19 en hom geseën: "Mag Abram geseën word deur
God die Allerhoogste, Skepper van hemel en aarde. 20 Geloof sy God die Allerhoogste!
Hy het jou vyand in jou mag oorgegee."

Toe het Abram vir Melgisedek 'n tiende van alles gegee.

21 Die koning van Sodom het vir Abram gesê: "Gee my net die mense en vat die
besittings vir jou." 22 Maar Abram het hom geantwoord: "Ek het my hand opgelig en 'n
eed afgelê voor die Here, voor God die Allerhoogste, Skepper van hemel en aarde, 23 dat
ek niks van jou sal vat nie, nie eers 'n garingdraad of 'n skoenveter nie, sodat jy nie kan
sê: 'Ek het vir Abram ryk gemaak' nie. 24 Afgesien van wat my manskappe geëet het, kan
jy my buite rekening laat. Maar die manne wat saam met my gegaan het, Aner, Eskol en
Mamre, hulle moet hulle deel kry."

## *Hebreërs 7*

Melgisedek was koning van Salem en priester van God die Allerhoogste. Dit is
Melgisedek wat vir Abraham tegemoet gegaan en hom geseëen het toe Abraham
op pad terug was nadat hy die konings verslaan het, 2 en dit is ook aan hom dat
Abraham 'n tiende van al die oorlogsbuit gegee het. In die eerste plek, sy naam
Melgisedek beteken: koning van geregtigheid; en hy was ook koning van Salem, en
dit beteken: koning van vrede. 3 Niks is bekend omtrent sy vader en moeder of sy
afstamming of die begin en die einde van sy lewe nie. Hy is soos die Seun van God en
hy bly priester vir altyd. 4 Let nou op hoe groot hierdie man was aan wie Abraham,
die stamvader, 'n tiende van die beste oorlogsbuit gegee het. 5 Die priesters wat van
Levi afstam, het volgens die bepaling van die wet die reg om 'n tiende in te vorder
van die volk, dit wil sê van hulle broers, wat net soos hulle ook afstammelinge van
Abraham is. 6 Maar Melgisedek, wat nie van Levitiese afstamming was nie, het van
Abraham 'n tiende geneem en hom, aan wie God sy beloftes gegee het, geseën. 7
Dit is onbetwisbaar dat dit altyd die mindere is wat deur die meerdere geseën word.
8 In die geval van die Levitiese priesters is dit sterflike mense wat tiendes invorder,
maar in die geval van Melgisedek iemand van wie getuig word dat hy lewe. 9 'n Mens
kan sê dat ook Levi, wat tiendes invorder, deur Abraham aan Melgisedek die tiende
gegee het, 10 want Levi was nog in die liggaam van die stamvader toe Melgisedek vir
Abraham tegemoet gegaan het.

11 Dit was in samehang met die Levitiese priesterskap dat die volk die wet van
Moses ontvang het. As hierdie priesterskap volmaaktheid kon bewerk, waarom was
dit dan nog nodig dat 'n ander priester volgens die priesterorde van Melgisedek
aangestel moes word, van wie daar nie gesê word dat hy 'n priester volgens die orde
van Aäron sou wees nie? 12 As daar 'n ander priesterskap kom, volg noodwendig
ook 'n verandering van die wet. 13 Hy van wie hierdie dinge gesê word, behoort
juis tot 'n ander stam, waaruit niemand ooit by die altaar diens gedoen het nie. 14
Dit is algemeen bekend dat ons Here van Juda afstam, en in verband met daardie
stam het Moses niks oor die priesterskap gesê nie. 15 Die saak word nog duideliker
as ons daaraan dink dat die ander priester wat te voorskyn tree, ooreenkom met
Melgisedek, 16 deurdat Hy priester word nie deur die bepaling van die wet oor
menslike afstamming nie, maar deur die krag van onvernietigbare lewe. 17 Van Hom
word getuig: "Jy is priester vir ewig volgens die priesterorde van Melgisedek." 18 Aan
die een kant word die vroeëre bepaling dus afgeskaf vanweë die kragteloosheid en
nutteloosheid daarvan: 19 die wet het nie volmaaktheid bewerk nie. Aan die ander
kant het 'n beter hoop ingetree, waardeur ons tot God nader. 20 Dit het nie sonder
die bevestiging met 'n eed plaasgevind nie. Die Leviete het wel priesters geword
sonder die bevestiging met 'n eed, 21 maar Jesus met 'n eed deur God, wat vir Hom
gesê het: "Die Here het dit met 'n eed bevestig en Hy sal dit nie herroep nie: 'Jy is
priester vir ewig.' " 22 So het Jesus ook van 'n beter verbond borg geword. 23 Daar is
ook 'n ander verskil: omdat die dood die Levitiese priesters verhinder het om aan te
bly, was daar baie wat mekaar opgevolg het. 24 Omdat Jesus vir ewig bly, beklee Hy
'n priesterskap wat nie op 'n ander oorgedra word nie. 25 Daarom kan Hy ook dié
wat deur Hom na God gaan, eens en vir altyd verlos: Hy lewe vir altyd om vir hulle
by God in te tree. 26 Vir ons was so 'n hoëpriester nodig, een wat heilig, skuldeloos
en sonder smet is, verwyder uit die midde van die sondaars en verhoog bo die hemele,
27 een wat nie, soos die hoëpriesters, elke dag offers hoef te bring, eers vir sy eie
sondes en dan vir dié van die volk nie. Hy het immers eens en vir altyd 'n offer vir
die sondes gebring toe Hy Homself geoffer het. 28 Die wet stel mense as hoëpriesters
aan, en mense het swakhede; maar die uitspraak wat met 'n eed bevestig is en wat ná
die wet gekom het, stel die Seun aan as ewige en volmaakte Hoëpriester.

# DONDERDAG

LEES:
*Genesis 14; Hebreërs 7*

SOAP:
*Hebreërs 7:25*

*Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DONDERDAG

*Dagstukkies vir Week 1*

**SOAP**

*Hebreërs 7:25*

*Daarom kan Hy ook dié wat deur Hom na God gaan, eens en vir altyd verlos: Hy lewe vir altyd om vir hulle by God in te tree.*

**OORDENKING**

Soos die verhaal van Abram voor ons oë afspeel, sien ons hoe God met hom is. Abram se geloof in die belofte het steeds gegroei en die skrywer van Genesis wys ons as lesers voortdurend hoe God getrou was om sy belofte na te kom.

Lot het gekies om naby die stad Sodom te woon, en ons sien reeds die gevaar en die rampe wat oor hom gaan kom as gevolg van sy keuse. Toe Lot en sy gesin deur die vier konings gevange geneem is, is Abram se hulp ingeroep. God het belowe om Abram 'n groot nasie te maak, en namate sy besittings en mag toegeneem het, was dit duidelik dat dit God was wat hom die oorwinning gegee het.

Abram het die stryd aangesê en sy vyande uit die land gedwing. Hy het alles wat verlore geraak het, teruggevind en die gevangenes gered. Abram se optrede het die krag getoon van die God wat met hom was, 'n God wat sy vyande vernietig en gevangenes vrymaak.

Die eerste vermelding van priesters in die Skrif is in Genesis 14, met die verslag van Melgisedek, die koning van Salem. Toe Abram Melgisedek ontmoet, herken hy hom dadelik as priester van die Allerhoogste God. Abram het 'n tiende van alles wat hy gehad het, aan Melgisedek gegee en dit aan God teruggegee. Abram toon sy volgehoue geloof in God se belofte om hom te seën toe hy weier om iets van die koning van Sodom te aanvaar. Anders as die manier waarop hy geskenke en besittings van Farao in Egipte geneem het, het Abram die geskenke van die koning van Sodom geweier en vertrou op God om vir hom te voorsien en hom te seën.

Jesus is, net soos Melgisedek, die Hoëpriester wat deur God aangestel is, nie deur sy afstamming nie. Hy is in staat om namens ons voor God te staan en ons van ons sonde te reinig, omdat Hy geen sonde gehad het nie. Hy is ons Hoëpriester en tree altyd vir ons in by God. Hy alleen kan ons volkome red. Ons kan ons geloof volkome in Hom stel, vol vertroue dat wat Hy ook al belowe, Hy sal vervul. Hy alleen kan volkome red, intree, ons vyande vernietig en die gevangenes vrymaak.

**GEBED**

Here Jesus, U is die Hoëpriester vir ewig. U maak my vry, U tree vir my in voor God en U red my van die vyand. Help my volhard om sterk geloof in u te hê en te glo dat wat U belowe, U sal doen. Amen.

# VRYDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 1*

## *Genesis 15*

Hierna het die woord van die Here in 'n gesig tot Abram gekom: "Moenie bang wees nie, Abram, Ek beskerm jou! Jou beloning sal baie groot wees."

2 Toe sê Abram: "Here my God, wat kan U vir my gee? Ek sal kinderloos sterf, en Eliëser die man uit Damaskus sal my besittings kry." 3 Abram het verder gesê: "U het nie vir my 'n nageslag gegee nie. 'n Slaaf uit my huis sal my erfgenaam wees."

4 Maar die woord van die Here het tot Abram gekom: "Daardie een sal nie jou erfgenaam wees nie. Een wat jou eie nasaat is, hy sal jou erfgenaam wees." 5 Toe het die Here vir Abram buitentoe laat gaan en vir hom gesê: "Kyk op na die hemel en tel die sterre as jy kan." Verder sê die Here vir hom: "So baie sal jou nageslag wees."

6 Abram het toe in die Here geglo, en die Here het dit goedgevind dat Abram so volgens die wil van die Here gehandel het.

7 Hy het vir Abram gesê: "Ek is die Here wat jou uit Ur van die Galdeërs laat wegtrek het om hierdie land aan jou te gee as jou besitting." 8 Maar Abram vra: "Hoe sal ek weet dat ek dit sal besit, Here my God?"

9 Toe beveel die Here hom: "Bring vir My 'n vers, 'n bok en 'n skaapram, almal drie jaar oud, en 'n tortelduif en 'n jong duif." 10 Abram het dit alles vir die Here gebring en dit middeldeur gesny. Hy het elke helfte teenoor die ander helfte neergesit. Die voëls het hy nie verdeel nie. 11 Die roofvoëls het op die karkasse begin toesak, maar Abram het hulle weggejaag.

12 Teen sononder het 'n diep slaap Abram oorval; angs, 'n groot donkerte het hom oorweldig. 13 Toe sê die Here vir Abram: "Weet beslis dat jou nageslag vreemdelinge sal wees in 'n land wat nie aan hulle behoort nie. Daar sal hulle slawe wees en onderdruk word, vier honderd jaar lank. 14 Maar Ek sal die nasie straf wat van jou nageslag slawe maak, en dan sal hulle met baie besittings wegtrek. 15 Jy sal in vrede sterf en op 'n hoë ouderdom begrawe word. 16 Die vierde geslag ná jou sal hiernatoe terugkom. Dan eers sal die ongeregtigheid van die Amoriete sy volle maat bereik het."

17 Toe die son ondergegaan het en dit donker was, gaan daar skielik 'n oond wat rook en 'n fakkel wat brand, tussen die stukke vleis deur. 18 Op daardie dag het die Here 'n verbond gesluit met Abram en vir hom gesê: "Aan jou nageslag gee Ek hierdie land, van Egiptespruit af tot by die Eufraat, die groot rivier; 19 die land van die Keniete, die Kenissiete en die Kadmoniete, 20 die Hetiete, die Feresiete en die Refaïete, 21 die Amoriete, die Kanaäniete, die Girgasiete en die Jebusiete.

## *Romeine 4:1-5*

Wat moet ons nou sê was die geval met ons stamvader Abraham? 2 As Abraham op grond van sy dade vrygespreek is, dan het hy 'n rede gehad om te roem. Maar nie by God nie! 3 Wat sê die Skrif? "Abraham het in God geglo, en God het hom vrygespreek." 4 'n Arbeider se loon word nie vir hom as 'n guns gegee nie, maar as iets wat hom toekom. 5 Maar die mens wat nie op wetsonderhouding staatmaak nie, maar wat glo in Hom wat die goddelose vryspreek, hy kry die vryspraak deur sy geloof.

## *Romeine 4:20-25*

20 Hy het nie in ongeloof begin twyfel aan die belofte van God nie, maar hy is in sy geloof versterk en het aan God die eer gegee. 21 Hy was ook ten volle daarvan oortuig dat God mag het om te doen wat Hy beloof het. 22 Deurdat Abraham geglo het, het God hom dus vrygespreek.

23 Dat hy vrygespreek is deurdat hy geglo het, is nie net ter wille van hom opgeteken nie, 24 maar ook ter wille van ons wat vrygespreek sal word, óns wat in God glo wat vir Jesus, ons Here, uit die dood opgewek het. 25 Hy is vanweë ons oortredings oorgelewer en Hy is opgewek sodat ons vrygespreek kan word.

# VRYDAG

LEES:
*Genesis 15; Romeine 4:1–5, 20–25*

SOAP:
*Genesis 15:6*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# VRYDAG

*Dagstukkies vir Week 1*

**SOAP**

*Genesis 15:6*

*Abram het toe in die Here geglo, en die Here het dit goedgevind dat Abram so volgens die wil van die Here gehandel het.*

**OORDENKING**

Hoewel Abram se optrede nie altyd onwrikbare geloof getoon het nie, is dit duidelik dat hy geglo het dat God sy belofte sou nakom. Abram het God gevra hoe Hy sy groot beloftes sou vervul, beloftes wat weens Abram se ouderdom onmoontlik gelyk het. God het Abram gerusgestel in sy twyfel en hom herinner aan wie Hy is. Abram het God geglo, en God het Abram se geloof tot geregtigheid gereken.

Die geregtigheid wat Abram deur sy geloof ontvang het, het beteken dat hy voor God geregverdig was. Dit het nie beteken dat Abram nie gesondig of foute gemaak het nie, maar dat God Abram regverdig gemaak het, iets wat net God kan doen. God het aan Abram toegeskryf dat hy regverdig voor Hom staan, en Hy het nie meer Abram se sondes teen hom gereken het nie. Abram is geregverdig vanweë die geregtigheid wat God hom toegeskryf het.

Paulus het Abram se geregtigheid deur geloof breedvoerig beskryf in Romeine 4. Abram se werke het hom nie geregtigheid gegee nie, maar net sy geloof. Soos Abram, word ons alleen deur geloof gered. Ons werke red ons nie, ons geloof in Christus red ons.

Die Bybel noem die sondes, gebreke en ongeloof van elke persoon behalwe een: Jesus Christus. Hy alleen het 'n sondelose lewe gelei, en Hy alleen is die een aan wie geregtigheid toegeskryf kan word op grond van sy werke. Ons word die geregtigheid van Christus toegeken, toegeskryf aan sy geregtigheid wanneer ons ons geloof in Hom stel.

In die geval van Abram was hy oortuig dat God in staat was om te doen wat Hy beloof het: om hom 'n erfgenaam te gee, hom die land te gee en hom te seën. Om ons geloof in Christus te plaas, beteken dat ons glo dat God sal doen wat Hy gesê het Hy sal doen. Dit beteken dat ons daarvan oortuig is dat Jesus se volmaakte lewe en offer aan die kruis genoeg is vir ons om as regverdig voor God gereken te word. Ons word die geregtigheid van Christus gegee wanneer ons ons geloof in Hom stel.

God vra geloof van ons van ons op dieselfde manier as wat Hy van Abram geloof gevra het. Hy wil nie ons volmaaktheid of groot werke vir Hom hê nie. Dit is ons geloof wat ons regverdig maak.

**GEBED**

Here God, ek plaas my geloof in U. Ek glo dat geloof in Jesus Christus die enigste manier is om voor U as regverdig gereken te word. Ek glo in Jesus en glo dat U my met sy geregtigheid sal toereken. Amen.

# OORDENKINGSVRAE

1. Hoe moes al die volke van die aarde deur Abram geseën word? Is hierdie belofte vervul?

2. Het Abram geglo dat God aan al sy behoeftes sou voorsien? Vind jy dit moeilik om te glo dat God aan al jou behoeftes sal voorsien? Waarom of waarom nie?

3. Op watter maniere het jy in jou eie krag probeer om God se beloftes te vervul? Op watter maniere het jy in geloof opgetree en geglo dat God aan jou behoeftes sal voorsien?

4. Is daar enige beloftes van God wat vir jou besonder moeilik is om te glo? Watter beloftes is dit? Waarom sukkel jy om te glo dat God hierdie beloftes sal nakom?

5. Het jy jou geloof in Christus geplaas? Glo jy dat God aan jou geregtigheid toevertrou het? Waarom of waarom nie?

# NOTAS

# NOTAS

# WEEK 2

*Hagar het toe die Naam van die Here wat daar met haar gepraat het, aangeroep en gesê: "U is 'n God wat my sien, hier het ek Hom gesien wat my gesien het."*

**GENESIS 16:13**

# GEBED

## SKRYF JOU GEBEDSVERSOEKE EN LOFPRYSINGS VIR ELKE DAG NEER.

Gebedsfokus vir hierdie week:
Spandeer tyd om vir jou land te bid.

MAANDAG

DINSDAG

WOENSDAG

DONDERDAG

VRYDAG

# UITDAGING

Skryf hierdie week aspekte neer van God se karakter wat in ons Skrifgedeeltes geopenbaar word. Is daar nuwe of onbekende karaktereienskappe van God wat jy beter wil verstaan? Vra God om jou begrip van sy karakter te vergroot. Doen hierdie week ekstra studie oor 'n aspek van God se karakter wat vir jou nuut of onbekend is.

# MAANDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 2*

## *Genesis 16:1-6*

Sarai het nog nie vir haar man Abram 'n kind in die wêreld gebring gehad nie. Sy
het 'n Egiptiese slavin met die naam Hagar gehad. 2 Toe sê Sarai vir Abram: "Die
Here het my nou eenmaal daarvan weerhou om kinders te kan hê. Gaan slaap by
my slavin. Miskien bring sy 'n kind in die wêreld wat my eie kan word. En Abram
het saamgestem met sy vrou.

3 Abram was al tien jaar in Kanaän toe Sarai, die vrou van Abram, self vir Hagar,
haar Egiptiese slavin, gevat en vir haar man Abram as vrou gegee het. 4 Hy het by
Hagar gaan slaap, en sy het swanger geword. Toe sy agterkom sy is swanger, het sy
haar eienares geminag. 5 Toe sê Sarai vir Abram: "Jy dra die skuld vir hierdie onreg
wat ek moet verduur. Ek het my slavin vir jou gegee om met haar gemeenskap te
hê, en noudat sy agterkom sy is swanger, minag sy my. Mag die Here hierdie saak
tussen my en jou uitwys."

6 Maar Abram sê vir Sarai: "Jou slavin staan onder jou. Doen met haar soos jy
goeddink." Sarai het haar slavin toe sleg behandel, en sy het weggeloop.

## *Spreuke 3:5*

Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staat maak nie.

## *Spreuke 16:9*

'n Mens beplan sy pad, maar die Here bepaal hoe hy loop.

# MAANDAG

LEES:
*Genesis 16:1–6; Spreuke 3:5, 16:9*

SOAP:
*Spreuke 3:5*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# MAANDAG

*Dagstukkies vir Week 2*

**SOAP**

*Spreuke 3:5*

*Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staatmaak nie.*

**OORDENKING**

In Genesis 12 het God ‘n belofte aan Abram gemaak. God het belowe om aan Abram baie afstammelinge te gee, ’n land van sy eie, en om hom tot seën vir alle nasies te maak. Soos ons in Genesis 16 lees, het jare verbygegaan, en Abram het nog geen van God se beloftes vervuld gesien nie. God het egter voortgegaan om sy belofte aan Abram te bevestig en ’n verbond met Abram gesluit en die belofte verstewig – maar Abram het nog steeds gewag.

Die eerste keer dat die belofte in gevaar was, was toe daar hongersnood in die land was. Die land was onvrugbaar, nie in staat om voedsel te produseer nie, nie in staat om Abram en sy kamp te onderhou nie, wat nog te sê van die afstammelinge wat te veel sou wees om te tel. Abram het na Egipte gegaan en met baie besittings teruggekeer, insluitende slavinne. Hagar was heel waarskynlik een van hierdie slavinne.

Soos die land tydens daardie hongersnood onvrugbaar was, was Sarai ook onvrugbaar. Sy kon nie kinders kry nie. Hoe kon God enigsins sy belofte vervul om aan Abram baie afstammelinge te gee as sy vrou nie net onvrugbaar was nie, maar ook nie meer in haar vrugbare jare was nie? Weer eens twyfel Abram. Weer eens het die onvrugbaarheid groter gelyk as wat God kon verlos. En weer eens wend Abram hom na Egipte om te skuil.

Deur te kies om ’n kind by Hagar te hê, neem Abram die saak in sy eie hande. Hy het geweet wat God belowe het, maar hy het nie geglo dat God sy belofte sou kon vervul sonder sy ingryping nie. Abram het baie wonderlike dinge ontvang toe hy Egipte verlaat het, maar een van die dinge het hom tot verdere ongeloof gelei. Die seën van ’n seun deur Hagar was inderdaad ook ’n wonderlike ding, maar dit was nie wat God belowe het nie. Alhoewel dit moontlik kan wees om onsself te red van desperate situasies (soos hongersnood of kinderloosheid), is wonderlike dinge soms nie God se beste vir ons nie.

Soos ons die res van Abram se verhaal sien afspeel, sal ons sien hoe sy gebrek aan geloof in hierdie situasies spanning en twis in sy gesin veroorsaak het. Maar ons sal ook sien hoe die God van belofte nie toelaat dat iets in die pad van sy wil staan nie, nie eens ons oënskynlik heldhaftige pogings om onsself te red nie.

**GEBED**

Vader God, U alleen is die Beloftehouer. Ek berou oor my voortdurende pogings om U wil te bewerkstellig. Help my ongeloof! Help my om op U te vertrou en nie op my eie begrip te steun nie. U alleen weet wat die beste vir my is. Ek kies om U vandag te vertrou. Amen.

# DINSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 2*

## *Genesis 16:7-15*

Die Engel van die Here het vir Hagar ontmoet by ‘n fontein in die woestyn, die
fontein langs die pad na Sur toe, 8 en vir haar gevra: “Hagar, slavin van Sarai, waar
kom jy vandaan en waar gaan jy heen?” Toe antwoord sy: “Ek loop van my eienares
Sarai af weg,”

9 en die Engel van die Here sê vir haar: “Gaan terug na jou eienares toe en
onderwerp jou aan haar gesag.” 10 Verder het die Engel van die Here vir haar
gesê: “Ek sal jou nageslag so baie maak dat hulle te veel sal wees om te tel.” 11
En toe sê die Engel van die Here ook nog vir haar: “Kyk, jy is swanger; jy sal ‘n
seun in die wêreld bring. Jy moet hom Ismael noem, want die Here het van jou
swaarkry gehoor. 12 Jou seun sal ‘n man wees so ontembaar soos ‘n wildedonkie:
hy sal teen almal wees, en almal sal teen hom wees. Hy sal in vyandskap leef met sy
bloedverwante.”

13 Hagar het toe die Naam van die Here wat daar met haar gepraat het, aangeroep
en gesê: “U is ‘n God wat my sien, hier het ek Hom gesien wat my gesien het.” 14
Daarom word die fontein genoem Lagai-Roï-fontein. Die fontein is tussen Kades
en Bered.

15 Hagar het vir Abram ‘n seun in die wêreld gebring, en Abram het sy seun wat
Hagar in die wêreld gebring het, Ismael genoem. 16 Abram was ses en tagtig toe
Hagar vir Ismael vir hom in die wêreld gebring het.

# DINSDAG

LEES:
*Genesis 16:7–15*

SOAP:
*Genesis 16:13*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DINSDAG

*Dagstukkies vir Week 2*

**SOAP**

*Genesis 16:13*

*Hagar het toe die Naam van die Here wat daar met haar gepraat het, aangeroep en gesê: "U is 'n God wat my sien, hier het ek Hom gesien wat my gesien het."*

**OORDENKING**

Toe Abram en Sarai geen ander weg kon insien vir God se beloftes om vervul te word nie, het hulle vir Hagar gebruik as 'n wyse vir Abram om 'n seun te hê. Toe Hagar swanger geraak het, het Hagar vir Sarai verag en Sarai het haar sleg behandel.

Hagar het 'n groot behoefte aan hulp en hoop gehad. Sy het weggehardloop en God het haar in die wildernis ontmoet. Toe Hagar van weggevlug het van die slegte behandeling, het God haar gesien. Hagar het geglo dat God was Wie Hy gesê het Hy is en dat Hy sou doen wat Hy gesê het Hy sou doen. Hagar se geloof in haar oomblik van desperaatheid was die soort geloof wat God van sy mense wil hê.

Hagar het haar geloof gewys op die manier hoe sy met God gepraat het. Sy het God El Roi genoem. Dit beteken: "U is die God wat my sien." Sy het geglo dat God haar sien en dat Hy sou aanhou om haar te sien in enige omstandheid, maak nie saak wat nie. Hagar is die eerste persoon in die Skrif om vir God 'n naam te gee. Haar naam vir God het haar hoop en vertroue in God se karakter en voorsiening aan haar, iemand van 'n ander land, gekommunikeer. God se sorg en voorsiening aan Hagar in die woestyn wys sy sorg en liefde vir die vreemdelinge, 'n tema wat ons weer sal sien opkom in Genesis.

God het aan Abram 'n groot belofte gegee, en die belofte sou deur Sarai kom. Sy sou die moeder van die beloofde erfgenaam wees. Hier, toe God vir Hagar in die woestyn ontmoet het, het God ook vir Hagar 'n belofte gegee as nog 'n draer van die saad van Abram. God het belowe om Hagar se nageslag te vermenigvuldig en om vir haar te sorg te midde van moeilike omstandighede.

Hagar is 'n onwaarskynlike voorbeeld van geloof, veral in dieselfde verhaal as Abram en Sarai. Terwyl Sarai dinge in haar eie krag gedoen het, het Hagar na God toe uitgeroep. Ons word daaraan herinner dat God ons nood en ons beproewing raaksien en Hy antwoord ons uitroep. Terwyl Sarai en Abram in hierdie geval nie goeie voorbeelde was van om na God uit te roep in nood nie, gee Hagar, 'n vreemdeling, vir ons 'n voorbeeld van hoe om ons behoeftes voor God neer te lê met 'n verwagtende hart.

**GEBED**

U is die God wat my sien. Ek glo dat U vir my sal sorg in my nood. Here, ek lê vandag my sorge voor U neer. Ek roep uit na U, soos Hagar in die wildernis en vra dat U in my behoeftes sal voorsien soos net U kan. Ek vertrou U met my omstandighede. Amen.

# WOENSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 2*

## *Genesis 17*

Toe Abram nege en negentig jaar oud was, het die Here aan hom verskyn en vir
hom gesê: "Ek is God die Almagtige. Lewe naby My en wees opreg! 2 Ek sal my
verbond met jou sluit en baie, baie mense uit jou laat voortkom."

3 Abram het op sy knieë geval, en toe sê God vir hom: 4 "Dit is my verbond met
jou: jy sal die vader wees van 'n menigte nasies; 5 jy sal nie meer Abram genoem
word nie, jou naam sal Abraham wees, want Ek maak jou die vader van baie nasies.
6 Ek sal jou baie vrugbaar maak, Ek sal jou tot nasies maak, en konings sal uit jou
voortkom. 7 "Ek bring 'n verbond tot stand tussen My en jou en jou nageslag en
al hulle geslagte. Dit is 'n blywende verbond: Ek sal jou God wees en ook die God
van jou nageslag. 8 Ek gee aan jou en jou nageslag die land waar jy as vreemdeling
woon, die hele Kanaän, as 'n blywende besitting, en Ek sal hulle God wees."

9 Verder het God vir Abraham gesê: "Jy moet my verbond nakom, jy en jou
nageslag en al hulle nageslagte. 10 Dit is my verbond wat moet geld vir jou en jou
nageslag: elke lid van die manlike geslag onder julle moet besny word. 11 Julle
moet besny word aan die voorhuid. Dit is die verbondsteken tussen My en julle:
12 elke seun onder julle van ag dae oud moet besny word. Dit geld vir elke lid van
die manlike geslag onder julle: al julle nageslagte en ook elke slaaf wat as kind in
jou besit gebore word, en die slawe wat van 'n vreemde met geld gekoop word, wat
nie jou afstammeling is nie. 13 'n Slaaf wat as kind in jou besit gebore word, en
een wat vir geld gekoop word, moet beslis besny word. So sal my verbondsteken
aan julle liggame wees as 'n blywende verbond. 14 Elke lid van die manlike geslag
wat nie besny is nie, moet van sy volksgenote afgesny word. Hy het my verbond
verbreek."

15 God het ook nog vir Abraham gesê: "Jy moet jou vrou nie meer Sarai noem nie.
Haar naam is nou Sara. 16 Ek sal haar seën en vir jou 'n seun uit haar gee. Ja, Ek
sal haar seën, en nasies en konings van volke sal uit haar voortkom."

17 Toe het Abraham op sy knieë geval en hy het gelag en gedink: kan daar vir
'n man van honderd 'n kind gebore word, of kan Sara wat negentig is, 'n kind
in die wêreld bring? 18 En Abraham het vir God gesê: "As Ismael maar net in u
teenwoordigheid kan bly lewe!"

19 Maar God het vir Abraham gesê: "Nee, jou vrou Sara sal vir jou 'n seun in
die wêreld bring. Jy moet hom Isak noem. Ek sal my verbond met hom hou as 'n
blywende verbond, en ook met sy nageslag. 20 Ek het gehoor wat jy oor Ismael
gesê het. Kyk, Ek seën hom ook. Ek maak hom vrugbaar, en Ek sal sy nakomelinge
baie maak. Uit hom sal daar twaalf heersers stam, en Ek sal hom 'n groot nasie laat
word. 21 Maar dit is met Isak, die seun wat Sara vir jou oor 'n jaar in die wêreld
sal bring, dat Ek my verbond sal nakom." 22 Nadat God klaar met Abraham
gepraat het, het Hy van Abraham af weggegaan.

23 Op daardie selfde dag het Abraham sy seun Ismael gevat en al die slawe wat in
sy besit gebore is, en ook dié wat hy met geld gekoop het, elke lid van die manlike
geslag in sy huis, en hy het hulle besny, soos God vir hom gesê het. 24 Abraham
was nege en negentig toe hy besny is, 25 en sy seun Ismael dertien. 26 Abraham
en Ismael is op presies dieselfde dag besny. 27 Al die mans in Abraham se huis,

die slawe wat in sy besit gebore is, en dié wat hy van vreemdes gekoop het, is saam met hom besny.

## *Romeine 4:9-12*

Het hierdie uitspraak oor wie geseënd is, net betrekking op die besnedenes of ook op die onbesnedenes? Ons sê weer: "Deurdat Abraham geglo het, het God hom vrygespreek." 10 Wanneer het dit gebeur? Toe hy reeds besny was of toe hy nog onbesnede was? Dit was nie toe hy besnede was nie, maar toe hy nog onbesnede was. 11 Hy het die besnydenis as 'n teken ontvang. Dit is 'n seël wat bewys dat God hom vrygespreek het deurdat hy geglo het toe hy nog onbesnede was. Die doel daarmee was dat hy die vader sou wees van almal wat glo al is hulle nie besny nie. Hulle word dus ook deur God vrygespreek deurdat hulle glo. 12 Ons voorvader Abraham sou ook die vader wees van dié besnedenes wat nie net besny is nie, maar ook glo, soos hy geglo het toe hy nog onbesnede was.

## *Galasiërs 6:12-16*

Daardie mense wat so daarop aandring dat julle julle ook moet laat besny, wil maar net uiterlik 'n goeie indruk maak, sodat hulle nie vervolg sou word ter wille van die kruis van Christus nie. 13 Al het hulle hulle laat besny, onderhou hulle self nie die wet van Moses nie, maar hulle wil net hê dat julle julle moet laat besny sodat hulle kan roem oor wat met julle liggaam gebeur het. 14 Maar wat my betref, mag God verhoed dat ek ooit oor iets anders roem as oor die kruis van ons Here Jesus Christus, want deur die kruis is die wêreld vir my dood en ek vir die wêreld. 15 Of 'n mens besny is of nie, is nie van belang nie, maar dat jy 'n nuwe mens is. 16 En almal wat volgens hierdie beginsel leef, die ware Israel – mag God aan hulle vrede gee en barmhartigheid bewys.

# WOENSDAG

LEES:
*Genesis 17; Romeine 4:9–12; Galasiërs 6:12–16*

SOAP:
*Galasiërs 6:14–15*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# W O E N S D A G

*Dagstukkies vir Week 2*

**S O A P**

*Galasiërs 6:14–15*

*Maar wat my betref, mag God verhoed dat ek ooit oor iets anders roem as oor die kruis van ons Here Jesus Christus, want deur die kruis is die wêreld vir my dood en ek vir die wêreld. Of 'n mens besny is of nie, is nie van belang nie, maar dat jy 'n nuwe mens is.*

**O O R D E N K I N G**

Die aard van 'n verbond is dat albei partye sekere standaarde moet handhaaf of bepaalde verpligtinge moet nakom. Dit word dalk nie meer vandag altyd verbonde genoem nie, maar ons gaan pal kontraktuele verpligtinge aan. 'n Huweliksverbond beteken dat man en vrou mekaar wedersyds sal liefhê, eer en aan mekaar getrou sal bly. 'n Kontrak tussen 'n verhuurder en huurder beteken dat die huurders nie die eiendom sal beskadig nie, en indien hulle sou, sal daar skadevergoeding geëis word.

Verbonde met God is anders. Wanneer God 'n verbond sluit, openbaar dit meer van sy karakter en sy vermoë om sy beloftes na te kom as van diegene met wie Hy die verbond sluit.

Die Abrahamitiese verbond is gesluit toe God 'n belofte aan Abram gemaak het. Meer as 'n dekade later het God Abram se naam na Abraham verander en aan hom 'n vereiste vir die verbond gestel. Die verandering van Abram se naam het gedui op 'n verandering in sy omstandighede: God sou binne 'n jaar deur Sarai vir hom 'n seun gee. Hulle nuwe name, Abraham en Sara, was herinneringe aan God se hernieude eed en belofte. Die nuwe vereiste van die verbond – besnydenis – het Abraham nie gered nie; sy geloof het. Die besnydenis was die teken wat God aan Abraham, sy huishouding, en almal wat hom sou leer ken, gegee het dat hy deur God afgesonder is. Besnydenis het aangedui dat Abraham en sy familie gewillige deelgenote van God se verbond was.

Net so min as wat die besnydenis Abraham gered of hom as regverdig gereken het, red ons dade ons vandag. Abraham is as regverdig gereken voordat hy enigiets gedoen het om sy regverdigheid te verdien. Abraham kon nie roem op sy dade nie omdat God gekies het om hom deur genade alleen te red. Net geloof kan ons red, niks anders nie. Daar is niks wat ons kan doen om ons verlossing te verdien nie. God het deur sy Seun 'n verbond met ons gesluit wat slegs op sy regverdigheid berus. Ons word as gevolg van Jesus as regverdig gereken. Dit is 'n gratis geskenk van God wat ons slegs deur geloof in Jesus Christus ontvang.

**G E B E D**

Here Jesus, dankie dat U my verlos het. Herinner my wanneer wettiesheid my onderkry, dat ek op niks anders as U kan roem nie; net U kan red. Dankie dat U my voortdurend deur u genade 'n nuwe skepsel maak. Amen.

# DONDERDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 2*

## *Genesis 18:1-15*

Die Here het aan Abraham verskyn by die groot bome van Mamre. Terwyl hy op
die warmste van die dag by sy tentdeur sit, 2 kyk hy op en sien drie mans daar
naby staan. Toe hy hulle sien, het hy van sy tentdeur af na hulle toe gedraf en voor
hulle gebuig.

3 Hy het gesê: "Menere, u sal my 'n guns bewys deur nie by my verby te gaan nie.
4 Laat ek eers 'n bietjie water laat haal sodat u u voete kan was, en kom rus dan
onder die boom. 5 U is nou eenmaal op pad hier by my verby, en daarom wil ek
'n stukkie brood vir u gaan haal dat u weer nuwe krag kan kry." Hulle het vir hom
gesê: "Goed! Maak so!"

6 Abraham het toe gou na Sara toe in die tent gegaan en vir haar gesê: "Vat gou
sestien kilogram meel en knie dit en bak roosterkoeke." 7 Daarna het hy na die
beeste toe gedraf en 'n mooi jong kalf gevat en vir 'n slaaf gegee om dit gou voor te
berei. 8 Toe het Abraham botter en melk en die kalf wat voorberei is, gevat en voor
die mans neergesit, en hulle het daar onder die boom geëet terwyl hy hulle bedien.

9 Toe vra hulle hom: "Waar is jou vrou Sara?" en hy antwoord: "Hier in die tent."
10 Toe sê die een: "Ek sal beslis volgende jaar hierdie tyd na jou toe terugkom, en
dan sal jou vrou Sara 'n seun hê." Sara het by die tentopening gestaan en afluister,
en die een wat gepraat het, was aan die buitekant. 11 Abraham en Sara was albei
al baie oud, en Sara was verby die ouderdom van kinders in die wêreld bring, 12
en daarom het sy by haarself gelag en gedink: sal ek nog genot kan hê noudat ek
afgeleef is? En dit met my man wat oud is?

13 Toe vra die Here vir Abraham: "Waarom lag Sara? Waarom dink sy: sal ek
werklik 'n kind in die wêreld bring noudat ek oud is? 14 Is iets te buitengewoon
vir die Here? Op die vasgestelde tyd sal Ek terugkom. Volgende jaar hierdie tyd sal
Sara 'n seun hê." 15 Sara het geskrik en toe 'n leuen vertel. "Ek het nie gelag nie,"
het sy gesê. Maar die Here het gesê: "Nee, jy het gelag."

# DONDERDAG

LEES:
*Genesis 18:1–15*

SOAP:
*Genesis 18:14*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DONDERDAG

*Dagstukkies vir Week 2*

**SOAP**

*Genesis 18:14*

*Is iets te buitengewoon vir die Here? Op die vasgestelde tyd sal Ek terugkom. Volgende jaar hierdie tyd sal Sara 'n seun hê.*

**OORDENKING**

Alhoewel dit vreemd mag lyk dat die skrywer van Genesis so 'n gedetailleerde beskrywing verskaf van Abraham wat 'n maaltyd vir sy drie besoekers voorberei, lei hierdie gebeurtenis 'n bespreking in wat deurgaans in die geskiedenis van die verhaal van God se volk voorkom. Ons sal sien watter noue verband daar tussen gasvryheid en God se verbond bestaan, en hoe die morele gesteldheid van God se volk (en ander volke) deur hulle optrede teenoor uitlanders en vreemdelinge weerspieël word.

Toe die besoekers by Abraham se tent opdaag, het hy onmiddellik begin voorbereidings tref vir 'n maaltyd, en dit was allesbehalwe afgeskeep. Dit word geopenbaar dat die besoekers Goddelik was. Daar is onsekerheid of dit 'n drieledige manifestasie van God, of van God en twee engele was. Ongeag, God het Abraham besoek en 'n maaltyd saam met hom genuttig.

Dwarsdeur die Skrif was gemeenskaplike maaltye 'n aanduiding van gemeenskap en dikwels 'n manier om 'n verbond te bevestig. Jesus het sy laaste maaltyd saam met sy dissipels geëet en daardeur die Nuwe Verbond bevestig wat Hy met sy dood en opstanding sou inlui. Ons deel steeds vandag hierdie verbondsmaal wanneer ons aan die nagmaal deelneem. Toe Abraham hierdie maaltyd saam met God genuttig het, was dit 'n aanduiding van die hegtheid van die verhouding tussen hulle. Die verbond wat God met Abraham gesluit het, is weer eens deur hierdie gemeenskaplike maaltyd bevestig.

Hierdie gebeurtenis het plaasgevind kort nadat God in Genesis 17 die verbond met Abraham bevestig het. Albei kere het God belowe dat Sara, Abraham se onvrugbare en namenopousale vrou, 'n seun sou hê. Toe Sara lag oor die Here se bevestiging van die belofte, het God haar herinner Wie die belofte gemaak het. Net Hy is in staat om die onmoontlike te vermag.

Die Hebreeuse woord in Genesis 18:14 wat dikwels met onmoontlik vertaal word, beteken ook wonderlik, buitengewoon of ongelooflik. As God iets so wonderlik, buitengewoon of onmoontlik vir Abraham en Sara kon doen, wat sou Hy bereid wees om vir jou doen? Hy is steeds die God wat wonderwerke doen. Hy doen steeds die onmoontlike, selfs as ons lag. Niks is vir die Here te buitengewoon om in jou lewe te doen nie. Is jy bereid om Hom te glo?

**GEBED**

Here God, ek weet niks is vir U onmoontlik nie. U kan wonderlike, buitengewone en ongelooflike dinge in my lewe doen. Ek loof U vir die wyse waarop U al onmoontlike dinge vir my gedoen het. God, laat my geloof steeds toeneem namate ek U vertrou, selfs vir die onmoontlike. Want niks is onmoontlik, niks is te buitengewoon vir U nie. Amen.

# VRYDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 2*

## *Genesis 18:16-33*

Toe die mans opstaan om te vertrek, het Abraham ‘n entjie saam met hulle gestap. Die mans het afgekyk in die rigting van Sodom, 17 en toe dink die Here: sal Ek vir Abraham wegsteek wat Ek wil doen? 18 Abraham sal tog ‘n groot en sterk nasie word en in hom sal al die nasies van die aarde geseën word. 19 Ek het hom gekies dat hy sy kinders en sy nageslag kan beveel om op my pad te bly deur te doen wat goed en reg is, sodat Ek vir Abraham kan doen wat Ek hom beloof het.

20 Toe sê die Here: "Die geroep teen Sodom en Gomorra is hard. Hulle sonde is baie groot! 21 Ek wil gaan kyk sodat Ek kan weet of hulle ooreenkomstig die geroep wat tot by My gekom het, gehandel het of nie."

22 Die mans het weggedraai Sodom toe, maar die Here het by Abraham bly staan. 23 Abraham het toe nader gekom na die Here toe en gevra: "Sal U die regverdiges saam met die goddeloses vernietig? 24 Miskien is daar vyftig regverdiges in die stad. Sal U die plek werklik vernietig? Sal U dit nie spaar oor vyftig regverdiges daarin nie? 25 U sal tog nie so iets doen en die regverdiges saam met die goddeloses om die lewe bring nie! U sal tog nie die regverdiges soos die goddeloses behandel nie! Sal die regter van die hele aarde dan nie reg laat geskied nie?"

26 Toe sê die Here: "As Ek vyftig regverdiges in Sodom kry, sal Ek die hele plek spaar oor hulle."

27 Abraham het gesê: "Ek is maar net stof en as, en tog het ek gewaag om met die Here te praat. 28 Sê nou die regverdiges is vyf minder as vyftig: sal U die hele stad vir vyf verdelg?" Hierop antwoord die Here: "Ek sal dit nie verdelg as Ek vyf en veertig daar kry nie."

29 Toe praat Abraham weer met die Here: "Miskien sal daar veertig gevind word," en die Here sê: "Ook oor veertig sal Ek dit nie doen nie."

30 Abraham sê toe: "Moet tog nie kwaad word as ek nog ‘n keer praat nie, Here. Miskien sal daar dertig te kry wees," en die Here sê: "Ek sal dit nie doen as Ek dertig daar kry nie."

31 Maar Abraham sê: "Ek bly waag om met die Here te praat. Miskien word daar twintig gekry," en die Here sê: "Oor die twintig sal Ek dit nie verdelg nie."

32 Toe sê Abraham: "Moet tog nie kwaad word nie, Here! Ek wil nog net een keer praat; miskien word daar tien gekry." En die Here sê: "Ook oor tien sal Ek dit nie verdelg nie."

33 Toe die Here klaar met Abraham gepraat het, het Hy weggegaan, en Abraham het na sy plek toe teruggegaan.

## *Psalm 1*

Dit gaan goed met die mens wat nie die raad van goddeloses volg nie, nie met sondaars omgaan en met ligsinniges saamspan nie, 2 maar wat in die woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink. 3 Hy is soos ‘n boom wat by waterstrome geplant is, wat op die regte tyd vrugte dra en waarvan die blare nie verdroog nie. Hy is voorspoedig in alles wat hy aanpak. 4 So is die goddeloses nie. Hulle is soos kaf wat deur die wind uitmekaar gewaai word. 5 Daarom sal goddeloses hulle nie kan handhaaf wanneer die Here oor hulle oordeel nie en sondaars nie ‘n plek hê in die vergadering van regverdiges nie. 6 Waarlik, die Here lei die regverdiges op hulle pad, maar die pad van die goddeloses lei tot ondergang.

# VRYDAG

LEES:
*Genesis 18:16–33; Psalm 1*

SOAP:
*Psalm 1:5–6*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# VRYDAG

*Dagstukkies vir Week 2*

**SOAP**

*Psalm 1:5–6*

*Daarom sal goddeloses hulle nie kan handhaaf wanneer die Here oor hulle oordeel nie en sondaars nie 'n plek hê in die vergadering van regverdiges nie. Waarlik, die Here lei die regverdiges op hulle pad, maar die pad van die goddeloses lei tot ondergang.*

**OORDENKING**

Abraham het geweet dat God regverdig is en dat al God se optrede 'n weerspieëling van sy karakter is. God se voorneme om die goddeloses wat in Sodom gebly het, te verdelg, was geregverdig. Hulle boosheid het so erg geraak dat God geen ander keuse gehad het as om hulle van die aarde af te vee nie (lees van God se soortgelyke reaksie op goddeloosheid in Genesis 6:1–8). Sou daar egter enige regverdige mense in Sodom wees, sou God nie die reg gehad het om die hele stad te vernietig en die regverdiges saam met die goddeloses uit te wis nie.

Abraham het geweet dat God niks in stryd met sy karakter sou doen nie. Abraham het verskeie kere 'n beroep op God gedoen en vir die regverdiges in Sodom gepleit. Nie alleen het Abraham se broerskind in Sodom gebly nie, maar Abraham het ook baie mense daar geken. Abraham het immers hierdie mans, vroue en kinders van hulle vyande gered (lees Genesis 14). Natuurlik wou Abraham glo dat ten minste sommige van hierdie mense regverdig is en werd om gered te word.

Alhoewel God vasbeslote was om die stad Sodom te vernietig, het Hy na Abraham se pleidooi geluister. God het van plan verander en belowe om die stad net uit te wis as daar minder as tien regverdige mense sou wees. God was bereid om ter wille van 'n paar regverdiges die goddeloses in die stad te spaar. Sy geregtigheid blyk uit sy bereidheid om die regverdiges te spaar, al was die redding van die regverdiges slegs moontlik as die goddeloses toegelaat sou word om met hulle goddeloosheid voort te gaan.

Ofskoon ons nooit God se besluite ten volle sal verstaan nie, openbaar Abraham se voorspraak vir die mense van Sodom baie omtrent God se karakter. God was nie net met Abraham geduldig nie, maar ook met die mense van Sodom. As ons wonder of God ons geroep na geregtigheid hoor, kan dit wat ons beskou as versuim van God se kant om op te tree, soms juis sy reddende hand wees. Sy geregtigheid word nooit verkeerd aangewend nie.

**GEBED**

Vader God, ek glo dat U regverdig is. Alhoewel ek miskien nie altyd u optrede verstaan nie, glo ek dat dit altyd regverdig is. U kan nie onregverdig optree nie. Help my om te sien hoeveel U vir die regverdiges omgee, selfs as dit lyk asof U die goddeloses voorspoedig maak. Amen.

# OORDENKINGSVRAE

1. In watter areas van jou lewe is jy geneig om te steun op jou eie begrip of jou eie manier van bevryding? Glo jy dat God in staat is om te voorsien wat jy nodig het? Glo jy dat die Here ‘n goeie plan vir jou lewe op hierdie gebied het?

2. Wat het dit vir Hagar beteken om te weet dat God haar gesien het? Glo jy dat God jou ook sien? Waarom of waarom nie?

3. Vind jy dit moeilik om te glo dat jy alleen deur geloof gered is? Op watter maniere probeer jy jou redding verdien deur werke?

4. Watter onmoontlike ding hoop jy dat God vir jou sal doen? Hoe kan jy Hom vertrou, selfs as dit lyk asof Hy nie aan die werk is nie?

5. Vind jy dit uitdagend om op God se geregtigheid te vertrou? Aan watter aspekte van God se karakter kan jy vashou wanneer jy sukkel met God se behandeling van die goddelose of die regverdige?

# NOTAS

# NOTAS

# WEEK 3

*Die Here het aan Sara gedink soos Hy beloof het. Hy het sy belofte aan haar nagekom.*

**GENESIS 21:1**

# GEBED

## SKRYF JOU GEBEDSVERSOEKE EN LOFPRYSINGS VIR ELKE DAG NEER.

Gebedsfokus vir hierdie week:
Spandeer tyd om vir jou vriende te bid.

MAANDAG

DINSDAG

WOENSDAG

DONDERDAG

VRYDAG

# UITDAGING

Wat beteken dit om in geloof te lewe? Leef jy elke dag in geloof? Vra hierdie week vir God om areas in jou lewe te openbaar waar jy Hom nie ten volle vertrou nie. Hoe kan jy hierdie dinge aan Hom oorgee?

# MAANDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 3*

## *Genesis 19:1-14*

Die twee engele het Sodom teen die aand bereik terwyl Lot juis in die poort van Sodom sit. Toe Lot hulle sien, het hy hulle tegemoet gegaan en diep gebuig

2 en gesê: "Welkom, Menere! Kom tog na my huis toe en oornag daar. Julle kan ook julle voete was. Dan kan julle môre vroeg julle reis voortsit." Maar hulle sê: "Nee, ons sal sommer op die plein oornag."

3 Lot het egter so by hulle aangehou dat hulle by hom ingedraai en in sy huis ingegaan het. Hy het vir hulle 'n maaltyd klaargemaak: hy het ongesuurde brood gebak, en hulle het geëet. 4 Voor hulle die aand gaan slaap het, het die mans oral uit die stad uit, die mans van Sodom, oud en jonk, die hele klomp, die huis van Lot omsingel. 5 Hulle het vir Lot geroep en vir hom gevra: "Waar is die mans wat vanaand na jou toe gekom het? Bring hulle uit na ons toe. Ons wil geslagsgemeenskap met hulle hê."

6 Toe het Lot na die mans van Sodom toe uitgegaan. Nadat hy die deur agter hom gesluit het, 7 het hy gesê: "Nee, vriende! Moenie so 'n verkeerde ding doen nie. 8 Ek het twee dogters. Hulle het nog nie gemeenskap met 'n man gehad nie. Ek sal hulle vir julle laat uitkom, doen julle dan met hulle wat julle wil. Moet net nie iets doen aan hierdie mans nie, want hulle het onder die beskerming van my dak ingekom."

9 Toe roep die mans van Sodom: "Gee pad!" En hulle sê: "Hierdie kêrel het as vreemdeling hierheen gekom, en nou wil hy regter speel. Ons sal hom nog meer kwaad aandoen as vir sy besoekers." Hulle het vir Lot teruggedruk en nader gekom om die deur oop te breek.

10 Toe het die mans wat in sy huis was, vir Lot binnetoe getrek na hulle toe en die deur gesluit, 11 en die mans buite by die deur, oud en jonk, laat blind word sodat hulle nie die deur kon kry nie. 12 Die mans by Lot sê toe vir hom: "Wie van jou mense is nog hier? Skoonseuns of seuns of dogters of wie jy ook al in die stad het, vat hulle uit die plek uit! 13 Ons gaan hierdie plek verdelg. Daar is 'n groot geroep by die Here oor die plek en sy mense, en Hy het ons gestuur om die plek te verdelg."

14 Lot het toe vir sy aanstaande skoonseuns gaan sê: "Kom uit hierdie plek uit, want die Here gaan hierdie stad verdelg," maar hulle het gedink Lot maak 'n grap.

## *Rigters 19:11-30*

Toe hulle by Jebus kom, was die dag verby, en sy slaaf sê vir hom: "Kom ons draai hier in by hierdie stad van die Jebusiete en dan vernag ons in die stad." 12 Maar hy sê vir sy slaaf: "Ons kan nie by 'n vreemde stad indraai waarin daar nie Israeliete is nie. Kom ons druk deur tot by Gibea." 13 Hy het verder vir sy slaaf gesê: "Kom ons probeer kom by een van óns plekke, dan oornag ons in Gibea of in Rama." 14 Hulle het toe deurgedruk en toe hulle regoor Gibea in Benjamin kom, gaan die son vir hulle onder. 15 Hulle het daar ingedraai om in Gibea te gaan oornag. Hulle het by die stadsplein gekom en daar gaan sit. Niemand het hulle genooi om in sy huis te oornag nie.

16 Daardie aand het daar 'n ou man van sy werk in die veld af in die stad ingekom. Hy was afkomstig uit die Efraimsberge en het as vreemdeling in Gibea gewoon. Die mense van Gibea was Benjaminiete. 17 Die ou man het die reisiger op die stadsplein raakgesien en vir hom gesê: "Waarheen is jy op pad? Waarvandaan kom jy?" 18 Toe sê hy vir die ou man: "Ons is op pad van Betlehem in Juda af na die uithoeke van die Efraimsberge toe. Ek is van daar af, maar ek het na Betlehem in Juda gegaan, na die huis van die Here toe. Ek is op pad, maar niemand het my na sy huis toe genooi nie. 19 Ek het genoeg voer vir die donkies, en kos en wyn vir my en die vrou en die slaaf. Ons kom niks kort nie." 20 Toe sê die ou man vir hom: "Dis alles reg, maar wat jy sal gebruik, sal ek voorsien. Jy mag egter nie op die plein oornag nie." 21 Die ou man het hom toe in sy huis gevat en vir die donkies voer gegee. Die mense het hulle voete gewas, en toe het hulle geëet en gedrink.

22 Net toe hulle begin vrolik raak, omsingel 'n klomp straatboewe van die stad die huis en hulle slaan op
die deur. Hulle sê toe vir die ou man aan wie die huis behoort: "Bring uit die man wat in jou huis gekom
het. Ons wil geslagsgemeenskap met hom hê." 23 Die man aan wie die huis behoort, is na hulle toe uit en
hy sê vir hulle: "Nee, vriende, moenie hierdie man kwaad aandoen nadat hy in my huis ingekom het nie.
Julle moet hom nie so 'n lae ding aandoen nie. 24 Hier is my dogter, sy is nog 'n maagd, en die man se
byvrou. Ek sal hulle uitbring, verkrag hulle. Doen met hulle wat julle wil, maar moenie hierdie lae ding aan
die man doen nie." 25 Maar die mans wou nie na hom luister nie. Toe gryp die Leviet sy byvrou en stoot
haar buitentoe na hulle toe. Hulle het met haar geslagsgemeenskap gehad en haar die hele nag deur tot die
môre toe verrinneweer. Toe die rooidag breek, het hulle haar gelos. 26 Teen die môre se kant het sy by die
huis gekom en voor die deur van die huis waarin haar man was, neergeval en bly lê tot sonop. 27 Toe haar
man die môre opstaan en die huis se deur oopmaak om verder te reis, lê die vrou, sy byvrou, in die deur
met haar hande op die drumpel. 28 Hy sê toe vir haar: "Staan op dat ons kan vertrek," maar sy het nie
geroer nie. Hy tel haar toe op 'n donkie en maak klaar en vertrek na sy plek toe. 29 Toe hy by die huis kom,
vat hy 'n mes en die lyk van sy byvrou en sny haar op in twaalf stukke, lid vir lid, en stuur dit deur die hele
gebied van Israel. 30 Elkeen wat dit gesien het, het gesê: "So iets het nog nooit gebeur vandat die Israeliete
uit Egipte weggetrek het nie. Van toe af tot nou toe is so iets nog nie gesien nie. Ons moet dit ter harte
neem. Ons moet 'n plan maak. Ons moet praat!"

### *Romeine 1:16-32*

Ek skaam my nie oor die evangelie nie, want dit is 'n krag van God tot redding van elkeen wat glo, in die
eerste plek die Jood, maar ook die nie-Jood. 17 In die evangelie kom juis tot openbaring dat God mense
van hulle sonde vryspreek enkel en alleen omdat hulle glo. Dit is soos daar geskrywe staan: "Elkeen wat
deur God vrygespreek is omdat hy glo, sal lewe."

18 God openbaar vanuit die hemel sy toorn oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat
die waarheid deur hulle ongeregtigheid probeer onderdruk. 19 Wat 'n mens van God kan weet, was immers
binne hulle bereik, want God het dit binne hulle bereik gebring. 20 Van die skepping van die wêreld af kan
'n mens uit die werke van God duidelik aflei dat sy krag ewigdurend is en dat Hy waarlik God is, hoewel
dit dinge is wat 'n mens nie met die oog kan sien nie. Vir hierdie mense is daar dus geen verontskuldiging
nie, 21 omdat, al weet hulle van God, hulle Hom nie as God eer en dank nie. Met hulle redenasies bereik
hulle niks nie, en deur hulle gebrek aan insig bly hulle in die duister. 22 Hulle gee voor dat hulle verstandig
is, maar hulle is dwaas. 23 In die plek van die heerlikheid van die onverganklike God stel hulle beelde wat
lyk soos 'n verganklike mens of soos voëls of diere of slange.

24 Daarom gee God hulle aan die drange van hulle hart oor en aan sedelike onreinheid, sodat hulle hulle
liggame onder mekaar onteer. 25 Dit is hulle wat die waarheid van God verruil vir die leuen. Hulle dien en
vereer die skepsel in plaas van die Skepper, aan wie die lof toekom vir ewig. Amen.

26 Daarom gee God hulle oor aan skandelike drifte. Hulle vroue verander die natuurlike omgang in 'n
teen-natuurlike omgang. 27 Net so laat vaar die mans ook die natuurlike omgang met die vrou en brand
van begeerte vir mekaar. Mans pleeg skandelikhede met mans en bring oor hulleself die verdiende straf vir
hulle perversiteit.

28 En omdat hulle dit van geen belang ag om God te ken nie, gee Hy hulle oor aan hulle verdraaide
opvattings, sodat hulle doen wat onbetaamlik is. 29 Hulle is een en al ongeregtigheid, slegtheid, hebsug
en gemeenheid; hulle is vol jaloesie, moord, twis, bedrog en kwaadwilligheid. Hulle skinder en 30 praat
kwaad; hulle haat God, hulle is hooghartig, aanmatigend, verwaand; hulle is mense wat kwaad uitdink,
ongehoorsaam aan hulle ouers; 31 hulle is onverstandig, onbetroubaar, liefdeloos, hardvogtig. 32 Hulle is
mense wat die verordening van God ken dat dié wat sulke dinge doen, die dood verdien, en tog doen hulle
nie net self hierdie dinge nie, maar hulle vind dit ook goed as ander dit doen.

# MAANDAG

LEES:
*Genesis 19:1–14; Rigters 19:11–30; Romeine 1:16–32*

SOAP:
*Romeine 1:16–17*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# MAANDAG

*Dagstukkies vir Week 3*

**SOAP**

*Romeine 1:16–17*

*Ek skaam my nie oor die evangelie nie, want dit is 'n krag van God tot redding van elkeen wat glo, in die eerste plek die Jood, maar ook die nie-Jood. In die evangelie kom juis tot openbaring dat God mense van hulle sonde vryspreek enkel en alleen omdat hulle glo. Dit is soos daar geskrywe staan: "Elkeen wat deur God vrygespreek is omdat hy glo, sal lewe."*

**OORDENKING**

Die verhaal van die gebeure in Sodom is dikwels ontstellend en ontnugterend om te lees. Die twee engele het die stad besoek om te sien of die goddeloosheid van die mense so erg was as wat hulle gehoor het. Die mense van Sodom se gebrek aan gasvryheid en hulle hardhandige optrede teenoor die vreemdeling was 'n aanduiding van hulle morele gesteldheid. Hulle begeerte en pogings om Lot se besoekers te misbruik, toon die omvang van hulle verdorwenheid.

Terwyl die goddeloosheid van Sodom bedoel is om ons as lesers te ontstel, is die goddeloosheid van die mense van Benjamin in Rigters 19 nog meer afskuwelik. Die mans van Gibea, 'n stad van Benjamin, 'n stam van Israel, het sedelik net so verdorwe geraak as die mans van Sodom. Die mans van Gibea het die boosheid van die Kanaäniete selfs oortref toe hulle 'n jong vrou wreed aangerand en vir dood agtergelaat het.

Die doel met die vertelling van Sodom was om vir God se volk te wys dat verdorwenheid en sonde nooit ver weg is nie. Genesis is geskryf vir die geslag Israeliete wat die Beloofde Land binnegegaan het. Hierdie verhaal is bewaar om hulle te herinner wat hulle nie moet doen nie, om as waarskuwing te dien om hulle nie soos die Kanaäniete rondom hulle te gedra nie. Tog het God se volk net 'n paar geslagte later dieselfde goddeloosheid nagedoen.

Hierdie vertellings dien vandag vir ons as 'n waarskuwing. Wanneer ons aan God se opdragte gehoorsaam bly, nie net aan dié wat vir ons gemaklik of voordelig is om te volg nie, het ons gemeenskap met Hom. Wanneer ons onder die invloed van die wêreld rondom ons, diegene wat God nie ken nie, begin navolg, maak ons ons skuldig aan dieselfde euwels.

Die evangelie van Jesus Christus bied vergifnis en genade vir ons sonde. Jesus het ons straf gedra, en Homself geoffer sodat ons God kan ken. Die evangelie is egter onvolledig sonder die opstanding van Christus, die lewe wat ons in Hom as sy kinders ontvang. Ons moet in sy weë wandel, aan sy opdragte gehoorsaam wees. 'n Lewe wat onbeskaamd vir die evangelie geleef word, beteken ook 'n lewe wat onbeskaamd Christus se opdragte volg, ongeag wat dit mag kos.

**GEBED**

Here Jesus, U alleen is die enigste weg na God toe. Ek glo dat U vir my sonde gesterf en vir my vryheid gegee het. U offer is genoeg. Ek wil 'n lewe lei wat nie skaam is vir die evangelie nie. Wys my hoe ek dalk nog aan dinge van die wêreld vasklou, en help my om in U vry te raak van hierdie dinge. Amen.

# DINSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 3*

## *Genesis 19:15-38*

Toe die dag begin breek, het die engele hom aangejaag en gesê: "Kom nou! Vat jou vrou
en jou twee dogters wat by jou is, anders sterf jy wanneer die stad sy straf kry." 16 Toe
Lot nog talm, het die twee mans hom en sy vrou en sy twee dogters aan die hand gegryp
en hulle uit die stad uit gevat, want die Here het Hom oor Lot ontferm. 17 Nadat hulle
vir Lot-hulle buite die stad gebring het, sê een van die mans vir hom: "Vlug vir jou lewe!
Moenie omkyk nie! Moenie êrens in die vlakte vertoef nie, vlug berge toe, anders word jy
omgebring."

18 Maar hy sê vir hulle: "Asseblief tog, Menere, 19 u was al so goed vir my en u het my
al so 'n groot guns bewys deur my lewe te spaar, maar ek sal nie berge toe kan vlug nie.
Die ramp sal my inhaal voor ek daar is en ek sal omkom. 20 Kyk, hier naby is 'n dorpie
waarheen ek kan vlug. Ek wil daarheen vlug en so my lewe red. Dit is maar 'n ou klein
dorpie."

21 Toe sê die engel vir hom: "Ook wat dit betref, staan ek jou versoek toe. Ek sal nie die
dorp waarvan jy praat, verwoes nie. 22 Vlug gou daarnatoe, want ek kan niks aan die
ander stede doen voordat jy in die dorpie aangekom het nie." Dit is waarom hulle die
dorpie Soar noem.

23 Net toe die son opkom, het Lot in Soar aangekom. 24 Toe het die Here swael en vuur
van Hom af, uit die hemel uit, laat reën op Sodom en Gomorra. 25 En God het die stede
en die hele vlakte verwoes en al hulle inwoners om die lewe gebring; selfs die plante in die
omgewing is uitgeroei. 26 Lot se vrou het omgekyk en sy het in 'n soutpilaar verander.

27 Daardie oggend het Abraham vroeg opgestaan en na die plek toe gegaan waar hy in die
teenwoordigheid van die Here gestaan het. 28 Toe Abraham in die rigting van Sodom en
Gomorra en van die hele vlaktestreek kyk, sien hy oor die hele wêreld trek rook op asof
dit 'n steenoond is.

29 Toe God die stede in die vlakte verdelg het waar Lot gewoon het, het God aan
Abraham gedink en vir Lot laat wegkom uit die plek waar die verwoesting plaasgevind het.

30 Lot het toe van Soar af weggegaan en met sy twee dogters in die berge gaan bly. Hy
was bang om in Soar te bly en het toe met sy twee dogters in 'n grot gaan woon. 31 Die
oudste dogter het vir die jongste gesê: "Pa is oud. Hier rond sal ons nie op die gebruiklike
manier mans kry nie. 32 Kom ons maak vir Pa dronk en dan slaap ons by hom sodat ons
by hom kinders kan hê."

33 Daardie nag het hulle hom dronk gemaak, en die oudste dogter het met hom
gemeenskap gehad. Hy het nie besef dat dit sy is wat by hom kom lê en daarna opstaan
nie. 34 Die volgende dag sê sy toe vir die jongste: "Ek het verlede nag by hom geslaap.
Kom ons maak hom vannag weer dronk en dan gaan slaap jy by hom sodat ons elkeen
'n kind by hom kan hê." 35 Hulle het hom toe daardie nag weer dronk gemaak, en die
jongste dogter het met hom gemeenskap gehad. Hy het nie agtergekom dat dit sy is wat by
hom kom lê en daarna opstaan nie.

36 So het die twee dogters van Lot by hulle pa swanger geword. 37 Die oudste het 'n seun
in die wêreld gebring en hom Moab genoem. Hy is die voorvader van die Moabiete. 38
Die jongste dogter het ook 'n seun in die wêreld gebring en hom Ben-Ammi genoem. Hy
is die voorvader van die Ammoniete

## *Lukas 17:22-35*

Daarna sê Hy vir die dissipels: “Daar sal dae kom wanneer julle daarna sal verlang
om net een van die dae van die Seun van die mens te sien, maar julle sal dit nie
sien nie. Hulle sal wel vir julle sê: ‘Kyk, daar is Hy!’ of: ‘Kyk, hier is Hy!’ 23
Maar moenie gaan nie en moenie agter hulle aanloop nie! 24 Soos die weerlig wat
uitslaan, die hele lugruim van die een kant na die ander verlig, so sal die Seun
van die mens kom as die dag van sy koms daar is. 25 Maar eers moet Hy baie
ly en deur die mense van hierdie tyd verwerp word. 26 “Net soos dit in die tyd
van Noag gegaan het, so sal dit ook gaan in die tyd van die Seun van die mens:
27 hulle het maar soos gewoonlik geëet en gedrink en getrou tot op die dag dat
Noag in die ark ingegaan het. Toe kom die sondvloed, en dit het hulle almal
uitgewis. 28 In die tyd van Lot het dit ook net so gegaan: hulle het maar soos
gewoonlik geëet en gedrink, gekoop en verkoop, geplant en gebou. 29 Maar op
die dag toe Lot Sodom verlaat het, het vuur en swael uit die hemel gereën, en dit
het almal uitgewis. 30 Net so sal dit ook gaan op die dag wanneer die Seun van
die mens verskyn. 31 “Dan moet die man wat op die dakstoep sit, nie ingaan om
sy besittings in die huis te gryp nie. Net so moet ook die man wat op die land
is, nie omdraai huis toe nie. 32 Onthou wat met die vrou van Lot gebeur het! 33
Elkeen wat sy lewe probeer behou, sal dit verloor, maar elkeen wat dit verloor,
sal dit behou. 34 Ek sê vir julle: Dan sal twee mense op een bed slaap, die een sal
saamgeneem en die ander een agtergelaat word. 35 Twee vroue sal koring maal, die
een sal saamgeneem en die ander een agtergelaat word.”

# DINSDAG

LEES:
*Genesis 19:15–38; Lukas 17:22–35*

SOAP:
*Lukas 17:32–33*

*Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DINSDAG

*Dagstukkies vir Week 3*

**SOAP**

*Lukas 17:32–33*

*Onthou wat met die vrou van Lot gebeur het! Elkeen wat sy lewe probeer behou, sal dit verloor, maar elkeen wat dit verloor, sal dit behou.*

**OORDENKING**

Lot en sy gesin is gered van die goddeloosheid van Sodom. Alhoewel Lot gekies het om in Sodom te woon omdat hy geglo het dat die land vrugbaar sou wees, het dit tot meer verliese gelei. Uiteindelik het die goddeloosheid van Sodom met Lot en sy gesin gebly. Selfs in die nadraai van die vernietiging, het die mentaliteit van Sodom gebly.

Toe Lot en sy vrou en dogters uit die stad vlug, het Lot by die Here gepleit vir 'n ander stad om in te woon. Lot wou hê dat God hom iets moes gee om vir sy verlies te vergoed, iets om op te maak vir die feit dat hy sy huis en lewe so skielik moes verlaat. Alhoewel Lot by die Here gepleit het om Soar te red, was hy te bang om daar te gaan woon nadat hy die boosheid van Sodom beleef het. Tog het die boosheid van Sodom weer opgeduik in die grot met net Lot en sy dogters teenwoordig.

Lot se vrou het teruggedraai en gekyk na die stede van die vlakte terwyl hulle vernietig word. Dit was nie 'n verbygaande blik of 'n blik van nuuskierigheid nie. Lot se vrou het verlangend na Sodom gekyk. Sy het verlang na die lewe waaruit sy gered is. Sy is gered, maar sy het verlang na die lewe wat tot haar vernietiging gelei het. Haar optrede het minagting en ontevredenheid getoon met God se wonderbaarlike optrede om haar te red.

Jesus het sy volgelinge aan die verhaal van Lot se vrou herinner toe Hy die einde van die era beskryf het. Ons mag nie terugverlang na dit waarvan ons gered is nie. Wanneer ons bereid is om ons gemak, ons vriende, ons gesinne, ons status en ons besittings vir Christus te verloor, sal ons meer lewe vind as wat ons ooit kon dink.

Selfs in hierdie verhaal word ons herinner aan God se goedheid. Toe Abraham die vernietiging sien afspeel, het Hy God se goedheid te midde van sy oordeel gesien. God het belowe om die regverdiges nie saam met die goddelose te vernietig nie, en Hy het Lot gered ter wille van Abraham. Alhoewel sy vernietiging groot en volledig was, het God se genade steeds oorgeloop. Wanneer ons Christus volg, moet ons bereid wees om die plesier van die wêreld agter te laat om 'n volledige, vol lewe in Hom te vind.

**GEBED**

Here God, U is goedhartig. U is regverdig. Dankie dat U my gewys het hoe hierdie eienskappe saam kan bestaan. Help my om U te vertrou as ek u optrede nie verstaan nie. Gee my dapperheid om te verander van 'n lewe van gemak na 'n lewe wat U eer. Help my om nie terug te draai en na alles behalwe na U te verlang nie. Amen.

# WOENSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 3*

## *Genesis 20*

Abraham het van Mamre af weggetrek na die Suidland toe en hom tussen Kades en
Sur gaan vestig. Toe hy op ‘n keer in Gerar gewoon het, 2 het hy voorgegee sy vrou
Sara is sy suster. Koning Abimelek van Gerar het haar toe laat haal om met haar te
trou.

3 Een nag het God in ‘n droom aan Abimelek verskyn en vir hom gesê: “Jy gaan
sterf omdat jy met hierdie vrou wil trou. Sy is al getroud.”

4 Abimelek het nog nie met haar geslagsgemeenskap gehad nie en hy het gesê:
“Here, sal U selfs ‘n onskuldige nasie uitroei? 5 Abraham het dan self vir my gesê:
‘Sy is my suster.’ En sy het self gesê: ‘Hy is my broer.’ Ek het dit onskuldig en
sonder slegte bedoelings gedoen.”

6 Toe het God vir hom in ‘n droom gesê: “Ja, Ek weet dat jy dit onskuldig gedoen
het. Daarom het Ek jou daarvan weerhou om teen My te sondig en het Ek jou nie
toegelaat om aan haar te raak nie. 7 Gee nou die vrou terug aan haar man. Hy is
‘n profeet. Hy sal vir jou bid dat jy kan bly lewe. Maar as jy haar nie teruggee nie,
moet jy weet jy sal beslis sterf, jy en almal wat by jou is.”

8 Die môre vroeg het Abimelek sy amptenare geroep en alles vir hulle openlik
vertel, en hulle het baie bang geword. 9 Hy het vir Abraham geroep en vir hom
gesê: “Wat het jy ons aangedoen? Wat het ek aan jou gedoen wat verkeerd is dat jy
hierdie groot ellende oor my en my koninkryk gebring het? Wat jy my aangedoen
het, is onbehoorlik.” 10 Verder het Abimelek vir hom gesê: “Wat het jou besiel om
so iets aan te vang?”

11 Toe het Abraham gesê: “Ek het gedink hier is niemand wat vir God dien nie en
die mense sal my doodmaak oor my vrou. 12 Sy is regtig my suster: sy is my pa se
dogter, maar nie my ma s’n nie. Ek is met haar getroud. 13 Toe God my uit my
vaderland laat wegtrek het, het ek vir haar gesê: Jy kan wys dat jy my liefhet deur
op elke plek waar ons kom, van my te sê: Hy is my broer.”

14 Abimelek het toe kleinvee en grootvee, slawe en slavinne gevat en vir Abraham
gegee en Sara ook aan haar man teruggegee. 15 Toe sê Abimelek vir hom: “My land
lê oop voor jou. Bly net waar jy wil.”

16 Vir Sara het Abimelek gesê: “Ek gee aan jou broer duisend stukke silwer. Dit is
om almal wat by jou is, te laat stilbly en om te wys alles is in orde.”

17 Abraham het toe tot God gebid, en Hy het vir Abimelek gesond gemaak, ook sy
vrou en sy slavinne, en toe kon hulle weer kinders hê. 18 Dit was nadat die Here
elke vrou in die huis van Abimelek daarvan weerhou het om kinders te hê. Die
Here het dit gedoen oor wat gebeur het met Sara die vrou van Abraham.

## *Spreuke 14:1*

‘n Wyse vrou sorg vir haar huis; ‘n vrou sonder wysheid breek alles af.

# WOENSDAG

LEES:
*Genesis 20; Spreuke 14:1*

SOAP:
*Spreuke 14:1*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# WOENSDAG

*Dagstukkies vir Week 3*

**SOAP**

*Spreuke 14:1*

*'n Wyse vrou sorg vir haar huis; 'n vrou sonder wysheid breek alles af.*

**OORDENKING**

Namate die teks terugkeer na Abraham, vind ons hom in 'n bekende situasie. Abraham het weer 'n koning mislei en bedrieg oor sy verhouding met Sara om sy eie lewe te bewaar. En weer het God ingegryp en is Hy die held van die verhaal en bewaar Hy die belofte wat Hy aan Abraham gemaak het.

Alhoewel dit frustrerend is om te sien hoe Abraham dieselfde fout begaan en Sara se lewe, sy huwelik en die vervulling van die belofte weer in gevaar stel, vind ons dat ons ook gereeld dieselfde foute herhaal. Alhoewel hy gesien het hoe God wonderbaarlik deurkom om Sara te red, sy lewe te red en hulle oorvloedige middele te gee, het Abraham uit vrees opgetree. Sy vrees het hom gelei tot dwase gedrag, gedrag wat 'n gebrek aan geloof in God getoon het. Abraham het weereens die beskerming van die Here oor hom betwyfel en die belofte op die spel geplaas.

Maar Abraham is nie die held van hierdie verhaal nie: God is. Weereens het God ingegryp. Hy het Sara gered, Abimelek gewaarsku en Abraham herstel. Hy het getoon hoe Hy alleen mag oor lewe en dood het. Hy het toegelaat dat onvrugbaarheid al die vroue in die huis van Abimelek tref, en daarna het Hy hulle genees (dit dui daarop dat Sara waarskynlik vir etlike maande in Abimelek se huis was, genoeg tyd om te besef dat niemand kon swanger raak sedert haar aankoms nie).

God het sy mag en beheer oor die skepping van lewe getoon aan 'n egpaar wat 'n seun beloof is. As God ander daarvan kon weerhou om swanger te word, sou Hy inderdaad kon doen wat Hy belowe het en het toegelaat dat Sara swanger word. Alhoewel Abraham nie deur God in hierdie verhaal berispe is vir sy optrede nie, sien ons hoe sy gebrek aan geloof die belofte in gevaar stel. Wanneer ons geloof in God alleen is en nie in ons eie vermoë om onsself te red en te beskerm nie, vind ons lewe en vryheid. God het bly ingryp in Abraham se verhaal en Hy gaan voort om in ons s'n in te gryp, selfs wanneer ons geloof wankel.

**GEBED**

Here God, ek wil sterk geloof hê. Help my om in wysheid te wandel en na U te draai vir wat ek nodig het. Ek verlang daarna om my lewe en my geloof op te bou en nie deur my eie optrede te vernietig nie. Ek loof U omdat U my keer op keer red, selfs as ek misluk. Amen.

# DONDERDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 3*

*Genesis 21:1-7*
Die Here het aan Sara gedink soos Hy beloof het. Hy het sy belofte aan haar nagekom. 2 Sy het swanger geword en in Abraham se ouderdom vir hom 'n seun in die wêreld gebring. Dit het gebeur op die tyd wat God vir Abraham beloof het. 3 Hy het die seun wat vir hom gebore is, die een wat deur Sara in die wêreld gebring is, Isak genoem. 4 Soos God vir Abraham beveel het, het hy vir Isak besny toe hy ag dae oud was. 5 Abraham was honderd jaar oud toe sy seun Isak gebore is.

6 Sara het toe gesê: "God het gemaak dat mense vir my lag: elkeen wat van Isak hoor, sal vir my lag." 7 Sy het verder nog gesê: "Wie sou vir Abraham kon sê dat Sara seuns aan haar bors sal voed? Ek het in sy ouderdom 'n seun in die wêreld gebring."

*Job 8:20-21*
"God verwerp nooit die opregte nie en staan ook nie dié by wat onreg doen nie. 21 Hy sal jou weer vreugde gee, jou van blydskap laat jubel.

# DONDERDAG

LEES:
*Genesis 21:1–7; Job 8:20–21*

SOAP:
*Genesis 21:1*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DONDERDAG

*Dagstukkies vir Week 3*

**SOAP**

*Genesis 21:1*

*Die Here het aan Sara gedink soos Hy beloof het. Hy het sy belofte aan haar nagekom.*

**OORDENKING**

Watter vreugde moes Sara beleef het toe sy besef wat besig was om te gebeur! Sy het gewag en gewag. Sy het probeer om deur haar slavin 'n gesin te bou. Daar is aan haar 'n seun belowe, en sy het gelag oor die belaglikheid van die idee. Maar hier was sy en kon sy sien hoe God sy belofte aan haar nakom.

Alhoewel die belofte van afstammelinge en land van die begin van die verhaal van Abraham spesifiek vir Abraham blyk te wees, herinner hierdie vers ons daaraan dat Sara, as Abraham se vrou, 'n gelyke deel in die belofte gehad het. God het ook aan haar beloftes gemaak. Hy het belowe om vir haar 'n kind te gee, selfs op haar oudag. Selfs in haar ongeloof en haar pogings om 'n gesin deur Hagar te bou, het God sy belofte gestand gedoen. Sy belofte aan Sara is in sy perfekte tydsberekening nagekom.

Die vervulling van hierdie belofte het groot vreugde verskaf. Haar gebruik van die woord lag is 'n sinspeling op die naam Isak. Sara het gelag uit ongeloof toe God vir haar sê dat sy 'n seun sal hê. Nou lag sy van vreugde oor die vervulling van die belofte.

Abraham en Sara het albei met lag en met lof op die geboorte van Isak gereageer, op die vervulling van die belofte. Abraham reageer ook in gehoorsaamheid aan God en vervul sy verantwoordelikheid teenoor die verbond. God het belowe dat Hy deur Sara vir Abraham 'n seun sou gee en Abraham het die verbond vervul deur Isak te besny. Alhoewel daar nog uitdagings in die toekoms sou wees, het die geboorte van Isak die geloof van Abraham en Sara herstel en hulle herinner aan die krag en goedheid van God. Hy is 'n God wat sy beloftes nakom.

**GEBED**

Here God, U kom u beloftes na. Ek loof U vir die manier waarop U u belofte aan Sara nagekom het en die manier waarop U u beloftes aan my gestand doen. Ek weet dat nie een van u beloftes al ooit misluk het nie. Ek vertrou U terwyl U in my lewe bly werk. U is die groot Beloftehouer. Amen.

# VRYDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 3*

## *Genesis 21:8-21*

Die kind het grootgeword en die dag toe hy gespeen is, het Abraham ‘n groot fees gehou. 9 Toe Sara die
seun wat Hagar die Egiptiese slavin vir Abraham in die wêreld gebring het, sien lag, 10 sê sy vir Abraham:
“Jaag hierdie slavin en haar seun weg. Die seun van hierdie slavin mag nie saam met my seun Isak erf nie.”

11 Abraham het ter wille van sy seun Ismael baie sleg gevoel oor wat sy gesê het, 12 maar God het vir
Abraham gesê: “Moenie sleg voel oor die kind en oor jou slavin nie. Luister na alles wat Sara vir jou sê,
want uit Isak sal jou nageslag gebore word. 13 Tog sal Ek die seun van die slavin ‘n nasie laat word, want hy
is jou kind.”

14 Vroeg die volgende môre het Abraham kos gevat en ‘n velsak water en dit vir Hagar gegee. Hy het
dit saam met die kind op haar rug gesit en haar weggestuur. Sy is toe weg en het in die Bersebawoestyn
rondgeswerf. 15 Toe die water in die velsak opraak, het sy die kind onder ‘n doringbos neergesit 16 en ‘n
entjie daarvandaan gaan sit, omtrent so ver as ‘n mens met ‘n pyl en boog kan skiet, want sy het gedink: ek
wil nie sien as die kind doodgaan nie. Terwyl sy so daar sit, het sy begin huil.

17 God het die kind hoor huil, en die Engel van God het uit die hemel na Hagar geroep en vir haar gesê:
“Wat is dit, Hagar? Moenie bang wees nie, want God het die kind daar waar hy lê, gehoor. 18 Staan op, tel
die kind op en troos hom, want Ek sal hom ‘n groot nasie laat word.” 19 Toe het God haar oë oopgemaak
en sy het ‘n put met water gesien. Sy het die velsak vol water gaan maak en vir die kind water gegee.

20 God was by die kind en hy het groot geword. Hy het in die woestyn gewoon en het handig geword met
die pyl en boog. 21 Hy het in die Paranwoestyn gewoon, en sy ma het hom met ‘n vrou uit Egipte laat trou.

## *Galasiërs 3:23-29*

Voordat hierdie geloof gekom het, is ons deur die wet gevange gehou en bewaak totdat die tyd van die
geloof sou aanbreek. 24 Ons was dus onder die toesig van die wet totdat Christus sou kom, sodat ons deur
te glo, vrygespreek sou word. 25 Maar nou dat die tyd van die geloof gekom het, staan ons nie meer onder
die toesig van die wet nie. 26 Deur hierdie geloof in Christus Jesus is julle nou almal kinders van God, 27
want julle almal wat deur die doop met Christus verenig is, het nou deel van Christus geword. 28 Dit maak
nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: in Christus Jesus is julle almal één. 29 En
as julle aan Christus behoort, is julle ook nakomelinge van Abraham en erfgename kragtens die belofte van
God.

## *Galasiërs 4:21-31*

Julle wat so graag aan die wet van Moses onderworpe wil wees, sê vir my: Hoor julle nie wat die wet sê nie?
22 Daar staan tog geskrywe dat Abraham twee seuns gehad het, een by ‘n slavin en een by ‘n vrygeborene.
23 Sy seun by die slavin is volgens die loop van die natuur verwek en gebore, maar sy seun by die
vrygeborene kragtens ‘n belofte van God. 24 ‘n Mens moet dit figuurlik verstaan. Die twee vroue staan vir
twee verbonde. Die een is by Sinaiberg gesluit en bring slawe voort. Dié verbond is Hagar. 25 Hagar staan
vir Sinaiberg in Arabië, en dit is ‘n beeld van die huidige Jerusalem, want Jerusalem en sy kinders is slawe.
26 Maar die hemelse Jerusalem is vry, en dit is ons moeder. 27 Daar staan immers geskrywe:

“Verbly jou, onvrugbare wat nie kinders kon hê nie. Juig van vreugde, jy wat nooit moeder kon word nie,
want die kinderlose vrou wat deur haar man verlaat is, sal meer kinders hê as die vrugbare wie se man by
haar is.”

28 En julle, my broers, is net soos Isak kragtens die belofte kinders van God. 29 Destyds het die seun wat
volgens die loop van die natuur gebore is, die seun vervolg wat deur die Gees in die wêreld gekom het. En
dit is nou nog so. 30 Maar wat sê die Skrif hiervan? “Jaag die slavin en haar seun weg, want die seun van
die slavin mag hoegenaamd nie saam met die seun van die vrygeborene erf nie.” 31 Ons is dus nie kinders
van ‘n slavin nie, broers; ons is kinders van die vrye.

# VRYDAG

LEES:
*Genesis 21:8–21; Galasiërs 3:23–29, 4:21–31*

SOAP:
*Galasiërs 3:23–24*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# VRYDAG

*Dagstukkies vir Week 3*

**SOAP**

*Galasiërs 3:23–24*

*Voordat hierdie geloof gekom het, is ons deur die wet gevange gehou en bewaak totdat die tyd van die geloof sou aanbreek. Ons was dus onder die toesig van die wet totdat Christus sou kom sodat ons deur te glo, vrygespreek sou word.*

**OORDENKING**

Sara was bang dat Ismael op die een of ander manier die beloofde seën van haar seun sou wegneem. Haar ongeloof het haar teen Hagar en Ismael laat draai en sy het Abraham gedwing om hulle weg te stuur. Alhoewel Abraham hartseer was, toon sy optrede dat hy volgehoue geloof in God se belofte gehad het. God het Abraham belowe dat Hy van Ismael 'n groot nasie sou maak. Terwyl Isak die ware erfgenaam van die verbond sou wees, het God steeds 'n belofte gemaak om Ismael te seën. Abraham het geloof getoon deur Ismael en Hagar met slegs kos en water weg te stuur. Abraham kon Ismael met tot die helfte van sy kuddes, kleinvee en diensknegte wegstuur, maar in plaas daarvan vertrou hy dat God vir hulle sou sorg. In plaas daarvan om op sy eie middele te vertrou, het hy op God vertrou.

God het ook sy belofte aan Hagar nagekom. Hy het haar weer in die woestyn ontmoet en haar en haar seun gered. God het sy groot medelye met Hagar betoon en met almal wat verworpe, verlate en mishandel is. Hy is die God wat sien.

Na die geboorte van Isak was die teenwoordigheid van Hagar en Ismael in die kamp 'n voortdurende bedreiging vir die belofte. Alhoewel dit nooit in die gedrang was nie omdat dit onder God se beheer was, sou die belofte eers na Isak se geboorte ten volle deur hom vervul word. God het alles verwyder wat 'n bedreiging vir die seën was wat deur Isak sou kom.

Jesus Christus is die beloofde seën, die manier waarop al die nasies van die wêreld deur Abraham geseën is. Voor Christus was God se volk onder die wet, en moes hulle onberispelik voor Hom wandel. As gevolg van Christus is die ou orde verwyder. Ons is nie meer onder die wet nie. Die belofte het gekom deur Christus, nie deur die wet nie. Ons is mede-erfgename van die belofte deur Christus. Namate ons enigiets uit ons lewens verwyder wat die belofte kan belemmer (sonde, wetsverering, ens.), groei ons in ons verhouding met Christus. Paulus herinner ons in Galasiërs daaraan dat wanneer ons onsself aan die wet verbind, ons die vervulling van die belofte deur Christus ontken. Hy alleen is die erfgenaam, en ons word deur Hom alleen vryheid gegee. Nou, in Christus, is ons regverdig deur die geloof en nie deur die wet nie.

**GEBED**

Here Jesus, U alleen red. Ek erken dat ek my eie redding deur my werke probeer bereik, maar ek glo dat my redding slegs deur geloof is. Help my om alles uit te gooi wat my verhinder om in geloof te wandel en in U belofte van die ewige lewe saam met U te glo. Amen.

# OORDENKINGSVRAE

1. Hoe kan jy leef sonder skaamte vir die evangelie? Hoe word ander hierdeur aangemoedig?

2. Is daar sonde in jou lewe waarna jy steeds terugkeer? Hoe kan jy vandag in Christus vryheid vind om jou te bekeer van dinge wat verwoesting bring?

3. Is daar maniere waarop jy soos die wyse vrou optree en jou huis bou? Is daar maniere waarop jy dwaas optree, op jouself eerder as op God vertrou en jouself vernietig of pyn veroorsaak? Hoe kan jy vandag vorentoe in geloof wandel?

4. Op watter maniere het jy gesien dat God hierdie week 'n paar van sy beloftes aan jou nakom? Watter beloftes wag jy nog vir Hom om te antwoord?

5. Hoe wandel ons tegelykertyd in gehoorsaamheid aan God en vry van die wet? Is dit moontlik om dit te doen?

# NOTAS

# NOTAS

# WEEK 4

*Toe noem Abraham die plek: "Die Here voorsien." Daar word nou nog gesê: "Op die berg van die Here word voorsien."*

**GENESIS 22:14**

# GEBED

## SKRYF JOU GEBEDSVERSOEKE EN LOFPRYSINGS VIR ELKE DAG NEER.

Gebedsfokus vir hierdie week:
Spandeer tyd om vir jou kerk te bid.

MAANDAG

DINSDAG

WOENSDAG

DONDERDAG

VRYDAG

# UITDAGING

Soos jy hierdie week die res van Abraham se verhaal lees, besin oor die oorwinnings en foute in jou eie geloofsreis. In watter seisoen of omstandighede het jy groot geloof en gehoorsaamheid betoon? Was daar seisoene waarin jy met jou geloof geworstel het? Vra God om jou te help om jou geloofslewe te onthou en daaroor na te dink en om jou wysheid te gee oor hoe Hy wil hê jy moet voortgaan.

# MAANDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 4*

## *Genesis 21:22-34*

Destyds het Abimelek en Pikol, die bevelvoerder van sy leër, na Abraham toe
gegaan, en Abimelek het vir hom gesê: "God is by jou in alles wat jy aanpak. 23
Beloof my dan nou met 'n eed in die Naam van God dat jy nie vals sal optree teen
my of my kinders of my kleinkinders nie, dat jy net so eerbaar sal optree teenoor
my en teenoor die land waarin jy nou woon, as wat ek teenoor jou opgetree het."

24 Toe het Abraham gesê: "Ek beloof dit." 25 Abraham het toe by Abimelek
beswaar gemaak oor die waterput wat deur Abimelek se slawe afgevat is. 26 Toe
sê hy vir Abraham: "Ek weet nie wie dit gedoen het nie. Jy het my dit ook nie
voorheen vertel nie. Ek hoor nou eers daarvan."

27 Daarna het Abraham kleinvee en grootvee gevat en vir Abimelek gegee, en hulle
twee het 'n ooreenkoms gesluit. 28 Abraham het ook nog sewe skaaplammers uit sy
trop uitgekeer, 29 en Abimelek het vir hom gevra: "Wat wil jy maak met die sewe
skaaplammers wat jy uitgekeer het?" 30 Abraham het geantwoord: "Jy moet hierdie
sewe lammers by my vat en daarmee erken dat ek hierdie put gegrawe het." 31 Die
plek word Berseba genoem, want daar het hulle twee 'n eed teenoor mekaar afgelê.

32 Nadat hulle die ooreenkoms by Berseba gesluit het, het Abimelek en Pikol,
die bevelvoerder van sy leër, teruggegaan na die land van die Filistyne toe, 33 en
Abraham het 'n tamarisk by Berseba geplant en daar die Naam van die Here, die
ewige God, aangeroep. 34 Abraham het lank in die land van die Filistyne gewoon.

## *Romeine 12:9-21*

Die liefde moet opreg wees. Verafsku wat sleg is en hou vas aan wat goed is. 10
Betoon hartlike broederliefde teenoor mekaar; bewys eerbied teenoor mekaar
en wees mekaar daarin tot voorbeeld. 11 Moenie in julle toewyding verslap nie,
bly altyd geesdriftig, dien die Here. 12 Verbly julle in die hoop; staan vas in
verdrukking; volhard in gebed. 13 Help die medegelowiges in hulle nood en lê
julle toe op gasvryheid. 14 Seën julle vervolgers, ja, seën hulle, moet hulle nie
vervloek nie. 15 Wees bly saam met dié wat bly is en treur saam met dié wat treur.
16 Wees eensgesind onder mekaar. Moenie hooghartig wees nie, maar skaar julle
by die nederiges. Moenie eiewys wees nie. 17 Moenie kwaad met kwaad vergeld
nie. Wees goedgesind teenoor alle mense. 18 As dit moontlik is, sover dit van julle
afhang, leef in vrede met alle mense. 19 Moenie self wraak neem nie, geliefdes,
maar laat dit oor aan die oordeel van God. Daar staan immers geskrywe: "Dit is
mý reg om te straf; Ék sal vergeld," sê die Here. 20 "As jou vyand honger is, gee
hom iets om te eet; as hy dors is, gee hom iets om te drink; want deur dit te doen,
maak jy hom vuurrooi van skaamte." 21 Moet jou nie deur die kwaad laat oorwin
nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie.

# MAANDAG

LEES:
*Genesis 21:22–34; Romeine 12:9–21*

SOAP:
*Romeine 12:18*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# MAANDAG

*Dagstukkies vir Week 4*

**SOAP**

*Romeine 12:18*

*As dit moontlik is, sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense.*

**OORDENKING**

Genesis 21 beskryf die maniere waarop God potensiële bedreigings vir die belofte verwyder het. Die tweede aspek van die belofte was dat Abraham se nageslag die land Kanaän sou ontvang en daar sou woon. Destyds het Abraham egter nie wettige aansprake op die land gehad nie.

Abimelek het twee dinge oor Abraham herken: dat God met hom was en dat Abraham nie altyd betroubaar was nie. Abraham en Abimelek het tot ‘n vreedsame ooreenkoms gekom oor ‘n waterput, wat bevestig dat Abraham in die land kon bly. Deur ‘n boom daar te plant, het Abraham ‘n permanente herinnering aan homself en sy nageslag van God se belofte gemaak: God sou die land aan hulle gee. Abraham het in die land gebly en die boom was ‘n herinnering aan sy geloof en die veiligheid van die belofte.

Met die verdrag het God nog ‘n bedreiging vir die belofte verwyder. Al was Isak nog ‘n kind en alhoewel Abraham nie aanspraak gemaak het op die land wat hom beloof is nie, kon Abraham God sien werk om sy belofte na te kom en enige bedreigings te verwyder. God was voortdurend met Abraham en belowe beskerming en voorsiening.

Die laaste aspek van die belofte was dat Abraham (en sy nageslag) ‘n seën vir alle nasies sou wees. Die insluiting van hierdie verhaal in Genesis het die generasie Israeliete wat die Beloofde Land binnegekom het, herinner aan hoe hulle met ander nasies moes omgaan. Die vreedsame oplossing van geskille moes hul doel wees. Abimelek het geweet dat Abraham aan God behoort, en deur die konflik op ‘n vreedsame manier op te los, was Abraham ‘n seën vir sy naaste. Dieselfde sou geld vir Israel: wanneer hul bure herken dat hulle deur God gekies is, kon hulle daardie bure tot seën wees.

Ons is ook ‘n seën vir ander as hulle besef en verstaan dat ons aan Christus behoort. Wanneer ons probeer om in gehoorsaamheid aan Christus te leef, word ons ook tot seën vir ons naaste. Soos ons streef na vreedsame verhoudings, toon ons die liefde van Christus, die grootste seën en vervulling van God se belofte aan Abraham.

**GEBED**

Here Jesus, ek wil ‘n seën wees vir diegene rondom my. Wys my hoe ek in vrede met my bure, vriende en familie kan leef. Laat my toe om ander te seën met die waarheid en met die hoop op redding wat U my gegee het. Amen.

# DINSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 4*

## *Genesis 22:1-19*

'n Ruk na die vorige gebeurtenisse het God vir Abraham op die proef gestel en vir hom gesê: "Abraham!" Hy het geantwoord: "Hier is ek!" 2 God het vir hom gesê: "Vat jou seun, jou enigste seun, Isak wat jy liefhet, en gaan na die landstreek Moria toe en offer jou seun as brandoffer daar op een van die berge wat Ek vir jou sal aanwys."

3 Vroeg die volgende môre het Abraham 'n donkie opgesaal en hout gekap vir die brandoffer. Hy het twee slawe saamgevat en ook sy seun Isak. Toe het hy vertrek na die plek toe wat God vir hom aangewys het.

4 Op die derde dag het Abraham die plek uit die verte gesien. 5 Toe sê hy vir sy slawe: "Wag hier met die donkie. Ek en die seun gaan daar aanbid, dan kom ons terug na julle toe."

6 Abraham het die hout vir die brandoffer op sy seun Isak se rug getel en self vuur en 'n mes saamgevat. Terwyl hulle twee so saamloop, 7 sê Isak vir sy pa: "Pa?" en Abraham antwoord: "Ja, my seun?" Toe vra Isak: "Hier is vuur en hout, maar waar is die lam om te offer?" 8 Abraham het geantwoord: "My seun, God sal sy eie offerlam voorsien." Daarna het hulle twee saam verder gestap.

9 Toe hulle aankom by die plek wat God vir Abraham aangewys het, het Abraham daar 'n altaar gebou. Hy het die hout reggesit en sy seun Isak vasgebind en op die altaar neergesit, bo-op die hout. 10 Net toe Abraham die mes vat om sy seun te slag, 11 roep die Engel van die Here uit die hemel na hom: "Abraham, Abraham!" Hy het geantwoord: "Hier is ek!" 12 Toe sê God: "Los jou seun! Moenie iets aan hom doen nie. Nou weet Ek dat jy My dien: jy het nie geweier om jou seun, jou enigste seun, aan My te offer nie."

13 Toe Abraham weer kyk, sien hy agter hom 'n skaapram wat aan sy horings in 'n bos vasgevang is. Hy het die ram gaan vat en hom in die plek van sy seun as brandoffer geoffer. 14 Toe noem Abraham die plek: "Die Here voorsien." Daar word nou nog gesê: "Op die berg van die Here word voorsien."

15 Die Engel van die Here het weer uit die hemel na Abraham geroep 16-17 en gesê: "Dit is Ek, die Here, wat praat. Ek lê 'n eed af by Myself dat Ek jou baie sal seën oor wat jy gedoen het: jy het nie geweier om jou seun, jou enigste seun, aan My te offer nie. Ek sal jou vrugbaar maak en jou nageslag so baie maak soos die sterre aan die hemel en soos die sand van die see. Jou nageslag sal die stede van sy vyande in besit neem. 18 In jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën wees, want jy het My gehoorsaam."

19 Daarna is Abraham terug tot by sy slawe, en hulle het almal saam na Berseba toe gegaan. Abraham het daar gewoon.

## *Hebreërs 11:17-19*

Omdat Abraham geglo het, het hy, toe hy op die proef gestel is, Isak as offer afgestaan. Ja, hy wat die belofte ontvang het en aan wie gesê is: "Uit Isak sal jou nageslag gebore word," het gereed gestaan om sy enigste seun te offer. 19 Hy was daarvan oortuig dat God by magte is om uit die dood op te wek, waaruit Abraham vir Isak ook, om dit so te stel, terug ontvang het.

# DINSDAG

LEES:
*Genesis 22:1–19; Hebreërs 11:17–19*

SOAP:
*Genesis 22:14*

*Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# DINSDAG

*Dagstukkies vir Week 4*

**SOAP**

*Genesis 22:14*

*Toe noem Abraham die plek: "Die Here voorsien." Daar word nou nog gesê: "Op die berg van die Here word voorsien."*

**OORDENKING**

Ons bereik die klimaks van die Abrahamitiese verhaal in Genesis 22. God het aan Abraham 'n toets gegee, nie om te sien of sy geloof teëspoed en beproewing sou oorleef nie, maar om te sien of Abraham 'n direkte opdrag sou gehoorsaam wat God se belofte weerspreek.

Isak was God se uitverkore afstammeling van Abraham, die een deur wie God 'n groot nasie sou maak, wie se nageslag die land sou beërwe en deur wie al die nasies op aarde geseën sou word. Die spanning en die betekenis van God se opdrag aan Abraham om Isak aan Hom te offer, is verhoog met elke frase van God se opdrag: "... jou seun - jou enigste seun vir wie jy lief is, Isak ..."

Abraham het sonder om te huiwer gehoorsaam. Hy het voorbereidings getref en deurgegaan met God se opdrag. Alhoewel hy geglo het dat hy Isak as offer sou bring, het sy gehoorsaamheid aan God die diepte van sy geloof getoon. Abraham het God se voorsiening gesien. Hy noem die berg 'Die HERE voorsien.' Sy geloof in God se voorsiening het hom die geloof gegee wat hy nodig gehad het om Isak te offer. Hy het die opdrag van God gehoorsaam omdat hy werklik in God se voorsiening geglo het, en God het inderdaad voorsien.

Onderwyl ons nadink oor Abraham se gehoorsaamheid, kan ons nie anders as om onsself af te vra hoe gewillig ons is om te gehoorsaam nie. As God van ons vra om Hom te volg, vereis Hy dikwels dit wat vir ons die dierbaarste is. Is ons bereid om hierdie dinge vir Hom te gee en te glo dat Hy sal voorsien? Hy het Abraham se behoefte gesien en 'n ram voorsien. Hy sien ook ons behoefte, maar dit beteken nie dat Hy ons altyd sal teruggee wat Hy ons vra om aan Hom te gee nie. Offer is die kern van ware aanbidding en gehoorsaamheid. God het Abraham gevra om Hom iets te gee wat Hy hom gegee het, iets wat in God se wil vir Abraham was om te hê. As God dieselfde van ons vra, mag ons, net soos Abraham, vertrou op sy vermoë om te voorsien, en mag ons sonder om te huiwer gehoorsaam wees.

**GEBED**

Here God, ek smag daarna om gehoorsaam aan U te wees, ongeag wat U vra. Gee my geloof soos Abraham, en geloof dat U sal voorsien. Gee my geloof om u opdragte te vertrou, selfs wanneer dit groot opoffering vra. Amen.

# WOENSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 4*

## *Genesis 22:20-24*

'n Rukkie na hierdie gebeurtenis is aan Abraham vertel dat Milka, sy broer Nahor
se vrou, kinders vir sy broer in die wêreld gebring het. 21 Hulle was: Us die
oudste, sy broer Bus, Kemuel die voorvader van die Arameërs, 22 en ook nog
Kesed, Gaso, Pildas, Jidlaf en Betuel. 23 Betuel was die pa van Rebekka. Milka
het hierdie ag seuns in die wêreld gebring vir Abraham se broer Nahor. 24 Nahor
het 'n byvrou gehad. Haar naam was Reüma en sy het ook kinders gehad: Tebag,
Gagam, Tagas en Maäka.

## *Hebreërs 11:8-12*

Omdat Abraham geglo het, het hy gehoor gegee toe God hom geroep het om weg
te trek na die plek toe wat hy as erfdeel sou ontvang. Hy het weggetrek sonder
om te weet waar hy sou uitkom. 9 Omdat hy geglo het, het hy in die beloofde
land gaan woon, 'n vreemdeling in 'n vreemde land. In tente het hy daar gewoon,
en so ook Isak en Jakob wat saam met hom erfgename van dieselfde belofte was,
10 want hy het uitgesien na die stad wat vaste fondamente het en waarvan God
self die ontwerper en bouer is. 11 Omdat Abraham geglo het, het hy, hoewel Sara
onvrugbaar was en hy al te oud, krag ontvang om 'n kind te verwek, omdat hy
God wat dit beloof het, getrou geag het. 12 Die gevolg was dat daar van een man,
'n man wat nie meer 'n kind kon verwek nie, kinders afgestam het so talryk soos
die sterre van die hemelruim en so baie soos die sand van die see.

# WOENSDAG

LEES:
*Genesis 22:20–24; Hebreërs 11:8–12*

SOAP:
*Hebreërs 11:8–10*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# WOENSDAG

*Dagstukkies vir Week 4*

**SOAP**

*Hebreërs 11:8–10*

*Omdat Abraham geglo het, het hy gehoor gegee toe God hom geroep het om weg te trek na die plek toe wat hy as erfdeel sou ontvang. Hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou uitkom. Omdat hy geglo het, het hy in die beloofde land gaan woon, 'n vreemdeling in 'n vreemde land. In tente het hy daar gewoon, en so ook Isak en Jakob wat saam met hom erfgename van dieselfde belofte was, want hy het uitgesien na die stad wat vaste fondamente het en waarvan God self die ontwerper en bouer is.*

**OORDENKING**

Die laaste sinne van Genesis 22 begin 'n oorgangsgedeelte in die vertelling, aangesien die fokus nou verskuif van die lewe en geloof van Abraham na sy seun Isak. Ons word in hierdie kort geslagsregister van die nasate van Nahor herinner aan die oorspronklike gehoor vir die boek. Genesis is deur Moses geskryf aan die generasie Israeliete wat die Beloofde Land sou binnegaan. Nadat die Israeliete van slawerny in Egipte bevry is en veertig jaar lank in die woestyn gedwaal het weens ongehoorsaamheid, was hulle uiteindelik gereed om die land in besit te neem wat God belowe het om aan hulle voorvader Abraham te gee.

Hierdie gedeelte verskuif van Abraham na Isak, aangesien dit 'n opmerking bevat oor van waar Rebekka, die vrou van Isak, vandaan kom. Sy was uit die familie van Abraham se broer, Nahor, en het getoon hoe die nalatenskap van Abraham se familie met sy seun Isak sou voortduur. Met die groei van Nahor se gesin het God 'n manier voorsien om die belofte deur Isak voort te laat gaan as Abraham en Sara nie meer daar is nie.

Die skrywer van Hebreërs bied 'n samevatting van Abraham se lewe en geloof. Terwyl ons aan die einde van die Abrahamitiese verhaal in Genesis kom, wys Hebreërs 11 ons hoogtepunte van Abraham se geloof in God se belofte. Alhoewel hy oorwinnings sowel as verliese gehad het, het Abraham uitgesien na God se belofte. Alhoewel sommige van sy misstappe pogings was om die belofte te bewaar, het God altyd ingetree as die held van die verhaal.

Abraham se nalatenskap van geloof was wat hy aan Isak, sy geliefde seun, die erfgenaam van die belofte, kon oordra. Op dieselfde manier as wat van Abraham verwag was om vertroue te hê dat God sou doen wat Hy belowe het, moes Isak ook geglo het. Alhoewel Isak voor ander omstandighede as Abraham te staan gekom het, sal ons ook sien hoe hy beide sterk geloof gehad het en ook op sy eie metodes vertrou het. Ongeag hul foute, het beide Abraham en Isak geglo dat hulle die belofte sou ontvang omdat hulle geloof in die Beloftehouer gehad het.

**GEBED**

Vader God, ek weet U sien elke besonderheid van my lewe. Vergewe my vir die tye wat my geloof nie net op U gerig is nie. Ek weet U alleen bou vir my 'n toekoms wat goed is. Dankie dat u voorbeelde gee van geloof, nie volmaaktheid nie. Amen.

# DONDERDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 4*

## *Genesis 23*

Sara het honderd sewe en twintig jaar oud geword. 2 Sy is oorlede in Kirjat-Arba, dit is
Hebron, in Kanaän. Abraham het oor haar gaan rou en huil.

3 Daarna het hy die lyk daar gelaat en vir die Hetiete gaan sê: 4 "Ek is 'n vreemdeling, 'n
bywoner by julle. Gee vir my 'n vaste besitting as graf hier by julle sodat ek my vrou daarin
kan begrawe."

5 Die Hetiete het hom geantwoord: 6 "Luister na ons, Meneer! Ons beskou u as 'n baie
belangrike man. Begrawe u vrou in die beste graf hier by ons. Niemand van ons sal weier
dat u u vrou in sy graf begrawe nie."

7 Daarna het Abraham opgestaan en voor die Hetiete, die volksleiers, gebuig. 8 Hy het vir
hulle gesê: "As julle instem dat ek my vrou hier kan begrawe, luister dan na my en doen
voorspraak by Efron seun van Sogar 9 dat hy die Makpelagrot aan die kant van sy grond
aan my afstaan. Hy moet dit in julle teenwoordigheid teen die volle markprys aan my
verkoop dat ek dit as begraafplek kan besit."

10 Efron die Hetiet het tussen die Hetiete gesit en daar waar al die Hetiete wat die
stadspoort binnekom, dit kon hoor, het hy vir Abraham gesê: 11 "Nee, Meneer, luister
na my. Ek gee die stuk grond vir u, ook die grot wat daarop is. Ek gee dit vir u in die
teenwoordigheid van my volksgenote. Begrawe u vrou daar."

12 Toe het Abraham weer voor die volksleiers gebuig 13 en waar hulle almal dit kon hoor,
het hy vir Efron gesê: "Nee, luister tog maar na my! Ek betaal die volle prys vir die grond.
Vat die geld by my, sodat ek my vrou daar kan begrawe."

14 Efron het toe vir Abraham gesê: 15 "Meneer, luister na my! Moenie dat ons stry oor 'n
stukkie grond wat vier en 'n half kilogram silwer werd is nie. En dit om u vrou te begrawe!"

16 Toe het Abraham ingestem en die silwer vir Efron afgeweeg wat hy in die
teenwoordigheid van die Hetiete genoem het: vier en 'n half kilogram silwer soos dit in die
handel afgeweeg word.

17-18 So het die stuk grond van Efron in Makpela waarop die grot is en wat oos van
Mamre geleë is, Abraham se eiendom geword in die teenwoordigheid van die Hetiete en
almal wat by die stadspoort inkom: die grond met die grot daarop en al die bome op die
grond, sover as die grense daarvan gestrek het.

19 Daarna het Abraham sy vrou Sara begrawe in die Makpelagrot op die stuk grond, oos
van Mamre, dit is Hebron in Kanaän. 20 So het die stuk grond met die grot daarop uit die
hande van die Hetiete oorgegaan na Abraham as begraafplek wat aan hom behoort.

## *Hebreërs 11:13-16*

Terwyl hulle steeds geglo het, het al hierdie mense gesterwe sonder om te verkry wat beloof
is, maar hulle het dit uit die verte gesien en daaroor gejuig, en hulle het erken dat hulle
hier op aarde slegs vreemdelinge en bywoners is. 14 Mense wat so praat, gee daarmee
duidelik te kenne dat hulle op soek is na 'n vaderland. 15 As hulle terug verlang het na
daardie land waaruit hulle weggetrek het, sou hulle die geleentheid gehad het om daarheen
terug te gaan. 16 Maar hulle het na 'n beter vaderland, dit is die hemelse, verlang. Daarom
is God nie skaam om hulle God genoem te word nie; trouens, Hy het vir hulle 'n stad
gereed gemaak.

# DONDERDAG

LEES:
*Genesis 23; Hebreërs 11:13–16*

SOAP:
*Hebreërs 11:13*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DONDERDAG

*Dagstukkies vir Week 4*

**SOAP**

*Hebreërs 11:13*

*Terwyl hulle steeds geglo het, het al hierdie mense gesterwe sonder om te verkry wat beloof is, maar hulle het dit uit die verte gesien en daaroor gejuig, en hulle het erken dat hulle hier op aarde slegs vreemdelinge en bywoners is.*

**OORDENKING**

Sara se dood, soos opgeteken in Genesis 23, het die gehoor (en ons) daaraan herinner dat God se beloftes dikwels verder strek as ons leeftyd. Die oorspronklike lesers van Genesis het verstaan dat hoewel Sara (en later Abraham) gesterf het, God steeds gewerk het om sy beloftes na te kom omdat hulle die vervulling van God se belofte was. Hulle was besig om voor te berei om die land Kanaän binne te gaan; die land wat God belowe het, sou hulle s'n wees.

Vanuit Abraham se perspektief was Sara se dood 'n aanduiding dat God se belofte deur sy nageslag voltooi moes word. Die belofte om 'n groot nasie te word, om die land te beërwe en 'n seën vir alle nasies te word, sou nie in Abraham of Sara se leeftyd vervul word nie, alhoewel hulle dit kon sien kom. Abraham het besef dat hy nodig het om vir die toekoms voor te berei, om Isak en sy kinders voor te berei dat hulle diegene is wat die belofte in hul leeftyd sal sien vervul word.

Abraham het in geloof opgetree. Hy was nog steeds 'n vreemdeling in die land, sonder enige aanspraak op enigiets, selfs 'n klein veld. Tradisioneel sou Abraham teruggekeer het na Paddan Aram, waar sy gesin gewoon het, en sy vrou daar begrawe het. In plaas daarvan koop hy 'n stuk grond en 'n begraafplaas van Efron, die Hetiet. Deur Sara daar te begrawe, het Abraham Kanaän sy permanente tuiste gemaak. Dit is die plek waarheen sy nageslag sou terugkeer om hul dooies te begrawe. Dit sou die land wees waar sy nageslag gewoon het.

Sara sterf in geloof en besef dat God langer as haar leeftyd kan werk en sy beloftes aan haar nageslag sal nakom. Abraham het ook in geloof opgetree en geglo dat selfs as hy nie God se belofte in sy leeftyd ten volle sien verwesenlik nie, God steeds sy verbond sou vervul. God se beloftes word nie beperk deur ons vermoëns, hoeveel geloof ons het of ons leeftyd nie. Hy sal sy beloftes op sy perfekte tydstip nakom, ongeag die lengte van ons lewens of die lengte van ons geduld.

**GEBED**

God, u begrip van tyd is soveel groter en meer volledig as myne. Ek sukkel om u tydsberekening te verstaan. Gee my bereidwilligheid om op U te wag, ongeag die omstandighede. Gee my geloof om te glo dat U kan, en U sal u beloftes in u perfekte tyd nakom. Amen.

# VRYDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 4*

## *Genesis 24:1-60*

Abraham was al baie oud, en die Here het hom in alles geseën. 2 Abraham het vir sy slaaf gesê, vir die
vernaamste in sy huis, die een wat in beheer was van sy besittings: "Sit jou hand onder my heup 3 dat jy vir
my met 'n eed in die Naam van die Here die God van die hemel en die aarde kan beloof dat jy nie my seun
sal laat trou met 'n dogter van die Kanaäniete by wie ek nou woon nie; 4 jy moet na my land toe gaan, die
land waar ek gebore is, en daar 'n vrou gaan haal vir my seun Isak."

5 Die slaaf het vir Abraham gevra: "En as die vrou nie saam met my hierheen wil kom nie? Moet ek dan u
seun laat teruggaan na die land toe waar u vandaan kom?"

6 Toe sê Abraham vir hom: "Sorg dat jy nie my seun daarnatoe laat teruggaan nie. 7 Die Here die God
van die hemel het my weggevat uit my familie, uit die wêreld waar ek gebore is, en my met 'n eed beloof:
'Ek gee hierdie land waar jy nou is, aan jou nageslag.' Die Here sal sy engel voor jou uit stuur sodat jy vir
my seun 'n vrou van my land af sal kan bring. 8 As die vrou nie saam met jou hierheen wil kom nie, is jy
vrygestel van hierdie verpligting. Maar jy mag nie my seun laat teruggaan nie." 9 Toe het die slaaf sy hand
onder die heup van Abraham, sy eienaar, gesit en vir hom met 'n eed beloof om dit alles te doen.

10 Die slaaf het tien van sy eienaar se kamele gevat en ook allerlei mooi geskenke en vertrek na
Mesopotamië toe, na die stad toe waar Nahor gewoon het. 11 Daar het hy die kamele by 'n fontein buite
die stad laat kniel. Dit was laat middag, teen die tyd dat die vrouens uitkom om water te skep. 12 Hy het
gebid: "Here, God van Abraham wie se slaaf ek is, laat daar vandag iets met my gebeur; betoon tog u trou
aan my eienaar Abraham. 13 Hier staan ek by die fontein waar die jongmeisies van die stad sal kom water
skep. 14 As ek vir 'n meisie vra: 'Hou tog jou waterkruik dat ek kan drink,' en sy antwoord: 'Drink gerus,
en ek sal jou kamele ook water gee,' dan is dit sy wat deur U gekies is vir u dienaar, vir Isak, en dan sal ek
weet dat U trou betoon aan my eienaar."

15 Voor hy nog klaar gebid het, kom Rebekka met die waterkruik op haar skouer daar aan. Sy was die
dogter van Betuel, seun van Milka die vrou van Nahor, Abraham se broer. 16 Die meisie was baie mooi, 'n
jongmeisie met wie 'n man nog nie gemeenskap gehad het nie. Sy het afgegaan tot by die fontein en haar
kruik vol gemaak en teruggeklim. 17 Toe hardloop die slaaf haar tegemoet en sê vir haar: "Laat my tog 'n
bietjie water uit jou kruik drink." 18 En sy sê: "Drink gerus, Meneer!" Sy laat toe gou haar kruik rus op
haar hand, en laat hom water drink. 19 Toe hy klaar gedrink het, sê sy: "Ek sal vir die kamele ook gaan
water skep dat hulle genoeg kan drink." 20 Sy het gou haar kruik in die krip leeg gemaak en toe fontein toe
gehardloop om nog water te skep. Sy het vir al die kamele geskep. 21 Die man het haar in stilte aangekyk
om vas te stel of die Here hom in sy onderneming laat slaag het of nie.

22 Toe die kamele klaar gedrink het, sit hy 'n goue ring van ses gram aan haar neus en twee goue armbande
van honderd en vyftien gram aan haar arms, 23 en hy vra: "Wie se dogter is jy? Sê my tog, is daar in jou pa
se huis plek vir ons om te oornag?"

24 Sy het hom geantwoord: "Ek is die dogter van Betuel, die seun wat deur Milka vir Nahor in die wêreld
gebring is."

25 Verder het sy gesê: "Ons het baie strooi en kameelvoer, en daar is plek om te oornag."

26Toe het die man gekniel en tot die Here gebid: 27 "Aan die Here die God van Abraham wie se slaaf ek is,
kom die lof toe! Die Here het nie sy troue liefde van my eienaar weerhou nie en vir my het die Here reguit
gelei na die huis van my eienaar se broer toe."

28 Die meisie het na haar ma se huis toe gehardloop en alles gaan vertel. 29-30 Rebekka het 'n broer gehad
met die naam Laban. Toe hy die neusring sien en die armbande aan sy suster se arms en haar hoor vertel
wat die man alles vir haar gesê het, het hy na die man toe gehardloop by die fontein buite die stad. Toe

hy by hom kom, het die man nog by die kamele gestaan, langs die fontein. 31 Laban het vir hom gesê:
“Kom saam! Jy is ‘n man wat deur die Here geseën is. Waarom bly jy hier buite staan? Ek het vir jou plek
reggemaak in my huis, en daar is ook plek vir die kamele.”

32 Die man is toe saam huis toe, en Laban het die kamele laat afsaal en vir hulle voer gegee en strooi om op
te lê. Vir die man het hy water gegee om sy voete te was en ook vir die mense by hom. 33 Toe hulle vir die
man kos bring om te eet, sê hy: “Ek sal nie eet voor ek my opdrag uitgevoer het nie.” Laban het gesê: “Praat
gerus!”

34 Toe sê die man: “Ek is ‘n slaaf van Abraham. 35 Die Here het my eienaar baie geseën en hy is ryk. Die
Here het hom kleinvee en grootvee gegee, silwer en goud, slawe en slavinne, kamele en donkies. 36 Sara,
die vrou van my eienaar, het op gevorderde leeftyd vir hom ‘n seun in die wêreld gebring, en hy is die
erfgenaam. 37 My eienaar het my ‘n eed laat aflê toe hy vir my gesê het: ‘Jy mag nie my seun laat trou met
‘n dogter van die Kanaäniete in wie se land ek woon nie. 38 Nee, jy moet na my pa se huis toe gaan, na my
familie toe, en vir my seun ‘n vrou gaan haal.’ 39 Ek het vir my eienaar gesê: ‘Dalk sal die vrou nie saam
met my wil kom nie,’ 40 en toe sê hy vir my: ‘Ek leef naby die Here. Hy sal sy engel saam met jou stuur en
jou in die onderneming laat slaag sodat jy ‘n vrou vir my seun sal kan gaan haal by my familie, by my pa se
huis. 41 Jy sal slegs van jou eed vrygestel wees as jy na my familie toe gaan en hulle nie instem nie. Dan is
jy vry.’ 42 “Toe ek vandag by die fontein kom, het ek gebid: Here, God van Abraham wie se slaaf ek is, laat
my tog slaag in my onderneming. 43 Hier staan ek by die fontein waar ‘n jongmeisie van die stad sal kom
water skep. Ek sal vir haar vra om my ‘n bietjie water uit haar kruik te laat drink, 44 en as sy vir my sê:
‘Drink gerus maar, en ek sal vir jou kamele ook water skep,’ is sy die vrou wat deur U gekies is vir die seun
van my eienaar.

45 “Voor ek nog klaar was om saggies te bid, kom Rebekka daar aan met ‘n waterkruik op haar skouer en sy
gaan af tot by die fontein en skep, en toe vra ek vir haar: ‘Gee my tog ‘n bietjie water!’ 46 Sy laat toe gou
haar kruik van haar skouer af sak en sê: ‘Drink gerus! Ek sal u kamele ook water gee.’ Ek het toe gedrink en
sy het die kamele ook water gegee. 47 Ek het haar gevra: ‘Wie se dogter is jy?’ en sy het geantwoord: ‘Die
dogter van Betuel seun van Nahor en Milka.’ Toe het ek die ring aan haar neus gesit en die armbande aan
haar arms. 48 Ek het gekniel en tot die Here gebid. Ek het Hom, die God van Abraham wie se slaaf ek is,
geloof omdat Hy my reg gelei het om die dogter van die broer van my eienaar te kry as vrou vir sy seun. 49
“As u nou u verantwoordelikheid as familie teenoor my eienaar wil nakom, sê my dan. As u weier, sê my dit
sodat ek kan omdraai, waarheen ook al.”

50 Toe antwoord Laban en Betuel: “Wat gebeur het, is van die Here. Ons het vir jou daaroor niks te sê
nie. 51 Rebekka is hier by jou. Vat haar saam en gaan terug. Sy moet die vrou word van die seun van jou
eienaar. Dit is wat die Here gesê het.”

52 Toe Abraham se slaaf hoor wat hulle sê, het hy diep voor die Here gebuig. 53 Daarna het die slaaf
silwer- en goue goed en klere vir Rebekka gegee, en ook duur geskenke vir haar broer en haar ma. 54 Toe
het die slaaf en die mense wat by hom was, geëet en daar oornag.

Die volgende môre het hulle opgestaan en toe sê hy: “Laat my vertrek na my eienaar toe.” 55 Rebekka se
broer en haar ma het egter gesê: “Laat die dogter nog ‘n dag of tien by ons bly en dan kan sy gaan.” 56
Maar die slaaf het hulle geantwoord: “Moet my nie ophou nie. Die Here het my in my doel laat slaag. Laat
my gaan sodat ek na my eienaar toe kan gaan.” 57 Hulle het geantwoord: “Kom ons roep die dogter en
vra haar wat sy verkies.” 58 Hulle het vir Rebekka geroep en vir haar gevra: “Wil jy saam met hierdie man
gaan?” Sy het geantwoord: “Ja!”

59 Hulle het hulle suster Rebekka en die vrou wat haar grootgemaak het, saam met die slaaf van Abraham
en sy mense laat gaan. 60 Hulle het vir Rebekka met seënwense gegroet en vir haar gesê: “Ons suster, mag
jou nageslag tienduisende word, mag hulle die stede van hulle vyande verower!”

# VRYDAG

LEES:
*Genesis 24:1–60*

SOAP:
*Genesis 24:7–8*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# VRYDAG

*Dagstukkies vir Week 4*

**SOAP**

*Genesis 24:7–8*

*"Die Here die God van die hemel het my weggevat uit my familie, uit die wêreld waar ek gebore is, en my met 'n eed beloof: 'Ek gee hierdie land waar jy nou is, aan jou nageslag.' Die Here sal sy engel voor jou uit stuur sodat jy vir my seun 'n vrou van my land af sal kan bring. As die vrou nie saam met jou hierheen wil kom nie, is jy vrygestel van hierdie verpligting. Maar jy mag nie my seun laat teruggaan nie."*

**OORDENKING**

Soos die verhaal van Genesis beweeg van die lewe en geloof van Abraham, na die lewe en geloof van Isak, word Abraham se geloof in God se belofte verder bevestig. Deur 'n graf vir Sara te koop, het Abraham sy geloof in God se belofte om die land aan sy nageslag te gee, bevestig. Ons sien weereens hierdie geloof wanneer Abraham sy slaaf na Paddan-Aram toe stuur om 'n vrou vir Isak te vind.

Abraham moes 'n vrou vir Isak vind vir hierdie belofte om vervul te word. God kon nie vir Isak 'n groot nasie maak as hy ongetroud gebly het nie (Isak was omtrent 40 jaar oud toe hy getroud is). Abraham moes vir Isak 'n vrou uit sy eie volk vind, dus het hy sy slaaf na Paddan-Aram toe gestuur. Ons sien Abraham se geloof in sy opdrag dat Isak nie na sy bruid se woning gebring moet word nie, maar dat sy na Isak toe gebring moes word. Hy was oortuig dat God nie net vir Isak 'n vrou kon bring nie, maar dat God 'n vrou vir Isak kon bring in hulle nuwe tuiste, in die land van Kanaän, sodat sy nageslag die land kon bewoon wat God beloof het om aan hulle te gee.

Toe die slaaf by die fontein kom, het hy gebid dat God sy verbondstrou, sy hesed aan Abraham sal betoon. Die Hebreeuse woord hesed word dikwels vertaal as "getroue liefde" maar dit het 'n dieper betekenis as die woord "liefde" in Engels. God se hesed is verbind met sy verbond. Die slaaf het God gevra om sy verbondstrou aan Abraham te wys. Die slaaf was net so oortuig van die belofte wat God aan Abraham en sy familie gemaak het as Abraham self. Hy het geweet dat God getrou aan sy belofte en verbond met Abraham sal wees omdat hy dit baie kere sien gebeur het. Hier, terwyl hy die opdrag ontvang het om 'n vrou te vind om God se belofte te laat voortgaan, het hy vertrou dat God sou optree in sy verbondtrou teenoor sy dienskneg Abraham.

**GEBED**

Here God, U is altyd getrou. Dankie dat U vir my u getrouheid aan u beloftes en u verbond wys deur die verhaal van Abraham. Help my om geloof te hê soos Abraham en sy slaaf en dat ek sal glo dat U altyd sal optree in ooreenstemming met u verbond, maak nie saak wat nie. Amen.

# OORDENKINGSVRAE

1. Wat kan jy vandag doen om vrede in jou verhoudings te bevorder? Hoe kan jy ‘n seën wees vir diegene rondom jou deur in vrede te probeer lewe?

2. Hoe reageer jy as God jou vra om sy opdragte te gehoorsaam? Is daar iets wat God jou vandag vra om aan Hom oor te gee? Vra Hom vir geloof om te gehoorsaam!

3. Teken enkele van Abraham se oorwinnings van geloof en misstappe in die geloof aan. Hoe gee dit jou aanmoediging in jou eie geloofsreis?

4. Waarvoor wag jy op God om vir jou te doen? Hoe kan jy geloof in sy beloftes beoefen, selfs as jy Hom nie sien werk nie?

5. Hoe het jy God se trou en liefderyke goedhartigheid in jou lewe gesien? Op watter maniere het God jou oorweldig met sy goedheid soos Hy Abraham se slaaf oorweldig het?

# NOTAS

# NOTAS

# WEEK 5

*Isak het tot die Here gebid oor sy vrou, want sy was kinderloos. Die Here het sy gebed verhoor, en sy vrou Rebekka het swanger geword.*

**GENESIS 25:21**

# GEBED

## SKRYF JOU GEBEDSVERSOEKE EN LOFPRYSINGS VIR ELKE DAG NEER.

Gebedsfokus vir hierdie week:
Spandeer tyd om vir sendelinge te bid.

MAANDAG

DINSDAG

WOENSDAG

DONDERDAG

VRYDAG

# UITDAGING

Waarom is geloof so belangrik vir God? Wat beteken dit om seker te wees van die dinge wat ons hoop en oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie? Bestee hierdie week tyd om oor die geloof van Abraham, Sara, Isak en Rebekka te besin. Wat kan jy uit hulle geloof leer?

# MAANDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 5*

*Genesis 24:61-67*
Toe het Rebekka en haar slavinne op die kamele geklim en agter die man aan gegaan. Hy het haar saamgevat en hy is terug huis toe.

62 Isak het van Lagai-Roï-fontein af gekom. Hy het destyds in die Suidland
gewoon. 63 Hy het teen die aand se kant in die veld gaan stap en toe sien hy
meteens kamele aankom. 64 Rebekka het vir Isak gesien en van die kameel
afgespring 65 en vir Abraham se slaaf gevra: "Wie is die man wat daar oorkant in
die veld na ons toe aankom?" Die slaaf het geantwoord: "Dis my eienaar." Toe vat
sy haar sluier en trek dit oor haar gesig.

66 Die slaaf het vir Isak alles vertel wat gebeur het, en 67 Isak het vir Rebekka in
die tent van Sara, sy ma, laat woon en met Rebekka getrou. Sy was sy vrou en hy
het haar liefgehad. So is Isak vertroos ná sy ma se dood.

*Hebreërs 11:1*
Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie.

*Hebreërs 11:6*
As 'n mens nie glo nie, is dit onmoontlik om te doen wat God wil. Wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hy dié wat Hom soek, beloon.

# MAANDAG

LEES:
*Genesis 24:61–67; Hebreërs 11:1, 6*

SOAP:
*Hebreërs 11:1, 6*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# MAANDAG

*Dagstukkies vir Week 5*

**SOAP**

*Hebreërs 11:1, 6*

*Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie.*

*As 'n mens nie glo nie, is dit onmoontlik om te doen wat God wil. Wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hy dié wat Hom soek, beloon.*

**OORDENKING**

Rebekka het geen idee gehad dat haar lewe daardie dag sou verander nie. Sy het na die fontein buite die stad gegaan om water te kry, soos sy baie kere tevore gedoen het. Wat sy nie geweet het nie, was dat haar reis na die fontein op daardie dag 'n Goddelike bestiering was, een wat haar lewe drasties sou verander.

Rebekka was getrou in wat God haar gegee het. Sy het water gaan haal vir haar familie, en haar familie getrou gedien. Sy was gewillig om ander te help, vreemdelinge en buitestaanders, insluitende Abraham se slaaf. Sy het selfs water geskep vir sy kamele. Wat Rebekka nie geweet het toe sy aan 'n vreemdeling 'n eenvoudige daad van goedgunstigheid betoon het, was dat haar aksies 'n antwoord op sy gebed was. Abraham se slaaf het spesifiek gebid dat God 'n vrou vir Abraham se seun Isak sal voorsien en dat God die vrou sou identifiseer deur die manier waarop sy gedien het. Rebekka was die antwoord op 'n gebed en die voortsetting van die vervulling van God se belofte aan die familie van Abraham.

Soos Abraham se slaaf die doel van sy reis verduidelik het, het Rebekka God se voorsienigheid raakgesien. Sy was gewillig om haar familie, haar geboorteland en alles wat sy geken het, te verlaat om te trou met 'n man wat sy nog nooit ontmoet het nie, omdat sy in God se verbondstrou geglo het. Rebekka het herken hoe God besig was om te werk om sy doelstellings te bereik en sy was seker dat sy deel van sy Goddelike plan was.

Rebekka se gewilligheid om God te volg wys ongelooflike geloof. Haar lewe het skielik verander, maar sy het geglo dat God 'n plan vir haar gehad het. Haar aksies wys groot geloof in die voorsienigheid van God. Rebekka se voorbeeld moedig ons aan om getrou te wees in wat God vir ons gegee het om te doen. Haar geloof wys ons dat, ongeag waar ons is, God ons planne kan onderbreek met sy Goddelike planne. Mag ons soos Rebekka wees en gewillig wees om Hom te volg waar Hy ookal lei.

**GEBED**

Here, ek is seker dat U in my lewe werk. Selfs wanneer ek nie kan sien wat U doen nie, glo ek dat U 'n plan vir my en my familie het. Versterk my geloof terwyl ek op U wag en glo dat U u beloftes hou. Amen.

# DINSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 5*

## *Genesis 25:1-11*

Abraham het weer getrou, met Ketura. 2 Sy het vir hom in die wêreld gebring:
Simran, Joksan, Medan, Midian, Jisbak en Suag. 3 Joksan was die vader van Skeba
en Dedan. Die mense van Assur, Letus en Leüm was die nasate van Dedan. 4 Die
seuns van Midian was: Efa, Efer, Ganok, Abida en Eldaä. Al hierdie mense het van
Ketura afgestam.

5 Abraham het alles wat hy nagelaat het, aan Isak laat toekom, 6 maar terwyl
Abraham nog geleef het, het hy geskenke aan die seuns van sy byvrouens gegee en
die seuns weggestuur na Kedem toe in die ooste, weg van Isak af.

7-8 Abraham het op hoë ouderdom gesterf. Hy het honderd vyf en sewentig jaar
oud geword en was ‘n grysaard met ‘n vol lewe agter die rug toe hy gesterf het. 9
Sy seuns Isak en Ismael het hom begrawe in die Makpelagrot oos van Mamre op
die stuk grond wat vroeër behoort het aan die Hetiet Efron seun van Sogar. 10
Abraham het hierdie stuk grond by die Hetiete gekoop, en hy en sy vrou Sara is
albei daar begrawe. 11 Na Abraham se dood het die Here Abraham se seun Isak
geseën, en Isak het by Lagai-Roï-fontein gaan woon.

## *Hebreërs 6:13-20*

Toe God aan Abraham die belofte gemaak het, het Hy niemand groter as Hyself
gehad by wie Hy dit met ‘n eed kon bevestig nie. Daarom het Hy dit met ‘n eed
by Homself bevestig 14 en gesê: “Ek sal jou beslis ryklik seën en jou ‘n baie groot
nageslag gee.” 15 En so het Abraham dan, nadat hy geduldig gewag het, gekry
wat aan hom beloof is. 16 Mense lê ‘n eed af by iemand groter as hulleself. Vir
hulle is dit die bevestiging van ‘n saak, en dit sluit alle teëspraak uit. 17 En omdat
God aan die erfgename van die belofte bo alle twyfel wou verseker dat sy besluit
onveranderlik is, het Hy dit met ‘n eed gewaarborg. 18 Die twee onveranderlike
dinge, die belofte en die eed, waarborg dat God sy woord gestand sal doen, en is
vir ons wat ons toevlug tot Hom geneem het, ‘n kragtige aansporing om vas te hou
aan die hoop op wat vir ons weggelê is. 19 Hierdie hoop besit ons as ‘n veilige en
onbeweeglike lewensanker, wat agter die voorhangsel vas is. 20 Daar het Jesus, ons
Voorloper, ter wille van ons ingegaan, en Hy is vir ewig Hoëpriester volgens die
orde van Melgisedek.

# DINSDAG

LEES:
*Genesis 25:1–11; Hebreërs 6:13–20*

SOAP:
*Hebreërs 6:17–18*

*Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DINSDAG

*Dagstukkies vir Week 5*

### SOAP

*Hebreërs 6:17–18*

*En omdat God aan die erfgename van die belofte bo alle twyfel wou verseker dat sy besluit onveranderlik is, het Hy dit met 'n eed gewaarborg. Die twee onveranderlike dinge, die belofte en die eed, waarborg dat God sy woord gestand sal doen, en is vir ons wat ons toevlug tot Hom geneem het, 'n kragtige aansporing om vas te hou aan die hoop op wat vir ons weggelê is.*

### OORDENKING

God het verseker sy beloftes aan Abraham gehou en Abraham se lewe is gekenmerk deur ongelooflike geloof. Alhoewel hy nie perfek was nie, het Abraham God weer en weer geglo. Hy is as regverdig voor God gereken as gevolg van sy geloof.

Genesis 25 en 26 is nie in chronologiese volgorde nie; die verhaal van Abraham se dood word eerste gegee om die hoofstuk oor hom af te sluit as die waarborg van die belofte. Abraham het vir 175 jare geleef, dit wil sê hy het nog 15 jaar geleef na die geboorte van Jakob en Esau. Abraham het God se beloftes gesien waar word. God het hom nie net die vader van baie nasies en stamme gemaak deur sy sewe ander seuns nie, maar Abraham het ook Isak se nageslag geken.

Aan die einde van sy lewe het Abraham steeds in geloof gehandel. Alhoewel hy geskenke aan sy ses jonger seuns en aan Ismael gegee het, het hy alles wat hy gehad het, aan Isak, die erfgenaam van die belofte, nagelaat. Isak was die een deur wie God sou voortgaan om die nasies van die aarde te seën en wie se nageslag die land sou erf. God se belofte is onveranderlik, maak nie saak wat nie. God het die onveranderlike aard van sy plan en doel nie net aan Abraham gedemonstreer nie, maar ook aan Isak en Jakob. Abraham se geloof het toekomstige generasies beïnvloed om geloof in God se beloftes en sy verbond te hê en om in volgehoue gehoorsaamheid aan Hom te leef.

Abraham het seker gemaak dat die beloftes van God vervul sal word in toekomstige generasies. Alhoewel ons dalk nie die volheid van God se plan en doelwitte in ons leeftyd sien uitspeel nie, is dit belangrik dat ons die jonger generasies sal leer en opvoed om met God te wandel, sodat sy beloftes en doelstellings kan voortgaan. Sy doel is onveranderlik en ons kan bemoediging vind in sy onveranderlike aard. Ons het, soos Abraham, 'n verantwoordelikheid om God nie net in ons leeftyd te volg nie, maar ook om toekomstige generasies voor te berei om in God te glo en Hom te volg.

### GEBED

Here God, U is onveranderlik. U hou u woord. Wanneer U 'n belofte maak, vervul U dit sonder twyfel. Ek glo dat U beloftes onveranderlik en betroubaar is. Help my om die volgende generasie te leer en aan te moedig om U met hulle hele hart te volg. Amen.

# WOENSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 5*

### *Genesis 25:12-18*

Hier volg besonderhede oor die nageslag van Abraham se seun Ismael wat deur
Hagar, die Egiptiese slavin van Sara, vir Abraham in die wêreld gebring is.

13 In volgorde van hulle geboorte was Ismael se seuns: Nebajot, Kedar, Adbeël,
Mibsam, 14 Misma, Duma, Massa, 15 Gadad, Tema, Jetur, Nafis en Kedma. 16
Die name van hierdie seuns van Ismael is ook gegee aan hulle nedersettings en
blyplekke. Hulle was die twaalf leiers van hulle stamme.

17 Ismael was honderd sewe en dertig jaar oud toe hy gesterf het en begrawe is. 18
Sy nageslag het gewoon in die gebied van Gawila af tot by Sur, oos van Egipte in
die rigting van Assur, en hulle het met al Ismael se broerskinders oorlog gemaak.

### *Josua 21:45*

Nie een van al die goeie beloftes wat die Here aan Israel gemaak het, het onvervul gebly nie. Almal is nagekom.

# WOENSDAG

LEES:
*Genesis 25:12–18; Josua 21:45*

SOAP:
*Josua 21:45*

## *Scripture*

SKRYF DIE BYBELVERSE VIR VANDAG NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2 OPMERKINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# WOENSDAG

*Dagstukkies vir Week 5*

**SOAP**

*Josua 21:45*

*Nie een van al die goeie beloftes wat die Here aan Israel gemaak het, het onvervul gebly nie. Almal is nagekom.*

**OORDENKING**

God het baie beloftes aan Abraham gemaak. Hy het belowe om Abraham 'n groot nasie te maak. Hy het belowe dat baie nasies uit Abraham sal kom. Hy het belowe om Abraham se nageslag 'n land van hul eie te gee. Hy het belowe om al die nasies van die wêreld te seën deur Abraham. En, Hy het belowe om Abraham se eersgeborene, Ismael te seën, al was Ismael nie die beloofde erfgenaam nie.

Genesis 12–50 volg die familielyn Abraham, Isak en Jakob. Ismael se familielyn word in hierdie deel ingesluit om lesers te wys hoe God sy belofte aan Abraham vervul het, alhoewel dit nie dieselfde dekking as Isak se familielyn kry nie. Ismael was nie die seun van die belofte nie, maar God het beloftes aan hom en sy pa gemaak, beloftes wat God nagekom het. Die skrywer van Genesis het die verhaal van Ismael se familie ingesluit om lesers te herinner aan God se belofte-houende karakter in alle omstandighede. Hierdie deel sluit ook die verskuiwing in van die fokus op Abraham na 'n fokus op Isak.

Honderde jare later, nadat die Israeliete uit slawerny uit Egipte bevry is en in die Beloofde Land gevestig is, leer ons dat God weer al sy beloftes vervul het, hulle het almal waar geword. Ons God is vandag steeds dieselfde. Hy maak beloftes en Hy hou sy beloftes. Ons kan sy karakter bo ons omstandighede, bo ons eie mislukkings en foute vertrou, want Hy hou sy beloftes. Geen een van God se beloftes word onvervuld gelaat nie.

Wanneer ons glo dat God sy beloftes sal vervul, kan ons vrede vind in sy tydsberekening. Hy het miskien nie vir ons dieselfde spesifieke beloftes gegee as wat Hy aan Abraham of Ismael of die volk van Israel gegee het nie, maar Hy het inderdaad vir ons beloftes gegee. Hy belowe om met ons te wees en om ons nooit in die steek te laat nie. Hy belowe om in ons behoeftes te voorsien. Hy belowe om vir ons wysheid te gee wanneer ons daarvoor vra. En Hy belowe verlossing en 'n verhouding met Hom vir almal wat in Jesus Christus glo.

**GEBED**

Here God, U alleen is die Beloftehouer. Elke belofte wat U maak, word op die tyd wat U bepaal, vervul. Ek hou vandag aan U en aan U belofte-houende karakter vas. Help my in my ongeloof en help my om op u tydsberekening te vertrou. Amen.

# DONDERDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 5*

## *Genesis 25:19-26*

Hier volg besonderhede oor Isak seun van Abraham:

Abraham was Isak se pa, 20 en toe Isak veertig jaar oud was, het hy met Rebekka
getrou. Sy was die dogter van Betuel, ‘n Arameër uit Paddan-Aram, en ‘n suster
van Laban die Arameër.

21 Isak het tot die Here gebid oor sy vrou, want sy was kinderloos. Die Here het
sy gebed verhoor, en sy vrou Rebekka het swanger geword. 22 Die kinders het
in haar teen mekaar gestamp, en toe sê sy: “Waarom gebeur so iets met my?” Sy
het toe die Here gaan raadpleeg, 23 en Hy het vir haar gesê: “Daar is twee nasies
in jou, twee volke uit jou sal van mekaar geskei word. Een sal sterker wees as die
ander, die oudste sal die jongste dien.”

24 Toe Rebekka haar kinders in die wêreld bring, was dit tweelingseuntjies. 25 Die
eerste is gebore: rooi, vol hare soos ‘n veljas, en hy is Esau genoem. 26 Sy broer
is na hom gebore en dié se hand het aan Esau se hakskeen vasgehou. Hy is Jakob
genoem. Isak was sestig jaar oud toe hulle gebore is.

## *Psalm 113*

Prys die Here! Prys, dienaars van die Here, prys die Naam van die Here! 2 Die
Naam van die Here moet geloof word, nou en vir altyd. 3 Van waar die son opkom
tot waar dit ondergaan, moet die Naam van die Here geprys word! 4 Hoog bo al
die nasies heers die Here, sy mag strek selfs oor die hemele. 5-6 Wie in die hemel
of op die aarde is soos die Here ons God, wat hoog woon en hier onder alles
sien? 7 Die geringe help Hy op uit die stof, die arme laat Hy van die ashoop af
opstaan 8 om hom by vernames te laat sit, by die vernames van sy volk. 9 Aan die
kinderlose skenk Hy ‘n huisgesin, sy word ‘n gelukkige moeder van kinders. Prys
die Here!

# DONDERDAG

LEES:
*Genesis 25:19–26; Psalm 113*

SOAP:
*Genesis 25:21*

*Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# DONDERDAG

*Dagstukkies vir Week 5*

**SOAP**

*Genesis 25:21*

*Isak het tot die Here gebid oor sy vrou, want sy was kinderloos. Die Here het sy gebed verhoor, en sy vrou Rebekka het swanger geword.*

**OORDENKING**

Die vertelling oor Isak, die erfgenaam van die belofte, begin baie soos Abraham s'n. Net soos sy moeder, was Isak se vrou onvrugbaar. Sy moes twintig jaar wag om vir Isak 'n kind te gee wat die seën van God se belofte sou voortdra. Hulle het steeds God se Goddelike ingryping nodig gehad om die belofte te vervul.

Alhoewel die situasie ooreengestem het, was Isak se reaksie anders as sy ouers s'n. In plaas daarvan dat hy die belofte probeer waar maak het deur self in te gryp, het Isak hom na die Here gewend. Hy het vir Rebekka gebid en God het sy gebed verhoor. Isak se geloof in die belofte het tot God se antwoord gelei. Ons weet nie presies hoe lank Isak vir sy vrou gebid het nie (dalk twintig jaar), maar wat ons wel weet, is dat God geantwoord het.

Toe Rebekka swanger word, het sy groot benoudheid en pyn verduur as gevolg van die stryd tussen haar twee kinders. Die Hebreeuse woord beskryf 'n hewige en ongewone stryd, nie die tipiese beweging van 'n tweeling in die baarmoeder nie. Net soos Isak het Rebekka die Here geraadpleeg. Sy het haar na Hom gewend en Hy het haar geantwoord.

Hierdie verhaal loop oor van God se bonatuurlike voorsiening. God het 'n onvrugbare baarmoeder genees en Rebekka in haar pyn vertroos. Isak en Rebekka het tot die Here gebid in plaas van om op hulle eie middele staat te maak om die probleem op te los. Hulle geloof het hulle gelei na die Een wat in hulle behoefte kon voorsien en sy beloftes nakom.

Hoewel al die karakters in die patriargale verhale die een of ander tyd hulle eie middele aangewend het om 'n probleem of konflik op te los, is hul mislukking nie die fokus van die verhaal nie, maar hul geloof. In hulle groot nood het Isak en Rebekka hulle tot die Here gewend. Hulle het geglo dat Hy alleen hulle gebede kon verhoor. God is weer die held, want sonder sy Goddelike ingryping sou die belofte nie vervul kon word nie. God het ingetree om deur Isak en Rebekka sy eie voornemens vir die wêreld te verwesenlik. As ons in geloof volhard, en glo dat Hy aan die werk is (selfs in twintig jaar van onvrugbaarheid), kan ons hoop en vrede vind.

**GEBED**

Here God, ek glo dat U my gebede verhoor. Here, ek weet nie hoe lank dit gaan neem voordat U antwoord nie. Terwyl ek wag, help my om te glo dat U besig is om te werk. Ek vertrou op U, selfs wanneer ek U nie kan sien beweeg nie. Gee my geloof soos Isak en Rebekka om selfs te midde van my pyn na U te draai. Amen.

# VRYDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 5*

*Genesis 25:27-34*
Die seuns het grootgeword. Esau was ‘n ervare jagter, ‘n man van die veld; Jakob was ‘n rustige mens, hy het tuis gebly. 28 Isak het vir Esau voorgetrek, want Isak het van wildsvleis gehou. Rebekka weer het vir Jakob voorgetrek.

29 Op ‘n dag terwyl Jakob lensiesop aan die kook was, kom Esau doodmoeg uit die veld daar aan 30 en sê vir Jakob: “Laat my gou van die rooi goed wegsluk, van daardie rooi goed. Ek is doodmoeg!” Daarom is hy Edom genoem.

31 Toe sê Jakob vir hom: “Verkoop eers jou reg as eersgeborene aan my.” 32 Esau het geantwoord: “Ek gaan tog sterf. Wat baat dit my om die eersgeborene te wees?” 33 Jakob sê toe vir hom: “Beloof my nou met ‘n eed dat jy jou reg as eersgeborene aan my oormaak.” Esau het dit gedoen en so sy reg as eersgeborene aan Jakob verkoop.

34 Daarna het hy vir Esau brood en lensiesop gegee, en hy het geëet. Toe hy klaar was, het hy uitgestap. Dit is hoe min Esau gedink het van sy reg as eersgeborene.

*1 Johannes 2:15-17*
Moenie die sondige wêreld en die dinge van die wêreld liefhê nie. As iemand die wêreld liefhet, is die Vader se liefde nie in hom nie. 16 Die wêreldse dinge – alles wat die sondige mens begeer, alles wat sy oë sien en begeer, al sy gesteldheid op besit – kom nie van die Vader nie, maar uit die wêreld. 17 En die wêreld met sy verleidelike dinge gaan verby, maar wie die wil van God doen, bly ewig lewe.

# VRYDAG

LEES:
*Genesis 25:27–34; 1 Johannes 2:15–17*

SOAP:
*1 Johannes 2:15–17*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# VRYDAG

*Dagstukkies vir Week 5*

**SOAP**

*1 Johannes 2:15–17*

*Moenie die sondige wêreld en die dinge van die wêreld liefhê nie. As iemand die wêreld liefhet, is die Vader se liefde nie in hom nie. Die wêreldse dinge – alles wat die sondige mens begeer, alles wat sy oë sien en begeer, al sy gesteldheid op besit – kom nie van die Vader nie, maar uit die wêreld. En die wêreld met sy verleidelike dinge gaan verby, maar wie die wil van God doen, bly ewig lewe.*

**OORDENKING**

In die woordewisseling tussen Jakob en Esau oor die geboortereg vind ons geen blywende oplossing tussen die broers en geen Goddelike goedkeuring vir enige van hulle optrede nie. Die insluiting van die verhaal sorg vir verskeie belangrike storielyne: die kontras tussen Jakob en Esau, die konflik tussen die broers, en die begin van die vervulling van God se belofte dat die oudste die jongste sal dien.

Esau word beskryf as 'n goddelose persoon wat die dinge van God verag het en 'n lewe van wêreldse vryheid nagejaag het. Jakob het die dinge van God so reikhalsend begeer dat hy niks sou ontsien het om dit te bekom nie. Esau was wild, Jakob was rustig. Esau was fisies, Jakob was uitgeslape. Isak was lief vir Esau, Jakob was Rebekka se gunsteling. In teenstelling met Jakob wat God se seëninge wou bekom, wou Esau sy vleeslike begeertes bevredig. Albei was ervare jagters, Esau van wild en Jakob wat geslepenheid betref.

Nòg Jakob nòg Esau se gedrag in hierdie verhaal was voorbeeldig. Esau het toegelaat dat sy vlees, sy begeerte om sy liggaamlike honger te bevredig, die voorkeur geniet, selfs bo die heilige dinge van God. Hy het geleef om sy vlees te bevredig en impulsief opgetree en daardeur sy geboortereg geminag. Hoewel dit duidelik is dat Jakob sy broer gemanipuleer en beheer het om te kry wat hy wou hê, veroordeel die skrif Jakob se gedrag moreel nie so sterk as Esau s'n nie. God het hierdie gebeurtenis gebruik om sy voornemens uit te voer om, soos Hy beloof het, Jakob se oppermag oor sy broer te verhoog.

As volgelinge van Christus word ons geroep om anders as die wêreld te leef. Ons kan nie soos Esau leef om ons vleeslike begeertes te bevredig nie. In plaas daarvan moet ons die dinge van God nastreef. Ons word egter nie van sonde verskoon as ons, soos Jakob, geestelike dinge eerbiedig nie. Ons moet ons nog steeds so gedra dat God daardeur geëer en verheerlik word, ongeag wat dit ons persoonlik kos. Die wêreld gaan verby, maar as ons die wil van God doen, verkry ons die ewige lewe.

**GEBED**

Here God, ek wil nie meer die dinge van die wêreld begeer nie. Wys vir my die dinge in my lewe wat wêrelds is. Help my om dié dinge uit my lewe weg te kry sodat ek U volkome kan eer en 'n lewe in diens van U alleen lei. Amen.

# OORDENKINGSVRAE

1. Het God al ooit jou lewe of planne onderbreek op die manier waarop hy Rebekka s'n onderbreek het? Hoe het jy gereageer? Hoe sou jy wou reageer as God jou planne vandag onderbreek?

2. Hoe rus jy die volgende generasie toe om in geloof voort te gaan? Wat kan jy doen om 'n erfenis van geloof en gehoorsaamheid na te laat vir diegene wat na jou kom?

3. Hoe versoen jy jou met God se belofte-houende karakter wanneer dit lyk asof Hy nie sy beloftes aan jou nakom nie? Hoe kan jy oortuig wees dat Hy sy beloftes sal nakom en in jou lewe getrou sal wees?

4. Wat doen jy as dit lyk asof God nie op jou gebede reageer nie? Hoe kan jy vandag voortgaan om tot Hom te nader en op Hom te vertrou, selfs as jy nie sien dat Hy werk nie?

5. Hou jy van die dinge van die wêreld? Wat kan jy doen om 'n liefde vir die wêreld of die verlange om die begeertes van die vlees te bevredig, te verwyder?

# NOTAS

# NOTAS

# WEEK 6

*God die Almagtige sal jou seën: Hy sal jou vrugbaar maak en jou 'n groot nageslag gee. Jy sal 'n baie groot volk word. Hy sal jou die seën laat toekom wat Hy aan Abraham gegee het: jy en jou nageslag sal die land waarin jy woon, as besitting ontvang, die land wat God aan Abraham gegee het.*

**GENESIS 28:3–4**

# GEBED

## SKRYF JOU GEBEDSVERSOEKE EN LOFPRYSINGS VIR ELKE DAG NEER.

Gebedsfokus vir hierdie week:
Spandeer tyd om vir jouself te bid.

MAANDAG

DINSDAG

WOENSDAG

DONDERDAG

VRYDAG

# UITDAGING

Maak 'n lys van die maniere waarop God jou geseën het. Maak seker dat jy geestelike seëninge sowel as materiële, fisiese en verhouding seëninge noem. Sy getrouheid in die verlede is 'n voorbeeld en 'n belofte vir sy getrouheid in die toekoms. Teken sy getrouheid vandag aan en maak seker dat jy na hierdie lys kyk wanneer dit moeilik voel om Hom te vertrou.

# MAANDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 6*

## *Genesis 26:1-11*

Na die eerste hongersnood vroeër in Abraham se tyd was daar weer ‘n hongersnood
in die land. Isak het toe na Gerar toe getrek, na koning Abimelek van die Filistyne
toe. 2 Die Here het aan Isak verskyn en vir hom gesê: “Moenie Egipte toe trek nie.
Bly waar Ek jou sê: in hierdie land. 3 Bly ‘n tyd lank hier, en Ek sal by jou wees
en jou voorspoedig maak. Ek gee hierdie hele wêreld aan jou en jou nageslag. Ek
sal die belofte nakom wat Ek met ‘n eed teenoor jou vader Abraham afgelê het.
4 Ek sal jou nageslag so baie maak soos die sterre aan die hemel. Ek sal hierdie
hele wêreld aan jou nageslag gee, en al die nasies van die aarde sal in jou nageslag
geseën wees, 5 want Abraham het na My geluister en hy was gehoorsaam aan my
bevel: my gebooie, my voorskrifte en my wette.” 6 Isak het toe in Gerar gebly.

7 Die mense daar het oor sy vrou begin uitvra, en hy het gesê: “Dit is my suster.”
Hy was bang om te sê dis sy vrou, want dan sou hulle hom dalk doodmaak oor
Rebekka wat ‘n baie mooi vrou was.

8 Toe hy ‘n lang ruk daar gebly het, het koning Abimelek van die Filistyne op ‘n
keer deur die venster gesien hoe Isak sy vrou Rebekka liefkoos. 9 Abimelek het
hom laat kom en vir hom gesê: “Maar sy is dan jou vrou! Hoekom het jy gesê sy
is jou suster?” Isak het geantwoord: “Ek het gedink ek kan dalk doodgemaak word
oor haar.”

10 Daarop sê Abimelek: “Wat het jy ons aangedoen! Hoe maklik kon een van die
mans met jou vrou gemeenskap gehad het, en dan was jy die oorsaak dat ons sonde
gedoen het.” 11 Abimelek het toe al sy mense gewaarsku: “Wie hierdie man of sy
vrou molesteer, sal doodgemaak word.”

# MAANDAG

LEES:
*Genesis 26:1–11*

SOAP:
*Genesis 26:3–4*

*Scripture*

SKRYF DIE BYBELVERSE VIR VANDAG NEER.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2 OPMERKINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# MAANDAG

*Dagstukkies vir Week 6*

#### SOAP

*Genesis 26:3–4*

*Bly 'n tyd lank hier, en Ek sal by jou wees en jou voorspoedig maak. Ek gee hierdie hele wêreld aan jou en jou nageslag. Ek sal die belofte nakom wat Ek met 'n eed teenoor jou vader Abraham afgelê het. Ek sal jou nageslag so baie maak soos die sterre aan die hemel. Ek sal hierdie hele wêreld aan jou nageslag gee, en al die nasies van die aarde sal in jou nageslag geseën wees*

#### OORDENKING

As dit vir jou voel asof jy al vantevore hierdie verhaal gelees het, is jy reg. Genesis 26:1–11 kom ooreen met die verhale in Genesis 12:10–20 en 20:1–18. In hierdie soortgelyke weergawes het die ontvanger van die belofte voor hindernisse te staan gekom wat sy geloof getoets en die belofte bedreig het.

Eerstens is daar nog 'n droogte in die land. Op pad Egipte toe, trek Isak na Abimelek in Gerar toe. In teenstelling met Abraham se optrede, gaan Isak nie enduit tot in Egipte nie. In plaas daarvan, bly hy in die land omdat God hom beveel het om daar te bly. Isak tree in geloof op, en bly. In Isak se geloofsdaad het God die belofte herbevestig. Alles wat God belowe het om vir Abraham te doen, belowe Hy om ook vir Isak te doen. Isak sou 'n groot nageslag hê wat die land sou bewoon en al die nasies van die aarde sou deur sy nageslag geseën word. God sou sy belofte nakom as gevolg van Abraham se geloof. Abraham het vir Isak, vir sy kinders, en vir ons die voorbeeld van geloof geword. God het Abraham aangeprys oor sy geloof en beloof om sy nageslag verder deur Isak te seën.

In die tweede bekende scenario het Isak vir Abimelek gesê Rebekka is sy suster en nie sy vrou nie. In plaas daarvan om verder in geloof op te tree, het Isak uit vrees opgetree. Selfs net nadat God bevestig het dat die belofte en seën deur Isak sou kom, het Isak uit vrees opgetree en vir Abimelek oor Rebekka gelieg. En tog, selfs nadat hy net soos sy pa misluk het, het God vir Isak, sy familie en die belofte bewaar. God is weer eens die held.

Weer eens het God ingegryp. God het toegelaat dat Abimelek vir Isak en Rebekka saam sien, en daardeur die belofte bewaar. Hoewel Isak se geloof die gevaar van die droogte dapper die hoof gebied het, het sy vrees deur sy leuens 'n bespotting van sy en sy pa se getrouheid gemaak. Mag ons, wanneer ons voor die keuse te staan kom om te vertrou op God se voorsiening, bewaring, om 'n pad te maak of in te gryp, in geloof reageer, nie uit vrees nie. Vrees maak 'n bespotting van die soewereiniteit van God; geloof, daarenteen, verklaar onbeskaamd die mag van die God wat ons dien.

#### GEBED

Here God, dankie vir die voorbeeld van Abraham se geloof. Dankie dat U nie net voorbeelde van sterk geloof verskaf nie, maar ook voorbeelde van mense wat uit vrees gereageer het. U het aan Isak barmhartigheid en goedheid betoon toe hy misluk het, en ek weet dat U my ook genadig sal wees as ek voor vrees swig. Help my om vandag in U vertroue te hê. Amen.

# DINSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 6*

## *Genesis 26:12-33*

Isak het in daardie gebied gesaai, en daardie jaar het die saad honderdvoudig geskiet. Die Here het hom voorspoedig gemaak, 13 en hy het 'n ryk man geword, hy het vooruitgegaan sodat hy later baie ryk was. 14 Hy het troppe kleinvee en grootvee gehad en baie slawe. Toe het die Filistyne uit afguns 15 al die putte wat die slawe van sy pa Abraham nog in dié se tyd gegrawe het, toegegooi en opgevul.

16 Toe sê Abimelek vir Isak: "Trek weg van ons af. Jy het vir ons te sterk geword." 17 Hy is toe daar weg en hy het by Gerarspruit kamp opgeslaan en daar gebly. 18 Isak het toe die putte oopgegrawe wat in sy pa Abraham se tyd gegrawe is en wat na Abraham se dood deur die Filistyne toegegooi is. Isak het die name wat sy pa aan die putte gegee het, weer aan hulle gegee.

19 Isak se slawe het 'n put gegrawe in die spruit en sterk water gekry. 20 Toe stry die skaapwagters van Gerar met dié van Isak en sê: "Dié water behoort aan ons. Isak het toe die put "Rusie" genoem, omdat hulle daar met hom rusie gemaak het. 21 Sy slawe het 'n ander put gegrawe, en ook daaroor het die Filistyne klagtes gehad, en toe noem Isak dit "Klagte". 22 Van daar af het hy versit en 'n ander put gegrawe, en hulle het nie daaroor gestry nie. Toe noem hy die put "Ruimte", "want," het hy gesê, "nou het die Here vir ons ruimte gemaak en in dié land sal ons voorspoedig wees."

23 Van daar af het Isak na Berseba toe getrek, 24 en die nag toe hy daar kom, het die Here aan hom verskyn en vir hom gesê: "Ek is die God van jou vader Abraham. Moenie bang wees nie, want Ek is by jou. Ek sal jou seën en jou 'n groot nageslag gee ter wille van my dienaar Abraham." 25 Isak het daar 'n altaar gebou en die Naam van die Here aangeroep. Isak het sy tente daar opgeslaan, en sy slawe het 'n put gegrawe.

26 Toe kom Abimelek uit Gerar saam met Agussat sy vertroueling en Pikol die bevelvoerder van sy leër na Isak toe, 27 en Isak sê vir hulle: "Waarom kom julle na my toe? En dit nogal nadat julle my onvriendelik behandel het en my van julle af weggestuur het!" 28 Hulle het geantwoord: "Ons het baie duidelik gesien die Here is by jou. Ons wil onder eed 'n ooreenkoms met jou aangaan. Ons wil 'n verdrag met jou sluit 29 dat jy ons nie sleg sal behandel nie, net soos ons jou nie benadeel het nie. Ons het net goed aan jou gedoen en jou sonder enige skade van ons af laat weggaan. Dit is so: jy word deur die Here geseën." 30 Isak het toe vir hulle 'n maaltyd klaargemaak en hulle het geëet. 31 Die volgende môre het hulle vroeg klaargemaak en hulle en Isak het aan mekaar 'n belofte onder eed gemaak. Toe het Isak hulle laat gaan en is hulle in vrede van hom af weg.

32 Daardie dag het Isak se slawe gekom en hom vertel van die put wat hulle gegrawe het. Hulle het vir hom gesê: "Ons het water gekry." 33 Toe noem hy dit Seba en daarom is die naam van die stad nou nog Berseba.

# DINSDAG

LEES:
*Genesis 26:12–33*

SOAP:
*Genesis 26:24*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DINSDAG

*Dagstukkies vir Week 6*

**SOAP**

*Genesis 26:24*

*En die nag toe hy daar kom, het die Here aan hom verskyn en vir hom gesê: "Ek is die God van jou vader Abraham. Moenie bang wees nie, want Ek is by jou. Ek sal jou seën en jou 'n groot nageslag gee ter wille van my dienaar Abraham."*

**OORDENKING**

Die Here was sekerlik by Isak. Soos Hy by Abraham was en hom geseën het, het God aangehou om by Isak te wees en hom te seën. Die skrywer van Genesis maak dit vir sy lesers duidelik dat God Isak oorvloedig geseën het, ver bo wat hy self sou kon vermag. Diegene rondom Isak het geweet dat God by hom is. Namate Isak se rykdom vermeerder het, het sy bekendheid toegeneem, soseer dat die Filistyne later op sy reputasie jaloers geraak het.

Toe Isak nuwe putte in die woestyn moes vind om die geskille met die Filistyne te besleg, het God telkens voorsien. Keer op keer het Isak se slawe water gekry, nie omdat hulle geweet het waar om te soek nie, maar omdat God met hulle was. God se ingryping was ooreenkomstig met sy verbond om Isak voortdurend te seën en 'n groot nasie van hom te maak. Toe Isak in die geloof volhard, het sy vyande besef dat God agter sy groot sukses was.

Die Filistyne en ander omliggende nasies moes erken dat Isak se sukses en seën van die Here gekom het. Isak kon vanweë sy geloof in vrede met die omliggende volke leef. Hy het geglo dat God vir hom sou voorsien, en daarom het hy elke keer as daar 'n geskil was, weggetrek. Hy het geweet God wou hê dat hy in vrede met sy bure moes saamleef en hy het God vertrou om dit vir hom moontlik te maak. Selfs al het sy bure sy sukses probeer dwarsboom, het hy op God se voorsiening bly vertrou en vreedsaam tussen hulle bly woon.

As ons in vrede met ons bure, vriende, en familie saambly, verkondig ons God se getrouheid. Vrede beteken nie die afwesigheid van konflik nie. Dit beteken dat, wanneer konflik ontstaan, ons God kan vertrou om in ons en ons naaste se behoeftes te voorsien. As ons bereid is om te vergewe en genade te betoon, en vertrou dat God ons saak verdedig, is ons 'n getuienis aan die wêreld van sy goedheid en liefde.

**GEBED**

Here God, U voorsien vrede. Ek hoef niks te vrees nie want ek weet U is die God wat my verdedig en vrede bied. Help my om in vrede met diegene om my saam te leef sodat ek 'n getuienis van u goedheid en liefde kan wees. Amen.

# WOENSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 6*

## *Genesis 26:34-27:29*

Toe Esau veertig was, het hy getrou met Jehudit dogter van Beëri, 'n Hetiet, en
met Basemat dogter van Elon, 'n Hetiet. 35 Hulle het baie kommer in Isak en
Rebekka se lewe gebring.

1 Toe Isak baie oud en al blind was, het hy sy oudste seun, Esau, geroep en vir
hom gesê: "My seun!" en Esau het geantwoord: "Hier is ek!" 2 Isak het vir hom
gesê: "Kyk, ek is al oud en ek weet nie wanneer ek gaan sterf nie. 3 Vat nou jou
skietgoed, jou pyl en boog, en gaan veld toe en skiet vir my 'n stukkie wild. 4 Kom
maak dit dan vir my lekker gaar soos ek daarvan hou en bring dit vir my dat ek dit
kan eet en jou kan seën voor ek sterf."

5 Rebekka het gehoor wat Isak met sy seun Esau praat en toe Esau veld toe is om
te gaan jag, 6 het sy met haar seun Jakob gepraat en vir hom gesê: "Luister, ek het
gehoor jou pa praat met jou broer Esau. Hy het vir hom gesê: 7 'Gaan haal vir my
'n stukkie wild en maak dit vir my lekker gaar dat ek dit kan eet en ek jou dan in
die teenwoordigheid van die Here kan seën voor ek sterf.' 8 Nou moet jy na my
luister, my seun, en doen wat ek jou sê. 9 Gaan na die kleinvee toe en bring vir my
twee vet bokkies. Dan sal ek hulle lekker gaarmaak soos jou pa daarvan hou. 10 Jy
moet dit dan vir hom vat dat hy dit kan eet en jou kan seën voor hy sterf."

11 Toe sê Jakob vir sy ma Rebekka: "Maar my broer Esau is harig en ek is glad. 12
Miskien sal Pa aan my voel en dan dink ek skeer die gek met hom, en so sal ek 'n
vervloeking oor my bring en nie 'n seën nie." 13 Sy ma het vir hom gesê: "As daar
'n vervloeking is, sal dit oor my kom, my seun. Luister jy net na my en loop vang
die bokkies vir my."

14 Hy het die bokkies gaan vang en vir sy ma gebring, en sy het hulle lekker
voorberei soos sy pa daarvan hou. 15 Toe vat Rebekka haar oudste seun Esau se
beste klere wat sy by haar in die huis gehad het en trek dit vir haar jongste seun
Jakob aan. 16 Sy het die bokvelletjies om sy hande en om sy kaal nek vasgemaak
17 en die lekkerny en die kos wat sy voorberei het, vir Jakob gegee.

18 Hy het toe na sy pa toe ingegaan en gesê: "Pa!" Toe sê hy: "Ja, watter seun is
jy?" 19 Jakob het sy pa geantwoord: "Ek is Esau, Pa se oudste seun. Ek het gedoen
wat Pa gesê het. Kom sit nou regop en eet van my wildsvleis sodat Pa my dan kan
seën." 20 Maar Isak het vir hom gevra: "Hoe het jy dan die wild so gou gekry, my
seun?" en Jakob het geantwoord: "Die Here u God het my dit laat raakloop." 21
Toe sê Isak vir Jakob: "Kom nader dat ek aan jou kan voel, my seun, of jy my seun
Esau is of nie." 22 Jakob het nader gegaan na sy pa Isak toe, en toe hy aan hom
voel, sê hy: "Die stem, dis Jakob se stem, maar die hande, dis Esau se hande." 23
Isak het nie vir Jakob herken nie, want sy hande was harig soos sy broer Esau s'n.
Isak het toe vir Jakob geseën. 24 Isak het vir hom gesê: "Jy is tog my seun Esau!"
en Jakob het gesê: "Ek is." 25 Toe sê Isak: "Gee die wild aan dat ek daarvan kan
eet, my seun, en jou dan kan seën." Hy het dit vir hom aangegee en Isak het geëet,
en Jakob het vir hom wyn gebring, en hy het dit gedrink. 26 Isak het vir hom gesê:
"Kom nader en soen my, my seun!" 27 Hy het nader gekom en hom gesoen, en toe
hy die reuk kry van die klere wat Jakob aanhet, het Isak hom geseën en gesê: "Kyk,
die reuk van my seun is soos die veld se reuk, die veld wat deur die Here geseën is.

28 God gee aan jou dou uit die hemel, die rykdom van die aarde: koring en wyn in oorvloed. 29 Volke sal jou dien, nasies sal voor jou buig; oor jou familie sal jy heers, jou broers sal voor jou buig. Wie 'n vervloeking oor jou uitspreek, sal self vervloek wees, wie jou seën, sal geseën wees."

*Romeine 9:6-18*

Dit wil nie sê dat die woord van God nie meer geld nie. Immers, nie almal wat van Israel afstam, is werklik Israel nie; 7 en nie almal wat nakomelinge van Abraham is, is werklik kinders van Abraham nie. Inteendeel, die belofte was: "Uit Isak sal daar vir jou 'n nageslag kom." 8 Dit wil sê: Dit is nie die kinders wat in die gewone gang van die lewe gebore is, wat kinders van God is nie; dit is die kinders wat kragtens die belofte van God gebore is, wat as Abraham se nageslag gereken word. 9 Die woorde: "Op dié tyd sal Ek weer kom, en dan sal Sara 'n seun hê," was immers 'n belofte.

10 En dis nie al nie. Rebekka was net een keer swanger, deur ons voorvader Isak. 11-13 Toe haar kinders nog nie gebore was nie en ook nog niks goeds of kwaads gedoen het nie, toe is al vir haar gesê: "Die oudste sal die jongste dien." Daar staan ook geskrywe: "Vir Jakob het Ek liefgehad, maar vir Esau het Ek gehaat." Die besluit van God is gegrond op uitverkiesing; dit hang dus nie af van wat 'n mens doen nie, maar van Hom wat jou roep.

14 Wat moet ons hieruit aflei? Dat God onregverdig is? Beslis nie! 15 Vir Moses het Hy gesê: "Ek sal barmhartig wees oor wie Ek barmhartig wil wees, en Ek sal My ontferm oor wie Ek My wil ontferm." 16 Dit hang dus nie af van 'n mens se wil of strewe nie, maar van God wat barmhartig is. 17 In die Skrif sê God immers vir die farao: "Juis hiervoor het Ek jou teen My in opstand laat kom: dat Ek in jou my krag kan toon en dat my Naam oor die hele aarde verkondig kan word." 18 Dit is dus inderdaad so dat God Hom ontferm oor wie Hy wil, en dat Hy verhard wie Hy wil.

# WOENSDAG

LEES:
*Genesis 26:34–27:29; Romeine 9:6–18*

SOAP:
*Romeine 9:14–15*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# WOENSDAG

*Dagstukkies vir Week 6*

**SOAP**

*Romeine 9:14–15*

*Wat moet ons hieruit aflei? Dat God onregverdig is? Belsis nie! Vir Moses het Hy gesê: "Ek sal barmhartig wees oor wie Ek barmhartig wil wees en ek sal My ontferm oor wie Ek My wil ontferm."*

**OORDENKING**

Ten spyte van die beloftes of opdragte van God, skep ons dikwels situasies deur bedrog en manipulasie wat ons verhoudings vernietig. Die optrede van Isak se familie bied ons 'n waarskuwing: Ongeag wat ons dink ons verdien, dit is altyd beter om God se voorsiening bo ons eie te vertrou.

In die strewe na die seën het Isak se familie gefragmenteer. Isak het geweet Jacob, sy jonger seun sou die een wees wat die seën erf. Toe Rebekka swanger was, het God Jakob gekies om die belofte van God aan Abraham na te kom en nie vir Esau nie. Maar Isak het vir Esau liefgehad en hy het God se proklamasie verontagsaam en was van plan om Esau te seën. Esau het ingestem en probeer om die seën van Isak te ontvang al het hy sy eersgeboortereg aan Jakob verkoop. Op dieselfde tyd het Rebekka en Jakob gepoog om die seën vir Jakob deur bedrog te verkry. In plaas daarvan om die verwarring met liefde of geloof te konfronteer, bedrieg Rebekka en Jakob vir Isak om die seën te verkry.

God was duidelik in sy keuse om vir Jakob te seën. Romeine 9 verduidelik hoe God doelbewus gekies het om Jakob te seën en nie vir Esau, Isak se eergeborene nie. In plaas daarvan om te glo in God se belofte dat hy oor sy broer sou heers, vertrou Jakob sy eie middele. Hy het sy vader mislei en daardeur die gesinsverhoudinge verbrokkel.

God het inderdaad 'n plan gehad om Jakob te seën wat nie 'n morele mislukking ingesluit het nie. Tog, selfs in sy mislukking het God Jakob geseën. God het genade en medelye aan Jakob betoon en hom toegelaat om op hierdie manier die seën te ontvang. God werk in alle aspekte van ons lewens, selfs deur ons sonde en mislukking. Selfs as ons nie op Hom vertrou nie, kan (en wil) Hy sy voornemens bereik, maar ons skep hartseer en pyn as ons ons eie gang gaan. Mag ons in geloof handel en vertrou dat wanneer God 'n belofte maak, Hy reeds 'n plan het om dit na te kom, ongeag hoe ons omstandighede lyk.

**GEBED**

Here God, maak my geloof en my geduld meer. Ek glo dat wanneer U 'n belofte maak, U dit reeds nagekom het. Daar is geen onreg by U nie en U maak altyd 'n weg om barmhartigheid te betoon. Ek glo U het 'n plan, selfs in my pyn. Amen.

# DONDERDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 6*

*Genesis 27:30-46*

Toe Isak vir Jakob klaar geseën het, en hy nog skaars by sy pa Isak uit was, kom sy
broer Esau terug van die jag af. 31 Ook hý het 'n lekker ete voorberei en dit vir sy
pa gevat. Esau het vir sy pa gesê: "Sit regop, Pa, en eet van Pa se seun se wildsvleis
sodat Pa my dan kan seën." 32 Toe vra sy pa Isak: "Wie is jy?" en hy antwoord: "Pa
se seun Esau, Pa se oudste." 33 Isak was toe baie ontsteld en hy vra: "Maar wie het
dan die wild geskiet en vir my gebring? Ek het daarvan geëet net voor jy gekom
het. Ek het hóm geseën, en hy sal geseën bly."

34 Toe Esau hoor wat sy pa sê, het hy hard en bitter begin skree en by sy pa
gepleit: "Pa, seën my tog ook!" 35 Maar Isak sê vir hom: "Jou broer het my kom
bedrieg en toe het hy jou seën gevat." 36 Esau het geantwoord: "Hy word tereg
Jakob genoem. Hy het my nou al twee keer bedrieg: hy het my reg as eersgeborene
gevat en nou het hy my seën gevat." Toe vra Esau: "Het Pa nie nog 'n seën vir my
ook nie?"

37 Isak het vir hom gesê: "Ek het hom alreeds aangestel om oor jou te heers en
ek het sy hele familie vir hom as onderdane gegee. Ek het hom van koring en wyn
voorsien. Daar is niks wat ek vir jou kan doen nie, my seun." 38 Esau het toe vir
sy pa gesê: "Pa, het Pa dan net een seën? Seën my tog ook, Pa!" Toe Esau daarna
begin huil,

39 sê sy pa Isak vir hom: "Jou woonplek sal ver van die aarde se rykdom af wees,
en ook ver van die dou uit die hemel af. 40 Jy sal van oorlog leef en jy sal jou
broer dien, maar as jy jou kans afwag, sal jy sy juk van jou nek afgooi."

41 Esau het vir Jakob gehaat oor die seën wat sy pa aan hom gegee het, en Esau
het by homself gesê: "My pa se dood is nie meer ver nie, dan maak ek my broer
Jakob dood."

42 Daar is aan Rebekka vertel wat haar oudste seun gesê het. Sy het toe haar
jongste seun Jakob laat roep en vir hom gesê: "Pas op! Jou broer Esau is op wraak
uit. Hy wil jou vermoor. 43 Luister, my seun! Vlug Haran toe, na my broer
Laban toe, 44 en bly 'n ruk by hom tot jou broer se woede oor is. 45 As sy bui
oor jou gesak het en hy vergeet het wat jy hom aangedoen het, sal ek stuur en jou
daarvandaan laat haal. Waarom moet ek julle altwee op een dag verloor?"

46 Rebekka het vir Isak gesê: "Ek is nou siek en sat van hierdie Hetitiese vrouens
van Esau. As Jakob ook met Hetitiese meisies trou, met meisies soos hulle uit
hierdie land, kan ek net so wel sterf."

*Hebreërs 11:20*

Omdat Isak geglo het, het hy Jakob en Esau geseën met die oog op die toekoms.

# DONDERDAG

LEES:
*Genesis 27:30–46; Hebreërs 11:20*

SOAP:
*Hebreërs 11:20*

*Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# DONDERDAG

*Dagstukkies vir Week 6*

**SOAP**

*Hebreërs: 11:20*

*Omdat Isak geglo het, het hy Jakob en Esau geseën met die oog op die toekoms.*

**OORDENKING**

Die vertelling van Jakob se misleiding van Isak is 'n moeilike verhaal om te lees te midde van die beskrywings van sterk geloof. Elke lid van die gesin het 'n rol gespeel in die konflik wat uiteindelik skeiding, twis en woede tot gevolg gehad het. Jakob sou weggaan om sy lewe te red van Esau se dreigemente en hy sou nooit weer sy moeder sien nie.

Selfs in hierdie teleurstellende beskrywing sien ons nog steeds God se belofte. Weer eens faal God nie sy volk nie, al het hulle Hom gefaal. Weer eens is God die held wat diegene wat Hy uitgekies het, help en red.

God het belowe dat Jakob die seën sou beërwe. Isak het steeds geloof in God se belofte gehad, selfs na die bedrog. Isak het Jakob geseën en geglo dat hy Esau was. Isak het geglo dat God sy belofte aan sy nageslag sou nakom. Isak het weer geloof getoon toe hy Esau geseën het, alhoewel Esau se seën die seën vir Jakob verstewig het. Soos ons nog sal sien het Isak Jakob weer wetend geseën en hom gestuur om 'n vrou te vind en voort te gaan om die belofte van God aan Abraham uit te voer.

Alhoewel ons sal misluk, kan God ons steeds gebruik. Hy kan ons verlede, hoe gebroke ookal, gebruik om ander na Hom toe te bring. Hy kan ons konflikte gebruik om 'n seën te wees en om vrede in verbrokkelde verhoudings te bring. Hy kan enige mislukking verlos en herstel, maak nie saak hoe ernstig dit ookal lyk nie. Hy herstel. Hy gebruik gebroke mense om lig na die duisternis te bring. Die mislukkings van selfs die helde van geloof is opgeteken sodat ons die ware karakter van God kan sien. Hy verlos, herstel en herbou selfs die mees gebroke harte, verhoudings, gemeensksappe en nasies. Ons kan op Hom vertrou. Ons kan geloof hê, selfs wanneer ons misluk.

**GEBED**

Vader God, ek glo U is die God wat herstel. U verlos selfs die mees gebroke omstandighede. Here, ek berou oor my sonde en dat ek U nie vertrou nie. Help my en lei my in u waarheid en herstel my wanneer ek val. Amen.

# VRYDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 6*

*Genesis 28:1-9*

Toe roep Isak vir Jakob en neem van hom afskeid en sê vir hom: "Jy mag nie met
'n Kanaänitiese meisie trou nie. 2 Gaan na Paddan-Aram toe, na die huis van jou
ma se pa Betuel toe, en trou daar met 'n dogter van jou oom Laban. 3 God die
Almagtige sal jou seën: Hy sal jou vrugbaar maak en jou 'n groot nageslag gee. Jy
sal 'n baie groot volk word. 4 Hy sal jou die seën laat toekom wat Hy aan Abraham
gegee het: jy en jou nageslag sal die land waarin jy woon, as besitting ontvang,
die land wat God aan Abraham gegee het." 5 So het Isak toe vir Jakob weggestuur,
en hy is na Paddan-Aram toe, tot by die Arameër Betuel se seun Laban, broer van
Rebekka die ma van Jakob en Esau.

6 Esau het te wete gekom dat Isak afskeid geneem het van Jakob en dat Isak hom
na Paddan-Aram toe gestuur het om daar te gaan trou, want toe Isak vir Jakob
gegroet het, het hy vir hom gesê: "Jy mag nie met 'n Kanaänitiese meisie trou nie."
7 Toe Esau verneem dat Jakob na sy pa en ma geluister het en na Paddan-Aram toe
is, 8 het Esau geweet dat sy pa Isak nie van die Kanaänitiese meisies gehou het nie.
9 Daarom het Esau na Ismael toe gegaan, en by die vrouens wat hy gehad het, nog
'n vrou gevat: Magalat dogter van Ismael, Abraham se seun. Sy was die suster van
Nebajot.

# VRYDAG

LEES:
*Genesis 28:1–9*

SOAP:
*Genesis 28:3–4*

*Scripture*

SKRYF DIE BYBELVERSE VIR VANDAG NEER.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2 OPMERKINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# VRYDAG

*Dagstukkies vir Week 6*

**SOAP**

*Genesis 28:3–4*

*God die Almagtige sal jou seën: hy sal jou vrugbaar maak en jou 'n groot nageslag gee. Jy sal 'n baie groot volk word. Hy sal jou die seën laat toekom wat Hy aan Abraham gegee het: jy en jou nageslag sal die land waarin jy woon, as besitting ontvang, die land wat God aan Abraham gegee het.*

**OORDENKING**

Soos ons studie van die lewens van Abraham en Isak tot 'n einde kom, laat dit ons met hoop. Namate Isak se verhaal oorgaan na Jakob s'n, sien ons steeds die tema van God se verbondsbelofte wat vervul word. Toe Isak Jakob na Paddan Aram stuur om 'n vrou te vind, herinner hy hom aan die beloftes wat God aan Abraham gemaak het. Jakob sou die een wees wat hierdie beloftes sou beërwe. God sou Jakob 'n groot nasie maak, die land aan hom gee en toelaat dat sy nageslag tot seën vir die nasies wees. God se belofte is nie deur 'n paar swak besluite gedwarsboom nie. Sy verbondsbelofte aan die familie van Abraham sou voortduur.

Soos ons hierdie vertellings bestudeer het, het ons groot voorbeelde van geloof gesien. Abraham was bereid om sy seun te offer in gehoorsaamheid aan God se opdragte, wetende dat Isak die erfgenaam van die belofte was. Hy het geglo dat God steeds sy belofte sou vervul, ongeag wat God hom gevra het om te doen. Sara het selfs in haar onvrugbaarheid die vervulling gesien van God se belofte om haar 'n seun te gee. Isak het vir sy vrou in haar onvrugbaarheid gebid en geglo dat God nie sy belofte aan Abraham sou verbreek nie. Rebekka het sonder om te weet waarheen sy oppad was, haar huis verlaat in die geloof dat God groter planne vir haar lewe gehad het.

Alhoewel daar altyd bedreigings vir die belofte was, was God en is God steeds die held van die verhaal. Hy was getrou aan Abraham en getrou aan Isak. Hy sou voortgaan om aan Jakob en sy nageslag getrou te bly en sy verbond met Abraham vervul.

God wou nooit volmaaktheid van Sy volk hê nie. Hy wou hê dat Abraham en Isak in geloof vorentoe moes loop. Hy wil dieselfde vir ons hê. Nie ons volmaaktheid nie, maar ons geloof. As ons ons geloof in Jesus Christus stel, word ons regverdig voor God gereken. Ons ontvang redding met een daad van geloof. Elke dag as ons ons geloof in God stel en glo dat Hy in beheer is van ons omstandighede, vind ons vrede in sy teenwoordigheid.

**GEBED**

Here God, ek smag om elke dag in geloof saam met U te wandel. Ek glo U sal in my behoeftes voorsien. Ek glo U is altyd by my, ongeag my omstandighede. Ek glo U hou u beloftes. Dankie dat U my nooit verlaat nie en dat U nooit volmaaktheid verwag nie, net geloof. Amen.

# OORDENKINGSVRAE

1. Lys ‘n paar ooreenkomste tussen Abraham en Isak se lewens. Hoe het hulle albei geloof getoon? Wanneer het hulle in vrees pleks van in geloof opgetree?

2. In jou verhoudings, tree jy op uit geloof of uit vrees? Streef jy na vrede, met die geloof dat God jou verdediger sal wees as konflik ontstaan? Hoekom of hoekom nie?

3. Is God geregverdig in al sy handelinge? Moet Hy genadig wees met almal? Waarom of waarom nie?

4. Hoe het God jou in jou lewe van sonde verlos, herstel of herbou? Glo jy dat Hy in staat is om jou te verlos, te herstel en weer te herbou as jy in die toekoms sou misluk? Hoe kan jy geloof beoefen in sy vermoë om jou vandag te herstel?

5. Hoe vra God jou om vandag in geloof op te tree? Wat vra Hy jou om Hom mee te vertrou? Is jy bereid om dit aan Hom oor te gee?

# NOTAS

# NOTAS

# KEN HIERDIE WAARHEDE

### *God het jou lief.*

Selfs wanneer jy onwaardig voel en voel of die wêreld teen jou is, God het jou lief - ja, vir jou - en Hy het jou vir ‘n groot doel geskape.

God se Woord sê, “God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê” (Johannes 3:16).

### *Ons sonde skei ons van God.*

Ons is almal van nature en deur keuses sondaars, en as gevolg van dit is ons geskei van God, wat heilig is.

God se Woord sê, “Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie” (Romeine 3:23).

### *Jesus het gesterf sodat jy die lewe kan hê.*

Die gevolg van sonde is die dood, maar jou verhaal hoef nie daar te eindig nie! God se gratis geskenk van verlossing is aan ons beskikbaar, want Jesus het die straf vir ons sonde gedra toe Hy aan die kruis gesterf het.

God se Woord sê, “Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus” (Romeine 6:23); “Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was” (Romeine 5:8).

### *Jesus leef!*

Die dood kon Hom nie vashou nie, en drie dae nadat Sy liggaam in die graf geplaas is, het Hy opgestaan, en sonde en die dood vir ewig oorwin! Hy leef vandag in die hemel en is besig om ‘n plek in die ewigheid voor te berei vir almal wat in Hom glo.

God se Woord sê, “In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. En as ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is” (Johannes 14:2-3).

### *Ja, jy kan WEET dat jy vergewe is.*

*Aanvaar Jesus as die enigste weg na verlossing…*

Om Jesus as jou Verlosser te aanvaar gaan nie oor wat jy kan doen nie, maar eerder om geloof te hê in wat Jesus alreeds gedoen het. Dit verg dat jy herken dat jy ‘n sondaar is, dat jy glo dat Jesus vir jou sondes gesterf het, en dat jy vergifnis vra, deur jou volle vertroue te plaas in Jesus se werk aan die kruis om jou onthalwe.

God se Woord sê, "As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en word ons vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered" (Romeine 10:9-10).

### *Hoe lyk dit prakties?*

Met 'n opregte hart kan jy 'n eenvoudige gebed soos hierdie bid:

> *God,*
> *Ek weet dat ek 'n sondaar is.*
> *Ek wil nie nog 'n dag leef sonder om die liefde en*
> *vergifnis wat U vir my het met ope arms aan te neem nie.*
> *Ek vra vir U vergifnis.*
> *Ek glo dat U vir my sondes gesterf*
> *het en uit die dood opgestaan het.*
> *Ek gee alles wat ek is oor, en vra*
> *U om die Here van my lewe te wees.*
> *Help my om weg te draai van my sonde en U te volg.*
> *Leer my om te weet wat dit beteken om in vryheid te wandel*
> *soos ek onder U genade leef, en help my om te groei in U weë,*
> *soos ek daarna streef om U beter te ken.*
> *Amen.*

As jy nou net hierdie gebed gebid het (of iets soortgelyks in jou eie woorde), sal jy ons e-mail by info@lovegodgreatly.com?

Ons sal jou graag wil help om te begin met hierdie opwindende reis as 'n kind van God!

# WELKOM VRIENDIN

*Love God Greatly* bestaan om vrouens reg oor die wêreld te inspireer, aan te moedig en toe te rus om God se Woord ‘n prioriteit in hulle lewens te maak.

### *INSPIRERING*
van vrouens om God se Woord ‘n prioriteit te maak in hulle daaglikse lewens deur ons Bybelstudie hulpbronne.

### *AANMOEDIGING*
van vrouens in hulle daaglikse wandel met God deur ‘n aanlyn gemeenskap en persoonlike aanspreeklikheid.

### *TOERUSTING*
van vrouens om in hulle geloof te groei, sodat hulle effektief ander mense vir Christus kan bereik.

*Love God Greatly* bestaan uit ‘n pragtige gemeenskap van vrouens wat ‘n verskeidenheid van tegnologie gebruik om mekaar verantwoordbaar te hou in God se Woord.

Ons begin met ‘n eenvoudige Bybelleesplan, maar dit eindig nie daar nie.

Sommige vrouens kom bymekaar in hulle huise en plaaslike kerke, terwyl ander aanlyn met vrouens reg oor die wêreld inskakel. Watter metode ookal gebruik word, ons vou liefdevol ons arms om mekaar en verenig vir hierdie doel…om God heelhartig met ons lewens lief te hê.

By *Love God Greatly* sal jy ware, lewensegte vrouens vind. Vrouens wat onvolmaak, maar tog vergewe is. Vrouens wat minder van hulleself, en baie meer van Jesus begeer. Vrouens wat verlang om God deur Sy Woord te ken, want ons weet dat Waarheid ons hervorm en vrymaak. Vrouens wat beter is wanneer hulle saam is, versadig in God se Woord en in ‘n gemeenskap met mekaar.

*Love God Greatly* is ‘n 501 (C) (3) nie-winsgewende organisasie. Bevondsing vir *Love God Greatly* kom van donasies en opbrengste van ons aanlyn Bybelstudie joernale en boeke. LGG is toegewyd om kwaliteit Bybelstudie materiaal te voorsien en glo dat finansies nooit in die pad moet staan van ‘n vrou om te kan deelneem in een van ons studies nie. Alle LGG joernale en vertaalde joernale is beskikbaar om gratis afgelaai te word van LoveGodGreatly.com vir diegene wat nie kan bekostig om dit te koop nie. Ons joernale en boeke is ook te koop op Amazon. Soek vir “Love God Greatly” sodat jy al ons Bybelstudie joernale en boeke kan sien. 100% van die opbrengs gaan direk terug in die ondersteuning van *Love God Greatly* en help ons om vrouens reg oor die wêreld te inspireer, aan te moedig en toe te rus met God se Woord.

DANKIE dat jy ‘n deelgenoot met ons is!

## VIR JOU

### *Wat ons bied*

Meer as 30 Vertalings
Bybel Leesplanne
Aanlyn Bybelstudie
Love God Greatly Toep
Meer as 200 Lande Bedien
Bybelstudie Joernale
Gemeenskapsgroepe
Love God Greatly Bybel
Love God Greatly Joernaal

### *Elke studie sluit in*

Drie Blogs per Week
Daaglikse Dagstukkies
Memoriseerverse
Weeklikse Uitdagings
Weeklikse Oordenkingsvrae
Leesplan Tussen Studies

### *Ander Studies*

| | |
|---|---|
| Ewige Verbond | Jakobus |
| Jesus, Ons Alles | Sy Naam Is... |
| Ken die Liefde | Filippense |
| In Sy Krag: Gister en Vandag | 1 & 2 Timoteus |
| Vrees en Angs | Toegewy |
| Opgestaan | Rut |
| Nader tot God | Gebroke en Verlos |
| Saligsprekinge | Wandel in Wysheid |
| Ester | God Met Ons |
| Woorde Maak Saak | Jy is Vergewe |
| Wandel in Oorwinning | Dawid |
| Laat Reg Geskied, Bewys Liefde En Trou, | Prediker |
| Lewe Bedagsaam Voor Jou God | Groei deur Gebed |
| Getroue Liefde | Name van God |
| Wees Dapper | Galasiërs |
| Verlosser | Psalm 119 |
| Beloftes van God | 1 & 2 Petrus |
| Liefde Sonder Vooroordeel | Gemaak vir Verhoudings |
| Waarheid Oorwin | Die Pad na Kersfees |
| 1 & 2 Tessalonisense | Die Bron van Dankbaarheid |
| Vrees en Angs | Jy is Geliefd |